

DIE EVANGELIE VOLGENS

LUKAS

Inleiding

Lukas het waarskynlik die *Markusevangelie* as een van sy bronne gebruik. *Die Evangelie volgens Lukas* is dus ná *Markus* geskryf, iewers tussen 70 en 80 nC. Daar word vermoed dat dit êrens in Klein-Asië, miskien in Efese, ontstaan het.

Reeds van vroeg af het die skrywer van hierdie Evangelie as Lukas bekend gestaan. Lukas is die enigste evangelis wat sy Evangelie met 'n tweede vertelling oor Jesus, naamlik *Handelinge*, opvolg. Soos blyk uit sy voorwoord, algemeen bekend as die “Proloog” (1:1-4), was hy nie self 'n ooggetuie van die Jesusgebeure nie, maar het hy sy Evangelie geskryf nadat hy deeglik navorsing gedoen het. Hy was klaarblyklik 'n goed opgevoede man en skryf goeie Grieks. Ons kan aanneem dat hy van Griekse afkoms was — heel waarskynlik die enigste nie-Jood onder die evangeliste. Tog beskik hy oor genoeg kennis van die Joodse kultuur en hulle godsdienstige gebruike en verwagtings om die optrede van Jesus oortuigend te kan beskryf. Of hy wel Lukas, die mediese dokter, was waarna Kolossense 4:14 (vgl Filem vs 24; 2 Tim 4:11) verwys, is onduidelik.

Teofilus, aan wie hierdie Evangelie gerig word, was waarskynlik 'n sosiaal hoog aangeskrewe persoon wat reeds goed ingelig was aangaande die Christelike boodskap (1:4). Lukas wil hom oortuig wie Jesus eintlik is, en hy hoop dat Teofilus sy Evangelie sal kan help versprei. Op hierdie manier wil Lukas die Christelike boodskap ook vir lesers uit die

nie-Joodse wêreld toeganklik maak.

Lukas skryf 'n waardige, dikwels verhewe Grieks, soos dit veral uit sy lofliedere (bv Luk 1:46-55; 68-79) blyk. Hy beklemtoon in sy Evangelie dat God 'n heilsplan het wat die hele mensdom insluit en dat Jesus Christus die middelpunt en die vervulling daarvan uitmaak. Lukas wil deur sy vertelling sy lesers oorreed om in hierdie Jesus te glo en hulle so met God se heilsplan te vereenselwig. Hy veranker hierdie heilsplan van God doelbewus in die wêreldgeskiedenis. Daarom verwys hy pertinent na die Romeinse en die plaaslike regeerders van sy tyd. In hierdie Evangelie is die Heilige Gees, gebed en blydschap ooglopende temas. Verder gee Lukas besondere aandag aan die verontregtes en veragtes van die destydse samelewing: vroue en kinders, armes, tollenaars, Samaritane. Hy beklemtoon God se genade teenoor berouvolle sondaars, onder andere deurdat Jesus saam met hulle eet. Daarom bevat sy Evangelie belangrike materiaal wat by die ander evangeliste ontbreek, soos die gelykenis van die verlore seun, die gebed van die tollenaar, en Jesus se belofte aan een van die misdadigers wat saam met Hom gekruisig is.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-4 Die proloog

1:5 — 2:52 Die geboorte van Johannes; geboorte en kinderjare van Jesus

3:1 — 4:13 Die voorbereiding vir Jesus se taak

4:14 — 9:50 Jesus se werk in Galilea

9:51 — 19:28 Jesus op reis na Jerusalem

19:29 — 21:38 Gebeure by die tempel

22:1 — 23:56 Die laaste dae in Jerusalem; Jesus se verhoor en

lyding

24:1-53 Jesus se opstanding en hemelvaart

1

Proloog^a

¹ Baie mense het reeds hulle hand daaraan gewaag om 'n verhaal saam te stel oor dit wat onder ons tot vervulling gekom het, ² soos die mense wat van die begin af ooggetuies* en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het. ³ Daarom, geagte Teofilus,* het ook ek dit goedgevind om self alles stap vir stap van voor af noukeurig te ondersoek en dit in volgorde vir u neer te skryf, ⁴ sodat u vir seker kan weet dat die onderrig wat u oor hierdie gebeure ontvang het, betroubaar is.

Geboorte van Johannes aangekondig

⁵ In die tyd toe Herodes^b koning van Judea was, was daar 'n priester uit die diensgroep van Abia* met die naam Sagaria. Sy vrou was uit Aäron se nageslag, en haar naam was Elisabet. ⁶ Hulle was albei •regverdig in die oë van God en het onberispelik volgens al die gebooie en voorskrifte van die Here geleef. ⁷ Hulle was kinderloos, omdat Elisabet onvrugbaar was en albei van hulle al op ver gevorderde leeftyd was. ⁸ Toe Sagaria op 'n keer tydens sy diensgroep se beurt voor God tempeldiens gedoen het, ⁹ is hy volgens priesterlike gebruik deur die lot aangewys om die heiligdom

^a**Die proloog:** In sy proloog of voorwoord (1:1-4) gebruik Lukas die stylvorm en die woordeskat wat destyds onder goeie Griekse geskiedskrywers gebruiklik was. In vs 5 slaan hy oor na 'n meer “Hebreeuse” Grieks.

***1:2 die mense ... ooggetuies:** Joh 15:17

***1:3 Theofilus:** Hand 1:1

^b**1:5 Herodes:** Daar was meer as een •Herodes. Hier is dit Herodes die Grote. Hy was koning van Palestina vanaf 37 vC tot 4 vC.

***1:5 diensgroep van Abia:** 1 Kron 24:10

van die Here^c binne te gaan en die wierookoffer te bring.^d ¹⁰ En die hele menigte van die volk was besig om op die uur van die wierookoffer^e buite te bid. ¹¹ 'n Engel van die Here het toe aan hom verskyn en aan die regterkant van die wierookaltaar gestaan. ¹² Sagaria was ontsteld toe hy hom sien, en vrees het hom oorval, ¹³ maar die engel het vir hom gesê:

“Moenie bang wees nie, Sagaria,

want jou gebed is verhoor.

Jou vrou, Elisabet, sal vir jou 'n seun in die lewe bring,

en jy moet hom Johannes noem.

¹⁴ Hy sal vir jou 'n bron van vreugde en blydschap wees, en baie mense sal bly wees oor sy geboorte.

¹⁵ Inderdaad, hy sal groot wees in die oë van die Here.

Hy sal glad nie wyn of ander gegiste drank drink nie*,

en hy sal reeds van voor sy geboorte af

met die Heilige Gees vervul wees.

¹⁶ Hy sal baie van die kinders van Israel

na die Here hulle God laat terugkeer.

¹⁷ Hy sal met die gees en krag van Elia

voor die Here uitgaan*

om die harte van vaders na hulle kinders

terug te bring*,

^c**1:9 heiligdom ... Here:** Die heilige deel van die •tempel waar die wierookaltaar gestaan het.

^d**1:9 binne ... bring:** Omdat daar destyds so baie priesters was, was hierdie voorreg iemand net een keer in sy lewe beskore; vgl Eks 30:7.

^e**1:10 uur ... wierookoffer:** Hierdie offer is om 09:00 en weer om 15:00 gebring.

***1:15 wyn ... drink nie:** Num 6:3; Rig 13:4; 1 Sam 1:11 •Septuagint

***1:17 Hy ... uitgaan:** Matt 17:11-13

***1:17 om ... te bring:** Mal 4:5-6; Sir 48:10

en ongehoorsames na die denkwyse van •regverdiges,
en só 'n goed voorbereide volk
vir die Here gereed te maak.*”

¹⁸ Sagaria sê toe vir die engel: “Hoe sal ek dit weet? Want ek is al oud, en my vrou is al op ver gevorderde leeftyd.*” ¹⁹ Daarop antwoord die engel hom: “Ek is Gabriël*, wat in die teenwoordigheid van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie boodskap vir jou te bring.*” ²⁰ Ek sê vir jou: Omdat jy my woorde, wat op hulle vasgestelde tyd in vervulling sal gaan, nie geglo het nie, sal jy stom wees.* Jy sal nie kan praat nie tot op die dag waarop hierdie dinge gebeur.”

²¹ Die volk het ondertussen vir Sagaria gestaan en wag, en was verbaas dat hy so lank in die heiligdom talm. ²² Maar toe hy uitkom, kon hy nie met hulle praat nie. Hulle besef toe dat hy 'n visioen in die heiligdom gesien het. Hy het aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly. ²³ Toe sy tempeldiens verby was, het hy huis toe gegaan.

²⁴ Hierna het sy vrou Elisabet swanger geraak. Sy het haar vyf maande lank afgesonder en gesê: ²⁵ “Dit is wat die Here in hierdie dae vir my gedoen het: Hy het na my omgesien deur die minagting van die mense van my weg te neem.”*

Geboorte van Jesus aangekondig

²⁶ In die sesde maand^f is die engel Gabriël deur God gestuur na Nasaret,

* **1:17** en só ... maak: Mal 3:1

* **1:18** Want ... leeftyd: Gen 18:11

* **1:19** Ek is Gabriël: Dan 8:16; 9:21

* **1:19** Ek is gestuur ... bring: Heb 1:14

* **1:20** Omdat ... wees: Luk 1:45

* **1:25** minagting ... neem: Gen 30:23

^f**1:26** In ... maand: Dws van Elisabet se swangerskap.

'n dorp^g in Galilea, ²⁷ * na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam Josef, uit die nageslag van Dawid. Die maagd se naam was Maria. ²⁸ Die engel het na haar gegaan en gesê: “Gegroet, begenadigde vrou! Die Here is met jou!”

²⁹ Sy was verward oor die woorde en het gewonder wat hierdie groet tog kon beteken. ³⁰ Die engel het vir haar gesê:

“Moenie bang wees nie, Maria,
want jy het genade by God gevind.

³¹ Kyk, jy sal swanger word
en aan 'n seun geboorte skenk.
Jy moet Hom Jesus noem.^h

³² Hy sal magtig wees
en die Seun van die Allerhoogste genoem word.
En die Here God sal aan Hom die troon van sy voorvader Dawid gee.
³³ ⁱHy sal vir ewig oor die nageslag van Jakob regeer.
Aan sy heerskappy sal daar geen einde kom nie.^j”

³⁴ Maar Maria het vir die engel gesê: “Hoe kan so iets moontlik wees, aangesien ek nie gemeenskap met 'n man het nie?” ³⁵ Die engel het haar geantwoord: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die

^g**1:26 dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

* **1:27** Luk 2:5; Matt 1:16,18

^h**1:31 jy sal ... noem:** Verwys na Jes 7:14 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Gen 16:11; Rig 13:3; Matt 1:21-23.

ⁱ**1:33** Verwys na Miga 4:7; Dan 7:14 as heenwysings na Jesus Christus.

^j**1:32-33 En die Here ... kom nie:** Verwys na Jes 9:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl 2 Sam 7:12-13,16.

Allerhoogste sal jou oorskadu.* Daarom sal die Kind wat gebore word, heilig wees; Hy sal •Seun van God genoem word.³⁶ Kyk, Elisabet, 'n familielid van jou, is ook swanger, en sy verwag 'n seun ten spyte van haar hoë ouderdom. Alhoewel sy vroeër as onvrugbaar beskou is, is sy reeds ses maande swanger,³⁷* want niks is vir God onmoontlik nie.”³⁸ Toe sê Maria: “Kyk, ek is die diensmeisie van die Here. Mag met my gebeur soos u gesê het.” En die engel het van haar af weggegaan.

Maria se besoek aan Elisabet

³⁹ In daardie tyd het Maria gereedgemaak en haastig na die bergstreek vertrek, na 'n dorp^k in Juda.⁴⁰ Sy het Sagaria se huis binnegegaan en Elisabet gegroet.⁴¹ Toe Elisabet Maria se begroeting hoor, het die kindjie in haar moederskoot van vreugde gespring,* sy is met die Heilige Gees vervul*⁴² en het hardop uitgeroep:

“Geseënd is jy onder die vroue.*

Geseënd is die vrug van jou moederskoot.*

⁴³ Wie is ek, dat die moeder van my Here na my toe kom?

⁴⁴ Kyk, net toe ek jou groet hoor,

het die kindjie in my moederskoot van uitbundige blydschap
opgespring.

⁴⁵ En gelukkig is sy wat geglo het

dat die Here se beloftes aan haar vervul sal word.”*

* **1:35** *Die Heilige ... oorskadu:* Matt 1:20

* **1:37** Gen 18:14

^k**1:39** *dorp:* Vgl die voetnoot in 1:26.

* **1:41** *het ... gespring:* Gen 25:22 •Septuagint

* **1:41** *het ... vervul:* Luk 1:15

* **1:42** *Geseënd is jy ... vroue:* Rig 5:24

* **1:42** *Geseënd is die ... moederskoot:* Deut 28:4

* **1:45** *gelukkig ... word:* Luk 1:20

Loflied van Maria

⁴⁶ Maria het toe gesê:

“My siel¹ loof die Here,

⁴⁷ my gees jubel oor God my Verlosser,

⁴⁸ want Hy het die nederigheid van sy diensmeisie raakgesien.*

Kyk, van nou af sal alle geslagte my gelukkig noem,

⁴⁹ want die Almagtige het groot dinge vir my gedoen —

ja, heilig is sy Naam.*

⁵⁰ *Hy bewys ontferming van geslag tot geslag
aan hulle wat vir Hom ontsag het.

⁵¹ *Kragtige dae verrig Hy met sy arm.

Die denke van hoogmoediges verwar Hy,*

⁵² magtiges ruk Hy van hulle trone af,*

en geringes verhoog Hy.*

⁵³ *Hongeriges versadig Hy met goeie gawes,*

en rykes stuur Hy met leë hande weg.

⁵⁴ *Sy dienskneg Israel het Hy bygestaan,*

¹**1:46** *siel*: Die mens se bewuste, innerlike self, dikwels ook “hart” genoem.

***1:48** *Hy ... raakgesien*: 1 Sam 1:11

***1:49** *heilig ... Naam*: Ps 111:9

***1:50** Ps 103:13,17

***1:51** Ps 89:11

***1:51** *Die denke ... verwar Hy*: 2 Sam 22:28

***1:52** *magtiges ... trone af*: Job 12:19

***1:52** *geringes verhoog Hy*: Job 5:11

***1:53** 1 Sam 2:5

***1:53** *Hongeriges ... gawes*: Ps 107:9

***1:54** Ps 98:3

***1:54** *Sy ... bygestaan*: Jes 41:8

deur sy ontferming in gedagte te hou,
⁵⁵ *soos Hy dit aan ons voorvaders beloof het,
aan Abraham en sy nageslag, vir ewig.”*

⁵⁶ Maria het ongeveer drie maande by Elisabet gebly en daarna teruggegaan huis toe.

Geboorte van Johannes die Doper

⁵⁷ Toe die tyd aanbreek dat Elisabet geboorte moes gee, het sy 'n seun in die wêreld gebring. ⁵⁸ Haar bure en familie het gehoor dat die Here Hom uitsonderlik oor haar ontferm het, en hulle was saam met haar bly.

⁵⁹ *Op die agtste dag^m het mense gekom om die kindjie te besny.* Hulle wou hom vernoem na sy pa Sagaria. ⁶⁰ Maar sy ma het gesê: “Nee, hy moet Johannes genoem word.”* ⁶¹ Hulle sê toe vir haar: “Maar daar is niemand in jou familie met dié naam nie.” ⁶² Hulle het ook met behulp van gebare aan sy pa gevra wat hy wou hê die kindjie genoem moet word. ⁶³ Hy het 'n skryfbordjie gevra en geskryf: “Johannes, dit is sy naam.” En almal was verbaas. ⁶⁴ Skielik kon Sagaria sy mond en sy tong weer onbelemmerd gebruik, en hy het God begin prys.

⁶⁵ Almal wat in die omgewing woon, is met ontsag vervul, en in die hele bergstreek van Judea het die mense oor al hierdie gebeure gepraat.

⁶⁶ Almal wat hiervan gehoor het, het in hulle harte daarvoor bly nadink en gewonder: “Waarvoor is hierdie kindjie bestem?” Die hand van die Here was werklik met hom.

*1:55 Miga 7:20; Gen 17:7; 22:17

*1:46-55 *My siel ... vir ewig*: 1 Sam 2:1-10

*1:59 Luk 2:21

^m1:59 *agtste dag*: Dws vanaf Johannes se geboorte.

*1:59 *Op ... besny*: Gen 17:12; Lev 12:3

*1:59-60 *Hulle wou ... genoem word*: Luk 1:13

Loflied van Sagaria

⁶⁷ Sagaria, sy pa, is hierna met die Heilige Gees vervul en het geprofeteer en gesê:

⁶⁸ “Lofwaardig is die Here, die God van Israel, *
want Hy het omgesien na sy volk*
en hulle bevryding bewerkstellig.

⁶⁹ 'n Kragtige verlossingⁿ het Hy vir ons bewerk
uit die nageslag van Dawid, sy dienskneg,

⁷⁰ soos Hy reeds lank gelede
by monde van sy heilige profete beloof het —

⁷¹ *verlossing van ons vyande
en uit die hand van almal wat ons haat.

⁷² *Dit het Hy gedoen om ontferming
aan ons voorvaders te bewys

en sy heilige verbond in gedagte te hou,

⁷³ *die eed wat Hy teenoor ons vader Abraham gesweer het*,
sodat ons, ⁷⁴ gered uit die hand van ons vyande,

Hom sonder vrees sou dien,

⁷⁵ *en al ons dae voor Hom

in heiligheid en •geregtigheid kan leef.

* **1:68** *Lofwaardig ... Israel:* Ps 41:13; 72:18; 106:48

* **1:68** *Hy ... volk:* Ps 111:9; Luk 7:16

ⁿ**1:69** *'n Kragtige verlossing:* Letterlik ‘n horing van verlossing’. 'n Dier se horings is beskou as 'n simbool van krag; vgl Ps 18:2.

* **1:71** Ps 106:10

* **1:72** Ps 106:45-46

* **1:73-74** Gen 22:16-17

* **1:72-73** *sy heilige verbond ... gesweer het:* Ps 105:8-9; Gen 17:7; Lev 26:42

* **1:75** Tit 2:12

⁷⁶ En jy, kindjie, profeet van die Allerhoogste
sal jy genoem word,
want jy sal voor die Here uitloop
om sy paaie gereed te maak^o,
⁷⁷ en om sy volk in te lig dat hulle verlos kan word
deur die vergewing van hulle sondes,
⁷⁸ danksy ons God se innige ontferming,
waardeur die môreson uit die hoogte oor ons sal opkom,^p
⁷⁹ om te skyn oor diegene wat hulle in die duisternis
en in die skadu van die dood bevind,^q
en om ons voete op die pad van vrede te plaas.”

⁸⁰ Die kindjie het gegroei en sterk geword deur die Gees.^{r*} Hy het in die woestynggebiede^s gewoon totdat hy in die openbaar voor Israel begin optree het.*

2

Geboorte van Jesus

(Matt 1:18-25)

¹ In daardie tyd het keiser Augustus 'n dekreet uitgevaardig dat die

^o**1:76 jy sal voor ... maak:** Verwys na Jes 40:3; Mal 3:1 as heenwysings na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Matt 3:3.

^p**1:78 die môreson ... opkom:** Verwys na Mal 4:2 as heenwysing na Jesus Christus.

^q**1:78-79 die môreson ... bevind:** Verwys na Jes 9:2; 58:8; 60:1-2 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Matt 4:16.

^r**1:80 deur die Gees:** Die •bronteks kan ook vertaal word “in die gees”.

^{*}**1:80 Die kindjie ... Gees:** Luk 2:40

^s**1:80 woestynggebiede:** Verwys na onbewoonde, onherbergsame gebiede.

^{*}**1:80 Hy het ... optree het:** Matt 3:1

bevolking van die hele ryk geregistreer moet word.² Dit was die eerste volkstelling wat gehou is toe Sirenius prokurator^t van Sirië was.³ Almal het gegaan om hulle te laat registreer, elkeen na sy eie dorp.^u⁴ Josef het ook gegaan. Hy het van die dorp Nasaret in Galilea na Judea gegaan, na die stad van Dawid, wat Betlehem genoem word, omdat hy van die huis en nageslag van Dawid afkomstig was.⁵ Hy het saam met sy verloofde, Maria,^{*} wat swanger was, gegaan om hom te laat registreer.⁶ Terwyl hulle daar was, het die tyd aangebreek dat haar kind gebore moes word⁷ en sy het geboorte geskenk aan haar eerste kind, 'n seun.^{*} Sy het Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar nie vir hulle plek in die herberg was nie.

Goeie boodskap aan die skaapwagters

⁸ Daar was skaapwagters in dieselfde omgewing wat in die oop veld gebly en snags hulle skaaptroppe opgepas het.⁹ 'n Engel van die Here het aan hulle verskyn, en die hemelse glans van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het geweldig groot geskrik.¹⁰ Toe sê die engel vir hulle: “Moenie bang wees nie. Kyk, ek bring vir julle 'n goeie boodskap wat vir die hele volk 'n bron van groot vreugde sal wees:¹¹ Vandag is daar vir julle in die Stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus^v die Here.¹² Dit sal vir julle die teken wees: Julle sal 'n pasgebore kind vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.”¹³ Skielik was daar saam met die engel 'n

^t**2:2 prokurator:** Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

^u**2:3 dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^{*}**2:5 sy ... Maria:** Luk 1:27

^{*}**2:7 sy ... seun:** Matt 1:25

^v**2:11 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

hemelse menigte wat God loof:

¹⁴ “Eer aan God in die hoogste,^w
en vrede op aarde*
vir die mense in wie God 'n welbehae het!^x”

¹⁵ Nadat die engele van hulle af na die hemel weggegaan het, sê die skaapwagters vir mekaar: “Kom ons gaan reguit na Betlehem en gaan kyk na wat gebeur het en wat die Here aan ons bekend gemaak het.”

¹⁶ Hulle het toe haastig daarheen vertrek en Maria en Josef en die Kindjie wat in die krip lê, daar aangetref. ¹⁷ Nadat hulle Hom gesien het, het hulle aan almal gaan vertel wat oor hierdie Kindjie* aan hulle gesê is.

¹⁸ Almal wat hiervan gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters aan hulle vertel het, ¹⁹* maar Maria het al hierdie woorde gekoester en in haar hart daarvoor bly nadink. ²⁰ Die skaapwagters het teruggekeer, terwyl hulle God verheerlik en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het — presies soos dit aan hulle meegedeel is.

Besnydenis van Jesus

²¹ Ná verloop van agt dae moes die Kindjie besny word.* En Hy is Jesus genoem,* die naam wat deur die engel gegee is voordat Hy in die moederskoot ontvang is.*

^w**2:14 hoogste:** Alhoewel die woord “hemel” nie in die •bronteks voorkom nie, dui die woord “hoogste” hier op die hoogste hemel.

^{*}**2:14 Eer ... aarde:** Luk 19:38

^x**2:14 vir die ... welbehae het:** Ander mss en vroeë vertalings lui “in mense 'n welbehae”.

^{*}**2:17 oor ... Kindjie:** Luk 2:10-12

^{*}**2:19** Luk 2:51

^{*}**2:21 Ná verloop ... word:** Gen 17:12; Lev 12:3

^{*}**2:21 Ná verloop ... genoem:** Luk 1:59

^{*}**2:21 En Hy ... ontvang is:** Luk 1:31

Wyding van Jesus aan die Here

²² Ná afloop van die reinigingstyd* wat die •wet van Moses voorskryf het hulle Hom na Jerusalem geneem om Hom aan die Here te wy. ²³ Soos daar in die Wet van die Here geskryf staan: “Elke eerstelingseun wat gebore word, moet aan die Here gewy word.”* ²⁴ Hulle het ook, soos die wet van die Here voorskryf, 'n offer gebring: “twee tortelduiwe, of twee jong duiwe”.*

Simeon en Anna by die tempel

²⁵ En kyk, in Jerusalem was daar 'n man met die naam Simeon. Hierdie man was wetsgehoorsaam en toegewyd, en het uitgesien na die herstel van Israel.* Die Heilige Gees was met hom. ²⁶ Hy het deur die Heilige Gees 'n openbaring ontvang dat hy nie die dood sou sien voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. ²⁷ Gelei deur die Gees, het hy na die •tempel gegaan. Toe Jesus se ouers die Kindjie inbring, sodat hulle die gebruikelike voorskrif van die wet oor Hom kon nakom, ²⁸ het Simeon Hom in sy arms geneem en God geloof:

²⁹ “Nou, Here, kan U u dienskneg in vrede laat sterf, soos U gesê het.

³⁰ *My oë het inderdaad u verlossing gesien,

³¹ wat U ten aanskoue van al die volke bewerk het,

³² 'n lig wat vir die nasies^y tot openbaring dien, en eer bring aan u volk Israel.”*

*2:22 Ná ... reinigingstyd: Lev 12:3,6

*2:23 Elke ... gewy word: Eks 13:2,12,15

*2:24 twee tortelduiwe ... duiwe: Lev 5:11; 12:8

*2:25 herstel van Israel: Jes 40:1; 49:13

*2:30-31 Jes 40:5 •Septuagint; 52:10; Luk 3:6; Tit 2:11

^y2:32 'n lig ... nasies: Aanhaling uit Jes 42:6; 49:6 as heenwysing na Jesus Christus.

*2:32 eer ... Israel: Jes 46:13

³³ Sy vader en moeder was verstom oor die dinge wat oor Hom gesê is.

³⁴ Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: “Kyk, hierdie Kindjie is bestem vir die val en die opstaan van baie mense^z in Israel, as 'n teken wat betwis word, ³⁵ sodat die bedoelinge van baie mense aan die lig kan kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel^a gaan.”

³⁶ Daar was ook 'n profetes, Anna,^b 'n dogter van Fanuel, uit die stam van Aser. Sy was al op gevorderde leeftyd. Sy is as jong meisie getroud, het sewe jaar lank saam met haar man geleef, ³⁷ en was nou 'n weduwee van byna vier-en-tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempelsterrein^c af weggebly nie en God dag en nag^d gedien deur te vas en te bid.* ³⁸ Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank, en met almal wat na die bevryding van Jerusalem* uitgesien het, oor die Kindjie gepraat.

³⁹ Toe Josef-hulle alles nagekom het wat die wet van die Here van hulle verwag, het hulle na Galilea teruggegaan, na hulle tuisdorp^e Nasaret.*

⁴⁰ Die Kindjie het gegroei en sterk geword*, en vol wysheid, en die genade van God was met Hom.

^z2:34 *val ... mense*: Verwys na Jes 8:14 as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Kor 1:23; 1 Pet 2:8.

^a2:35 *siel*: Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

^b2:36 *Anna*: Die bronteks lui “Hanna”.

^c2:37 *tempelsterrein*: Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

^d2:37 *dag en nag*: •Nag en dag.

* 2:37 *God ... bid*: 1 Tim 5:5

* 2:38 *bevryding van Jerusalem*: Jes 52:9

^e2:39 *tuisdorp*: Letterlik ‘hulle eie stad’. Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

* 2:39 *na Galilea ... Nasaret*: Matt 2:23

* 2:40 *Die Kindjie ... geword*: Luk 1:80

Jesus by die tempel

⁴¹ Jesus se ouers het elke jaar vir die •Pasga na Jerusalem gegaan. ⁴² Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle oudergewoonte vir die fees daarheen gegaan. ⁴³ Ná afloop van die fees het hulle teruggekeer huis toe, maar Jesus het sonder sy ouers se medewete in Jerusalem agtergebly.

⁴⁴ Omdat hulle gedink het dat Hy elders in die reisgeselskap was, was hulle reeds 'n dag lank op pad^f voordat hulle Hom onder die familie en bekendes begin soek het. ⁴⁵ Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle teruggedraai na Jerusalem om Hom te soek. ⁴⁶ Ná drie dae het hulle Hom op die tempelsterrein^g gekry waar Hy tussen die leermeesters sit en na hulle luister en hulle uitvra. ⁴⁷ Almal wat na Hom geluister het, was verstom oor sy insig en sy antwoorde. ⁴⁸ Toe sy ouers Hom sien, was hulle baie ontsteld. Sy moeder sê toe vir Hom: “Kind, hoe kon jy so iets aan ons doen? Kyk, jou pa en ek het angstig na jou gesoek.” ⁴⁹ Maar Hy antwoord hulle: “Waarom het julle na My gesoek? Het julle nie geweet dat Ek met die dinge van my Vader^h besig moet wees nie?”

⁵⁰ Hulle het egter nie verstaan wat Hy vir hulle gesê het nie.

⁵¹ Toe het Hy saam met sy ouers vertrek en in Nasaret aangekom, en Hy was gehoorsaam aan hulle. Maar sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar.*

⁵² Jesus het steeds wyser en al hoe meer volwasse geword en toegeneem

^f2:44 *dag ... pad*: Die afstand wat in 'n dag te voet afgelê kon word, tussen 32 en 40 km.

^g2:46 *tempelsterrein*: Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

^h2:49 *met ... Vader*: Letterlik ‘in die dinge van my Vader’. Sommige vertalings verstaan hierdie frase in die sin van ‘in die huis van my Vader’; vgl Joh 2:16.

*2:51 *Maar ... bewaar*: Luk 2:19

in guns by God en onder die mense.*

3

Optrede van Johannes die Doper

(Matt 3:1-12; Mark 1:1-8; Joh 1:19-28)

¹ In die vyftiende regeringsjaar van keiser Tiberius was Pontius •Pilatus prokuratorⁱ van Judea. Herodes^j was tetrarg^k van Galilea, en Filippus, sy broer, was tetrarg van Iturea en Tragonitis, en Lisanius was tetrarg van Abilene. ² In die tyd toe Annas^l en Kajafas die hoëpriesters was, het daar 'n woord gekom van God na Johannes, seun van Sagaria, wat in die woestyn^m was.* ³ Hierna het hy in die hele omgewing van die Jordaan rondbeweeg en 'n doop van bekering* met die oog op die vergewing van sondes verkondig, ⁴ soos geskryf staan, in die woorde van die profeet Jesaja:

“n Stem van iemand wat roep in die woestyn,
‘Maak die pad vir die Here gereed,

*2:52 *steeds ... mense*: 1 Sam 2:26; Spr 3:4; Luk 1:80

ⁱ3:1 *prokurator*: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

^j3:1 *Herodes*: Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC tot 39 nC.

^k3:1 *tetrarg*: Die ampstitel van iemand wat oor die kwart van 'n voorheen groter gebied regeer het. In 'n later stadium kon dit egter bloot dui op 'n heerser oor 'n relatief klein gebied; •Romeinse ampsdraers.

^l3:2 *Annas*: Die •bronteks lui “Hannas”.

^m3:2 *woestyn*: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

*3:2 *Johannes ... woestyn was*: Luk 1:80

*3:3 *doop van bekering*: Hand 13:24; 19:4

maak sy paaie vir Hom reguit.

⁵ Elke kloof moet opgevul
en elke berg en heuwel platgemaak word.

Maak die krom paaie reguit,
en die hobbelrige paaie gelyk!

⁶ *Dan sal die ganse mensdom sien
hoe God verlossing bring.’ ”ⁿ

⁷ Vir die skare wat in groot getalle na Johannes gestroom het om deur hom gedoop te word, het hy gesê: “Julle addergeslag, * wie het julle wysgemaak dat julle aan die dreigende oordeel kan ontkom?” ⁸ Dra liewer vrugte wat by die bekering pas. Moenie vir julleself begin sê, ‘Ons het Abraham as voorvader’* nie, want ek sê vir julle, God kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek. ⁹ Die byl lê reeds teen die wortel van die boom. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.”*

¹⁰ Die skare vra hom toe: “Wat moet ons dan doen?”

¹¹ En hy het hulle geantwoord: “Wie twee kledingstukke^o het, moet dit deel met iemand wat niks het nie, en wie kos het, moet dieselfde doen.”

¹² Daar het ook •tollenaars gekom om gedoop te word*, en hulle het

***3:6** Luk 2:30-31; Hand 28:28; Tit 2:11

ⁿ**3:4-6 'n Stem ... bring:** Aanhaling uit Jes 40:3-5 as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Matt 3:3; Mark 1:2-3; Joh 1:23.

***3:7 Julle addergeslag:** Matt 3:7; 12:34; Luk 3:7

***3:7 Julle addergeslag ... ontkom:** Matt 23:33

***3:8 Ons ... voorvader:** Joh 8:39

***3:9 Elke ... gegooi:** Matt 7:19; Joh 15:6

^o**3:11 kledingstukke:** Letterlik ‘onderklede’.

***3:12 Daar ... word:** Luk 7:29

hom gevra: “Meester,^p wat moet ons doen?”

¹³ Hy het hulle geantwoord: “Moenie meer invorder as wat vir julle voorgeskryf is nie.”

¹⁴ Ook soldate het hom gevra: “En ons, wat moet ons doen?” Vir hulle het hy gesê: “Moenie geld van mense afpers nie, en moet hulle nie vals aankla nie, maar wees tevrede met julle lone.”

¹⁵ Omdat die volk allerhande verwagtings gehad het, het almal in hulle harte gewonder of Johannes nie dalk die Christus^q is nie. ¹⁶ Johannes het hulle egter geantwoord: “Ek doop julle wel met water, maar daar kom iemand wat sterker as ek is, en ek is nie eers werd om die riempies van sy sandale los te maak nie.* Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. ¹⁷ Hy het sy hooivurk in sy hand om sy dorsvloer deeglik skoon te maak en om die koring in sy skuur te versamel, maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand.”

¹⁸ Johannes het die volk ook oor baie ander dinge vermaan, en die goeie boodskap aan hulle verkondig.

¹⁹* Hy het die tetrarg Herodes herhaaldelik tereggewys oor Herodias, sy broer se vrou, en oor al die booshede wat Herodes gepleeg het.

²⁰ Afgesien van al hierdie dade het Herodes Johannes ook nog in die tronk laat opsluit.

Doop van Jesus

(Matt 3:13-17; Mark 1:9-11; Joh 1:29-34)

²¹ In die tyd toe die hele volk gedoop is, is ook Jesus gedoop. En terwyl Hy

^p3:12 **Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

^q3:15 **Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

*3:16 *maar ... maak nie:* Hand 13:25

*3:19-20 Matt 14:3-4; Mark 6:17-18

besig was om te bid, het die hemel oopgegaan,²² en die Heilige Gees het in 'n sigbare vorm soos 'n duif op Hom neergedaal.* Daar het ook 'n stem uit die hemel gekom: “Jy is my geliefde •Seun. Oor Jou verheug Ek My.”^r

Geslagsregister van Jesus

(Matt 1:1-17)

²³ Jesus was ongeveer dertig jaar oud toe Hy met sy werk^s begin het.

Hy is beskou as die seun van Josef,*

seun van Eli,

²⁴ seun van Mattat,

seun van Levi,

seun van Melgi,

seun van Jannai,

seun van Josef,

²⁵ seun van Mattatias,

seun van Amos,

seun van Nahum,

seun van Hesli,

seun van Naggai,

²⁶ seun van Mahat,

seun van Mattatias,

seun van Semein,

seun van Josek,

seun van Joda,

***3:22** *die Heilige ... neergedaal:* Joh 1:32

^r**3:22** *Jy is ... Ek My:* Verwys na Jes 42:1; Ps 2:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Gen 22:2; Matt 12:18; 17:5; Mark 9:7; Luk 9:35; 2 Pet 1:17.

^s**3:23** *met sy werk:* Dit ontbreek in die bronteks maar word geïmpliseer.

***3:23** *Hy is ... Josef:* Luk 4:22; Joh 6:42

²⁷ seun van Johanan,
seun van Resa,
seun van Serubbabel,
seun van Sealtiël,*
seun van Neri,
²⁸ seun van Melgi,
seun van Addi,
seun van Kosam,
seun van Elmadam,
seun van Er,
²⁹ seun van Josua,
seun van Eliëser,
seun van Jorim,
seun van Mattat,
seun van Levi,
³⁰ seun van Simeon,
seun van Juda,
seun van Josef,
seun van Jonam,
seun van Eljakim,
³¹ seun van Melea,
seun van Menna,
seun van Mattata,
seun van Natan,*
seun van Dawid,
³² seun van Isai,*

* **3:27** *Serubbabel ... Sealtiël*: 1 Kron 3:17; Esra 3:2

* **3:31** *Natan*: 2 Sam 5:14

* **3:31-32** *Dawid ... Isai*: 1 Sam 16:1,13

seun van Obed,
seun van Boas,
seun van Sala,
seun van Nagson,
³³ seun van Amminadab,
seun van Admin,
seun van Arni,
seun van Gesron,
seun van Peres,
seun van Juda,^{**}
³⁴ seun van Jakob,^{*}
seun van Isak,^{*}
seun van Abraham,
seun van Tera,
seun van Nahor,
³⁵ seun van Serug,
seun van Rehu,
seun van Peleg,
seun van Heber,
seun van Sala,
³⁶ seun van Kenan,
seun van Arpagsad,
seun van Sem,^{*}
seun van Noag,

* **3:33** *Juda*: Gen 29:35

* **3:31-33** *Dawid ... Juda*: Rut 4:17-22; 1 Kron 2:1-14

* **3:34** *Jakob*: Gen 25:26; 1 Kron 1:34

* **3:34** *Isak*: Gen 21:3; 1 Kron 1:28,34

* **3:34-36** *Abraham ... Sem*: Gen 11:10-26; 1 Kron 1:24-27

seun van Lameg,
³⁷ seun van Metusalag,
seun van Henog,
seun van Jered,
seun van Mahalalel,
seun van Kenan,
³⁸ seun van Enos,
seun van Set,
seun van Adam,
seun van God.*

4

Versoeking van Jesus

(Matt 4:1-11; Mark 1:12-13)

¹ Vol van die Heilige Gees, het Jesus van die Jordaan teruggekeer en is deur die Gees in die woestyn^t gelei, ² waar Hy vir veertig dae deur die Duiwel versoek is.* Die hele tyd het Hy niks geëet nie, en aan die einde van die tyd was Hy honger.

³ Die Duiwel het vir Hom gesê: “As u die •Seun van God is, sê vir hierdie klip dit moet brood word.” ⁴ Maar Jesus antwoord hom: “Daar staan geskryf, ‘Van brood alleen sal die mens nie leef nie.’”^{**}

⁵ Hierop het die Duiwel Hom na 'n hoë plek geneem, en in 'n oogwink vir Hom al die koninkryke van die wêreld gewys, ⁶ en die Duiwel sê vir Hom: “Ek sal u al hierdie mag gee en hulle prag, want dit is aan my

* **3:36-38** *Sem ... God*: Gen 4:25 — 5:32; 1 Kron 1:1-4

^t**4:1** *woestyn*: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

* **4:2** *versoek is*: Heb 4:15

* **4:4** *Van ... leef nie*: Deut 8:3

gegee*, en ek gee dit aan wie ek wil. ⁷ As u my aanbid, sal dit alles u s'n wees.” ⁸ Maar Jesus antwoord hom: “Daar staan geskryf, ‘Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.’”

⁹ En die Duiwel het Hom na Jerusalem geneem, en Hom op die hoogste punt van die tempelgeboue^u laat staan. Toe sê hy vir Hom: “As u die Seun van God is, spring hier af! ¹⁰ Daar staan immers geskryf,

“ ‘Hy sal sy engele opdrag gee wat jou betref, om jou te beskerm,’”
¹¹ en ook,

“ ‘Op hulle hande sal hulle jou dra,
sodat jy nie dalk jou voet teen 'n klip stamp nie.’”

¹² Maar Jesus antwoord hom: “Die Skrif sê ook, ‘Jy mag die Here jou God nie versoek nie.’” ¹³ Die Duiwel het, nadat hy met al hierdie versoekings klaar was,* vir 'n tyd lank van Jesus weggebly.

Begin van Jesus se verkondiging

(Matt 4:12-17; Mark 1:14-15; Joh 4:1-3,43-46)

¹⁴ Vol van die krag van die Gees, het Jesus na Galilea teruggegaan, en die nuus oor Hom het deur die hele omgewing versprei. ¹⁵ Hy het die mense in hulle •sinagoges geleer, en almal het met lof van Hom gepraat.

* **4:6** en die Duiwel ... my gegee: Matt 28:18

* **4:8** Die Here ... dien: Deut 6:13-14

^u**4:9** *hoogste ... tempelgeboue*: Letterlik ‘vlerkie’. Dit kan verwys na die oostelike oorhangpunt van die suidelike muur van die •tempel wat geleë was hoog bokant die diep Kedrondal.

* **4:10** Hy ... beskerm: Ps 91:11

* **4:11** Op ... stamp nie: Ps 91:12

* **4:12** Jy ... versoek nie: Deut 6:16; 1 Kor 10:9

* **4:13** nadat ... was: Heb 4:15

Jesus se preek in Nasaret

(Matt 13:53-58; Mark 6:1-6)

¹⁶ Toe Jesus in Nasaret kom, waar Hy grootgeword het, het Hy op die Sabbat na die •sinagoge gegaan, soos sy gewoonte was. Toe Hy opstaan om voor te lees, ¹⁷ is die •boekrol van die profeet Jesaja vir Hom aangegee, en Hy het dit oopgerol^v en die plek gevind waar geskryf staan:

¹⁸ w“Die Gees van die Here is op My,
want Hy het My gesalf
om die goeie boodskap aan arm mense te verkondig.
Hy het My gestuur om vir gevangenes aan te kondig dat hulle
vrygelaat sal word,
en vir blindes dat hulle weer sal sien,
om onderdrukte te bevry,
¹⁹ en om die genadejaar van die Here aan te kondig.”

²⁰ Hierna het Jesus die boekrol opgerol, dit aan die amptenaar teruggegee en gaan sit. Almal in die sinagoge se oë was stip op Hom gerig. ²¹ Toe het Hy met hulle begin praat: “Hierdie gedeelte uit die Skrif is vandag vervul terwyl julle daarna geluister het.”

²² Almal het hulle instemming met Hom betuig, en was verwonderd oor die woorde vol genade wat uit sy mond gevloei het. En hulle het gesê: “Is Hy dan nie maar net die seun van Josef nie?”*

²³ Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal seker die spreekwoord aan My wil

^v**4:17 oopgerol:** Boeke was in daardie tyd in die vorm van •boekrolle wat vir leesdoeleindes oopgerol moes word.

^w**4:18-19** Aanhaling deur Jesus uit Jes 61:1-2; 58:6 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is. .

^{*}**4:22** *Is Hy ... Josef nie:* Luk 3:23; Joh 6:42

voorhou, ‘Geneesheer, genees jouself. Ons het gehoor wat alles in Kapernaum gebeur het.* Doen daardie dinge nou ook hier in jou tuisdorp.’ ”²⁴ En Hy het gesê: “•Amen, Ek sê vir julle: Geen profeet is welkom in sy tuisdorp nie.*²⁵ Wat Ek vir julle sê, is die waarheid: In Elia se tyd, toe die hemel vir drie jaar en ses maande* gesluit gebly en 'n groot hongersnood in die land geheers het,* was daar baie weduwees in Israel.²⁶ Tog is Elia nie na een van hulle gestuur nie, maar wel na 'n weduwee in Sarfat, in die omgewing van Sidon.*²⁷ Daar was ook in die tyd van die profeet Elisa baie melaatses^x in Israel. Tog is nie één van hulle gereinig nie, maar wel Naäman, die Siriër.”

²⁸ Toe hulle hierdie dinge hoor, het almal in die sinagoge woedend geword.²⁹ Hulle het opgespring en Hom uit die dorp^y gedryf. En hulle het Hom geneem tot op die rand van die berg waarop hulle dorp gebou was, om Hom daar af te gooi.³⁰ Maar Hy het tussen hulle deur geloop en weggegaan.

Genesing van 'n besetene

(Mark 1:21-28)

³¹ Hierna het Hy na Kapernaum afgegaan,^z 'n stad^a in Galilea, waar Hy

* **4:23** *Ons het ... gebeur het:* Matt 4:13; Joh 2:12

* **4:24** *Geen ... tuisdorp nie:* Joh 4:44

* **4:25** *Elia ... maande:* Jak 5:17

* **4:25** *die hemel ... geheers het:* 1 Kon 17:1,7; 18:1

* **4:26** *na 'n ... Sidon:* 1 Kon 17:1,9

* **4:27** 2 Kon 5:1-14

^x**4:27** *melaatses:* Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

^y**4:29** *dorp:* Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^z**4:31** *afgegaan:* Kapernaum het langs die •See van Galilea gelê, terwyl Nasaret suidwes daarvan tussen heuwels geleë was; vgl Matt 4:13; Joh 2:12.

^a**4:31** *stad:* Vgl die voetnoot in 4:29.

die mense gereeld op die Sabbatdag onderrig het. ³²*Hulle was verbaas oor sy lering, omdat Hy met gesag gepraat het.

³³In die •sinagoge was daar 'n man in wie daar die gees van 'n onrein demoon was. Hy het kliphard geskreeu: ³⁴“Ag! Los ons uit, Jesus van Nasaret! Het U gekom om ons te vernietig?”* Ek weet wie U is: Die •Heilige van God!”

³⁵Maar Jesus het hom skerp aangespreek: “Bly stil en gaan uit hom uit!” En die demoon het die man tussen hulle op die grond laat neerslaan en uit hom uitgegaan sonder om hom te beseer. ³⁶Almal was baie verbaas en hulle het vir mekaar gesê: “Wat is besonders omtrent hierdie man se woorde dat Hy die onrein geeste met soveel gesag en mag gebied, en hulle dan die mense verlaat?” ³⁷Die nuus oor Hom het na elke plek in die omgewing versprei.

Genesings in Simon se huis

(Matt 8:14-17; Mark 1:29-34)

³⁸Nadat Jesus die •sinagoge verlaat het, is Hy na Simon se huis en het daar ingegaan. Simon se skoonma was siek met 'n hoë koors, en daarom het hulle Hom gevra om iets vir haar te doen. ³⁹Hy het oor haar gebuk en die koors bestraf, en dit het haar verlaat. Sy het onmiddellik opgestaan en hulle bedien.

⁴⁰Teen sonder het almal hulle siekes, wat aan allerhande kwale gely het, na Hom gebring. Hy het hulle een vir een die hande opgelê en hulle gesond gemaak. ⁴¹Daar het ook demone uit baie mense uitgegaan, terwyl hulle skreeu: “U is die •Seun van God!”* Maar Hy het hulle skerp

* 4:32 Matt 7:28-29; Joh 7:46

* 4:33-34 Hy het ... vernietig: Matt 8:29; Mark 1:23-24; 5:7; Luk 8:28

* 4:34 Die Heilige van God: Joh 6:69

* 4:41 U ... God: Matt 8:29; Mark 3:11; Luk 4:34

aangespreek en hulle nie toegelaat om te praat nie. Hulle het immers geweet dat Hy die Christus^b is.*

Vertrek uit Kapernaum

(Mark 1:35-39)

⁴² Teen dagbreek het Hy vertrek en na 'n verlate plek gegaan. Die skares het Hom egter gesoek, en toe hulle Hom kry, het hulle Hom probeer verhinder om van hulle af weg te gaan. ⁴³ Maar Hy het vir hulle gesê: “Ek moet ook in die ander dorpe^c die evangelie van die •koninkryk van God verkondig,* want daarvoor is Ek gestuur.”

⁴⁴ En Hy het voortgegaan om in die •sinagoges van Judea te preek.*

5

Roeping van die eerste dissipels

(Matt 4:18-22; Mark 1:16-20; Joh 21:1-11)

¹ *Op 'n dag, toe Jesus langs die Meer van Gennesaret^d staan en die skare Hom verdring om die woord van God te hoor, ² sien Hy twee bote langs die meer lê. Die vissermanne het al uitgeklim en was besig om hulle nette uit te spoel. ³ Jesus het in een van die bote geklim, die een wat aan Simon behoort, en hom gevra om 'n klein entjie van die land af weg te roei. Hy het gaan sit en die skare van die skuit af onderrig.

^b4:41 **Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

*4:41 *hulle nie ... Christus is:* Mark 3:12

^c4:43 **dorpe:** Vgl die voetnoot in 4:29.

*4:43 *Ek ... verkondig:* Luk 8:1

*4:44 *Hy ... preek:* Matt 4:23

*5:1-3 Matt 13:1-2; Mark 3:9-10; 4:1

^d5:1 **Meer van Gennesaret:** Dit is 'n binnelandse meer, ook bekend as die •See van Galilea.

⁴ Toe Jesus klaar gepraat het, sê Hy vir Simon: “Gaan uit na die diep water, en laat sak julle nette daar om vis te vang.”

⁵ “Meester,”^e antwoord Simon, “ons het die hele nag deur geswoeg en niks gevang nie, maar op u bevel sal ek die nette weer laat sak.”

⁶ En toe hulle dit doen, het hulle soveel vis gevang dat die nette wou skeur. ⁷ Hulle het vir die makkers in die ander boot beduie om hulle te kom help. Toe hulle daar aankom, het hulle albei bote so vol gemaak dat dit begin sink het.

⁸ Toe Simon •Petrus dit sien, val hy voor die knieë van Jesus neer en sê: “Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige mens.”

⁹ Verwondering het hom en almal saam met hom aangegryp oor die groot klomp vis wat hulle gevang het. ¹⁰ Jakobus en Johannes, Sebedeus se seuns wat saam met Simon gewerk het, was net so verbaas.* Jesus het egter vir Simon gesê: “Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang.” ¹¹ Nadat hulle die bote op die strand getrek het, het hulle alles gelos en Hom gevolg.*

Genesing van 'n melaatse

(Matt 8:1-4; Mark 1:40-45)

¹² En toe Jesus in een van die dorpe^f kom, staan daar skielik 'n man vol melaatse^g swere. Toe hy Jesus sien, val hy plat op sy gesig neer en smeek

^e**5:5 Meester:** Die Griekse *epistata* kom meermale in Lukas voor as eerbiedige aanspreekvorm vir Jesus. Dit kom ooreen met die meer algemene Griekse aanspreekvorm *didaskale* of die Hebreeuse •rabbi, dit is ‘leermeester’. In Afrikaans is “meester” die gebruikelike aanspreekvorm vir “leermeester”.

***5:4-10 laat sak julle ... net so verbaas:** Joh 21:3-8

***5:11 het hulle ... gevolg:** Matt 19:27

^f**5:12 dorpe:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^g**5:12 melaatse:** Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

Hom: “Here, as U wil, kan U my rein maak.”

¹³ Hy het sy hand uitgesteek, hom aangeraak en gesê: “Ek wil, word rein!” En sy melaatsheid het onmiddellik verdwyn. ¹⁴ Jesus het hom beveel om dit vir niemand te vertel nie* en gesê: “Gaan wys jouself vir die priester, en bring die offer vir jou reiniging, soos Moses voorgeskryf het,* as bewys vir hulle.”

¹⁵ Die nuus oor Jesus het egter nog verder versprei. Groot skares het om Hom saamgedrom om na Hom te luister en van hulle kwale genees te word. ¹⁶ *Hy het Hom egter gereeld teruggetrek na afgeleë plekke en daar gebid.

Genesing van 'n verlamde

(*Matt 9:1-8; Mark 2:1-12*)

¹⁷ Op 'n dag, terwyl Jesus besig was om die mense te leer, het daar ook •Fariseërs en wetgeleerdes gesit, wat uit elke dorpie van Galilea en Judea en van Jerusalem gekom het. Die krag van die Here het in Hom gewerk om mense te genees.

¹⁸ Net toe kom daar mense aan wat 'n verlamde man op 'n slaapmat^h dra. Hulle wou hom in die huis indra en voor Jesus neersit, ¹⁹ maar as gevolg van die skare, kon hulle geen manier vind om hom in te dra nie, en het toe op die dakstoepⁱ geklim en hom en sy slaapmat tussen die dakteëls deur laat afsak, tot tussen die mense, reg voor Jesus. ²⁰ Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: “Vriend, jou sondes is jou vergewe.”*

²¹ Die skrifkenners en die Fariseërs het hulleself begin afvra: “Wie is hy

*5:14 *Jesus ... vertel nie:* Mark 7:36; Luk 8:56

*5:14 *Gaan ... het:* Lev 14:2-32

*5:16 Mark 1:35

^h5:18 *slaapmat:* Verwys na 'n ligte matras met strooi gevul, slaapmat of draagbaar.

ⁱ5:19 *dakstoep:* Die ruimte bo-op die plat dak van 'n huis, gewoonlik van klei en plantmateriaal, wat met 'n leer of kliptrap bereik kon word.

*5:20 *jou sondes ... vergewe:* Luk 7:48

dat hy so laster? Wie anders as net God kan sondes vergewe?”*

²² Maar Jesus het geweet wat hulle dink* en vir hulle gesê: “Waarom het julle bedenkinge in julle harte?” ²³ Wat is makliker, om te sê, ‘Jou sondes is jou vergewe,’ of om te sê, ‘Staan op en loop?’ ²⁴ Maar sodat julle kan weet dat die •Seun van die Mens volmag het om op aarde sondes te vergewe ...” — sê Hy toe vir die verlamde: “Ek sê vir jou, staan op, tel jou slaapmat op en gaan* na jou huis.”

²⁵ Onmiddellik het hy daar voor hulle opgestaan, die slaapmat waarop hy gelê het, gevat en huis toe gegaan terwyl hy God prys. ²⁶ Almal was verwonderd en het God geprys. Hulle is met diep ontsag vervul en het gesê: “Vandag het ons iets ongeloofliks gesien.”

Roeping van Levi

(Matt 9:9-13; Mark 2:13-17)

²⁷ Hierna het Jesus buitentoe gegaan en 'n •tollenaar met die naam Levi by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: “Volg My!” ²⁸ En hy het alles net so gelos, opgestaan en Hom gevolg.

²⁹ Levi het 'n groot feesmaal vir Hom in sy huis gehou waar 'n klomp tollenaars en ook ander mense saam met hulle vir ete aangeleun het.^j

³⁰ Die •Fariseërs, en veral die skrifkenners onder hulle, het by sy dissipels gemor: “Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?”*

³¹ Jesus het hulle geantwoord: “Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes. ³² Ek het nie gekom om •regverdiges te roep nie,

*5:21 *Wie is ... vergewe:* Jes 43:25; Luk 7:49

*5:22 *Maar ... dink:* Luk 6:8; 9:47

*5:22 *Waarom ... harte:* Matt 16:8

*5:24 *staan ... gaan:* Joh 5:8

^j5:29 *vir ete ... het:* Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

*5:29-30 *klomp tollenaars ... sondaars:* Luk 15:1-2

maar sondaars tot bekering.”

Vastyd en feestyd

(Matt 9:14-17; Mark 2:18-22)

³³ Die mense het vir Hom gesê: “Johannes se dissipels vas en bid gereeld, en die Fariseërs se dissipels ook, maar u dissipels eet en drink maar voort.”

³⁴ Jesus het hulle geantwoord: “Julle kan tog nie die bruilofsgaste laat vas terwyl die bruidegom by hulle is nie?” ³⁵ Maar daar kom 'n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word. Dan, in daardie dae, sal hulle vas.”

³⁶ Hy het vir hulle nog 'n gelykenis vertel: “Niemand skeur 'n stuk materiaal uit 'n nuwe kledingstuk en werk dit op 'n ou kledingstuk vas nie. As mens dit doen, sal die nuwe kledingstuk skeur, en boonop sal die nuwe stuk nie by die ou kledingstuk pas nie.

³⁷ “En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke^k nie; anders sal die nuwe wyn die leersakke laat oopbars. Dan sal die wyn uitloop en die sakke sal tot niet gaan. ³⁸ Nee, nuwe wyn behoort in nuwe leersakke gegooi te word. ³⁹ Boonop het niemand wat ou wyn gedrink het, lus vir nuwe wyn nie. ‘Die oue smaak goed,’ sê hy.”

6

Jesus Here oor die Sabbat

(Matt 12:1-8; Mark 2:23-28)

¹ Op 'n keer het Jesus op die Sabbat deur die gesaaides geloop. Sy dissipels het are gepluk en met hulle hande uitgevryf en geëet.*

***5:34** *Julle ... is nie:* Joh 3:29

^k**5:37** *leersakke:* Gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak en kon gevul word met water of wyn.

***6:1** *het Jesus ... geëet:* Deut 23:25

² Sommige van die •Fariseërs sê toe: “Waarom doen julle iets wat op die Sabbat nie toelaatbaar is nie?”*

³ Maar Jesus het hulle geantwoord: “Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy en dié saam met hom honger geword het nie? ⁴ Hoe hy die huis van God binnegegaan en van die vertoonbrode¹ gevat en geëet het, en ook daarvan aan dié wat saam met hom was, gegee het,* alhoewel niemand behalwe die priesters daarvan mag eet nie?” ⁵ Verder sê Hy vir hulle: “Die •Seun van die Mens — Hy is Heer van die Sabbat.”

Genesing op die Sabbat

(Matt 12:9-14; Mark 3:1-6)

⁶ Op 'n ander Sabbat, toe Hy weer na die •sinagoge gegaan en daar onderrig gegee het, was daar 'n man wie se regterhand^m verdor was. ⁷ Die skrifkenners en die •Fariseërs het Hom dopgehou* om te sien of Hy op die Sabbat iemand gesond sou maak, sodat hulle iets kon hê waarvan hulle Hom kon aankla. ⁸ Maar Hy het geweet wat in hulle gedagtes aangaan*, en vir die man met die gebrekkige hand gesê: “Kom staan hier tussen ons.” Die man het opgestaan en daar gaan staan.

⁹ Toe sê Jesus vir hulle: “Ek vra julle, is dit toelaatbaar om op die Sabbat goed te doen of sleg te doen, om 'n lewe te red of dit ten gronde te laat gaan?” ¹⁰ Nadat Hy in die rondte na hulle almal gekyk het, sê Hy vir

*6:2 *Waarom ... is nie:* Joh 5:10

¹6:4 **vertoonbrode:** Brode wat in die heilige deel van die •tempel geplaas is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet; vgl Lev 24:5-8.

*6:3-4 *Het julle ... gegee het:* 1 Sam 21:1-6

*6:4 *alhoewel ... eet nie:* Lev 24:5-9

^m6:6 **regterhand:** Verwys na dié hand wat meesal die gebruikshand is en waarnaas die linkerhand 'n ondersteunende rol speel.

*6:7 *Die skrifkenners ... dopgehou:* Luk 14:1

*6:8 *Maar ... aangaan:* Luk 5:22; 9:47

die man: “Steek uit jou hand!” Hy het dit gedoen en sy hand het gesond geword. ¹¹ Hulle was egter buite hulleself van woede, en het onder mekaar beraadslaag oor wat hulle met Jesus kon doen.

Aanwysing van die twaalf

(Matt 10:1-4; Mark 3:13-19)

¹² In dié tyd het Jesus uitgegaan na die berg om te bid en Hy het die nag deurgebring in gebed met God.

¹³ Teen dagbreek het Hy sy dissipels nader geroep en twaalf van hulle uitgekies,* en Hy het hulle •apostels genoem.

¹⁴ Hulle was Simon, wat Hy ook •Petrus genoem het, en sy broer Andreas, Jakobus en Johannes, Filippus en Bartolomeus, ¹⁵ Matteus en Thomas, Jakobus, seun van Alfeus,* Simon met die naam “Seloot”,ⁿ ¹⁶ en Judas, die seun van Jakobus, en Judas Iskariot, wat 'n verraaier geword het.

Genesing van baie mense

(Matt 4:23-25; Mark 3:7-10)

¹⁷ Nadat Hy saam met hulle van die berg af gekom het, het Hy op 'n gelykte gaan staan. Daar was 'n groot groep van sy dissipels en ook 'n menigte mense uit die volk — van oor die hele Judea en Jerusalem, en ook uit die kusstreke rondom Tirus en Sidon. ¹⁸ Hulle het gekom om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word. Ook mense wat deur onrein geeste gepla is, is daarvan genees. ¹⁹ En die hele skare het Hom probeer aanraak, omdat daar krag van Hom uitgegaan en Hy almal genees het.

* **6:13 twaalf ... uitgekies:** Joh 6:70

* **6:14-15 Simon, wat ... Jakobus, seun van Alfeus:** Hand 1:13

ⁿ**6:15 Seloot:** Iemand wat hom in die besonder vir 'n saak, bv godsdiens of politiek, beywer het. Sommige sien hierin 'n moontlike verwysing na die party van die Selote.

Geluk en ellende

(Matt 5:1-12)

²⁰ Toe het Hy sy oë op sy dissipels gerig en gesê:

“Gelukkig is julle wat arm is,
want die •koninkryk van God behoort aan julle.

²¹ Gelukkig is julle wat nou honger ly,
want julle sal versadig word.*

Gelukkig is julle wat nou huil,
want julle sal lag.*

²² *Gelukkig is julle wanneer die mense julle haat en verstoot en
uitskel
en julle name deur die modder sleep
ter wille van die •Seun van die Mens.

²³ “Wees bly op daardie dag, en spring op van vreugde, want kyk, julle beloning in die hemel is groot. Hulle voorvaders het immers die profete net so behandel.*

²⁴ “Maar ellende wag op julle wat ryk is,*
want julle het reeds julle troos weg.

²⁵ Ellende wag op julle wat nou versadig is,
want julle sal honger ly.

Ellende wag op julle wat nou lag,

*6:21 julle wat ... versadig word: Jer 31:25

*6:21 julle wat ... lag: Ps 126:5-6; Jes 61:3; Op 7:16-17

*6:22 Joh 15:19; 16:2; 1 Pet 4:14

*6:23 Hulle ... behandel: 2 Kron 36:16; Matt 23:30-31; Luk 11:47

*6:24 ellende ... ryk is: Jak 5:1

want julle sal treur en huil.

²⁶ Ellende wag op julle

wanneer al die mense net goed van julle praat,*

want hulle voorvaders

het die vals profete net so behandel.”

Liefde vir julle vyande

(Matt 5:38-48; 7:12a)

²⁷ “Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê.* Doen goed aan diegene wat julle haat. ²⁸ Seën die mense wat julle vervloek.* Bid vir diegene wat julle sleg behandel. ²⁹ As iemand jou op die een wang slaan, draai vir hom ook die ander een.* En as iemand jou bokleed^o vat, moet hom ook jou onderkleed^p nie weier nie. ³⁰ Gee aan elkeen wat iets van jou vra, en wanneer iemand vat wat aan jou behoort, moet jy dit nie terugeis nie. ³¹ *Soos julle wil hê die mense aan julle moet doen, doen ook so aan hulle. ³² As julle diegene liefhet wat vir julle liefhet, hoe kan julle enige dank verwag? Want ook die sondaars het diegene lief wat hulle liefhet. ³³ En as julle net goeie dinge doen vir die mense wat goeie dinge vir julle doen, hoe kan julle enige dank verwag? Die sondaars doen dieselfde. ³⁴ En as julle net geld uitleen aan mense van wie julle hoop om dit terug te kry, hoe kan julle enige dank verwag? Sondaars leen ook aan sondaars, solank hulle maar net dieselfde bedrag

* **6:26** *Ellende ... praat:* Jak 4:4

* **6:27** *Julle moet ... liefhê:* Spr 25:21; Rom 12:20

* **6:28** *Seën ... vervloek:* Rom 12:14

* **6:29** *As ... ander een:* Joh 18:22-23; Hand 23:3

^o**6:29** *bokleed:* 'n Soort mantel of oorjas.

^p**6:29** *onderkleed:* Die gewone lang rok wat mense bedags gedra en waarin hulle gewerk het.

* **6:31** Matt 7:12

kan terugkry. ³⁵ Nee, julle moet julle vyande liefhê, doen goeie daade, en leen uit sonder om iets terug te verwag.* Dan sal julle 'n groot beloning ontvang en kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegtes. ³⁶ Julle moet barmhartig wees soos julle Vader barmhartig is.”

Oor oordeel

(Matt 7:1-5)

³⁷ “Moenie oordeel nie, dan sal ook julle beslis nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, dan sal julle ook nie veroordeel word nie. Vergeef, dan sal julle ook vergewe word.* ³⁸ Gee, en aan julle sal gegee word — 'n goeie maat, saamgepers, ingeskud en tot oorlopens toe vol, sal in julle skoot^q val. Want met die maat waarmee julle meet, sal vir julle afgemeet word.*”

³⁹ Hy het ook 'n gelykenis vir hulle vertel: “Een blinde kan tog nie 'n ander blinde rondlei nie? Sal hulle dan nie al twee in 'n sloot val nie? ⁴⁰ *'n Dissipel is nie belangriker as sy leermeester nie; maar as hy sy opleiding voltooi het, sal hy sy leermeester se gelyke wees.

⁴¹ “Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog raak, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? ⁴² Hoe kan jy vir jou broer sê, ‘Broer, laat my toe om die splinter uit jou oog te haal,’ terwyl jy die balk in jou eie oog nie raaksien nie? Skynheilige! Haal eers die balk uit jou eie oog, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog te haal.”

* **6:35** leen ... verwag: Lev 25:35-36

* **6:37** Vergeef ... word: Matt 6:14

^q**6:38** skoot: Die skootholte van 'n kleed wat dikwels as 'n houer of sak gebruik is.

* **6:38** Want ... afgemeet word: Matt 4:24

* **6:39** Een blinde ... val nie: Matt 15:14; 23:16,24

* **6:40** Matt 10:24-25; Joh 13:16; 15:20

'n Boom en sy vrugte

(Matt 7:17-20; 12:34b-35)

⁴³ “'n Goeie boom dra nie slegte vrugte nie, en 'n slegte boom dra weer nie goeie vrugte nie. ⁴⁴ Elke boom word aan sy eie vrug geken.* Van 'n doringstruik pluk 'n mens tog nie vye of van 'n doringbos 'n tros druiwe nie. ⁴⁵ 'n Goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die goeie skatkamer van sy hart, en 'n slegte mens bring die slegte voort uit die slegtheid wat in hom is; want waar die hart van vol is, loop die mond van oor.”

Die regte fondament

(Matt 7:24-27)

⁴⁶ * “Waarom noem julle My ‘Here, Here!’, maar julle doen nie wat Ek sê nie?

⁴⁷ “Elkeen wat na My toe kom en my woorde hoor en daarvolgens handel — Ek sal vir julle verduidelik soos wie hy is: ⁴⁸ Hy is soos 'n man wat besig was om 'n huis te bou. Hy het gespit en diep gegrawe, en die fondament op die rots gelê. Toe daar 'n oorstroming kom en die vloedwater die huis tref, kon dit die huis nie laat ineenstort nie, omdat dit goed gebou was.^r

⁴⁹ “Maar wie hoor en nie doen nie, is soos 'n man wat 'n huis sonder 'n fondament op die grond bou. As die vloedwaters dit tref, stort dit onmiddellik ineen. Die verwoesting van daardie huis was geweldig.”

7

Genesing van 'n slaaf

(Matt 8:5-13; Joh 4:46b-54)

¹ Nadat Jesus ten aanhore van die volk al hierdie woorde uitgespreek

* **6:44** *Elke ... geken:* Matt 12:33

* **6:46** Mal 1:6; Matt 7:21

^r **6:48** *omdat ... gebou was:* Ander mss en vroeë vertalings lui “omdat sy fondament op die rots gebou was”.

het, het Hy Kapernaum binnegegaan.

² 'n Slaaf van 'n sekere *hekatontarg*^s wat vir hom baie werd was, was tot die dood toe siek.* ³ Toe hy van Jesus hoor, het hy 'n paar van die Joodse familiehoofde na Hom gestuur met die versoek dat Hy kom om sy slaaf gesond te maak. ⁴ Toe hulle by Jesus kom, het hulle Hom dringend versoek en gesê: “Hy verdien dit dat U dit vir hom doen, ⁵ want hy gee om vir ons volk en het uit sy eie die •sinagoge vir ons gebou.”

⁶ Jesus het saam met hulle gegaan. Hy was nie meer ver van die huis af nie, toe stuur die *hekatontarg* vriende om vir Hom te sê: “Meneer, moenie verder moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. ⁷ Daarom het ek my ook nie waardig geag om self na U te gaan nie; maar sê net 'n woord, en laat my slaaf gesond word. ⁸ Want ook ek is 'n man wat onder gesag staan, met soldate onder my bevel. Vir die een sê ek, ‘Gaan!’, en hy gaan, en vir 'n ander, ‘Kom!’, en hy kom. Vir my slaaf sê ek, ‘Doen dit!’, en hy doen dit.”

⁹ Toe Hy dit hoor, was Jesus verwonderd. Hy het omgedraai na die skare wat Hom gevolg het, en gesê: “Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek nie so 'n groot geloof gevind nie.” ¹⁰ En toe die mense wat gestuur is, by die huis terugkom, het hulle die slaaf gesond aangetref.

Opwekking van die weduwee se seun

¹¹ Kort daarna het Jesus na 'n dorp^t met die naam Nain gegaan. Sy dissipels en 'n groot skare het saam met Hom gereis. ¹² Hy het naby die poort van die dorp gekom. Juis toe word daar 'n dooie uitgedra — die

^s7:2 *hekatontarg*: 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

*7:2 was tot ... siek: Joh 4:47

^t7:11 *dorp*: Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

enigste seun* van sy moeder, en sy was 'n weduwee. Daar was heelwat mense van die dorp saam met haar. ¹³ Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: “Moenie huil nie!”* ¹⁴ Hy het nadergegaan en aan die draagbaar^u geraak, en die draers het gaan staan. Toe sê Hy: “Jongman, Ek sê vir jou, staan op!”* ¹⁵ Die dooie het regop gesit en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee.* ¹⁶ Vrees het almal beetgepak, en hulle het God geloof met die woorde “'n Groot profeet het onder ons opgestaan!”, en “God het omgesien na sy volk!”* ¹⁷ Hierdie nuus oor Hom het deur die hele Judea en al die omliggende gebiede versprei.

Antwoord aan Johannes die Doper

(Matt 11:2-19)

¹⁸ Johannes se dissipels het hom van al hierdie dinge vertel. Johannes het twee van sy dissipels laat roep ¹⁹ en hulle na die Here gestuur om te vra: “Is U die Een wat sou kom,^v of moet ons iemand anders verwag?” ²⁰ Toe die manne by Hom aankom, sê hulle: “Johannes die Doper het ons na U gestuur om te vra, ‘Is U die Een wat sou kom, of moet ons iemand anders verwag?’ ” ²¹ Op daardie oomblik was Jesus besig om baie mense van hulle siektes en kwale en bose geeste te genees en om baie blindes weer te laat sien. ²² Hy het hulle geantwoord: “Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en gehoor het:

*7:12 'n dooie ... seun: 1 Kon 17:17; Luk 8:42

*7:13 Moenie ... nie: Luk 8:52

^u7:14 **draagbaar**: Verwys na 'n draagbaar of plank waarop die lyk vervoer is.

*7:14 Jongman ... op: Luk 8:54

*7:15 En Jesus ... teruggegee: 1 Kon 17:23; 2 Kon 4:36

*7:16 God het ... volk: Luk 1:68; 19:44

^v7:19 **die Een ... kom**: Verwys na Ps 40:8; Mal 3:1 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Op 1:4,8; 4:8.

“Blindes sien weer, verlamdes loop,
melaatses^w word gereinig, dowes hoor,
dooies word opgewek, aan armes word
die goeie boodskap verkondig.^x

²³ “En gelukkig is elkeen wat nie aan My aanstoot neem nie.” ²⁴ Nadat Johannes se gesante vertrek het, het Hy met die skare oor Johannes begin praat:^y “Toe julle na die woestyn^z uitgegaan het, wat wou julle gaan sien? 'n Riet wat deur die wind heen en weer geruk word? ²⁵ Maar wat wou julle dan gaan sien? 'n Man met deftige klere aan? Nee, kyk, mense met swierige klere, wat in weelde leef, woon in koninklike paleise. ²⁶ Maar wat wou julle dan gaan sien? 'n Profeet? Ja, Ek verseker julle, selfs meer as 'n profeet.* ²⁷ Hy is die een oor wie geskryf staan,

“ ‘Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit;
hy sal jou pad voor jou gereedmaak.’^a

²⁸ “Ek sê vir julle: Onder diegene wat uit vroue gebore is, is daar niemand groter as Johannes nie*, en tog is die geringste in die •koninkryk van God

^w**7:22 melaatses:** Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

^x**7:22 Blindes ... verkondig:** Verwys na Jes 35:5; 61:1 as heenwysing na Homself; vgl Luk 4:18.

^y**7:24 begin praat:** Letterlik ‘sy mond oopgemaak’, 'n uitdrukking om die begin van 'n belangrike uitspraak aan te dui.

^z**7:24 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

^{*}**7:26 'n Profeet ... meer as 'n profeet:** Matt 14:5; 21:26; Luk 1:76

^a**7:27 Kyk ... gereedmaak:** Aanhaling deur Jesus uit Mal 3:1 as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Eks 23:20 (Mark 1:2; Luk 1:76; Joh 3:28).

^{*}**7:28 Onder ... Johannes nie:** Luk 1:15

groter as hy.”

²⁹ *Die hele volk wat na Hom geluister het, ook die •tollenaars, het saamgestem dat God reg gehandel het, en hulle met die doop van Johannes laat doop. ³⁰ Maar die •Fariseërs en die wetskenners het God se plan vir hulle verwerp en hulle nie deur Johannes laat doop nie.

³¹ “Met wie kan ek dan hierdie geslag mense vergelyk? Soos wie is hulle?
³² Hulle is soos kindertjies wat op die markplein sit en na mekaar roep,

“ ‘Ons het vir julle fluit gespeel,
maar julle wou nie dans nie;
ons het 'n treurlied gesing,
maar julle wou nie huil nie!’

³³ “Want Johannes die Doper het gekom
en nie brood geëet of wyn gedrink nie,
en julle sê, ‘Hy is van 'n demoon besete.’

³⁴ “En die •Seun van die Mens het gekom
en geëet en gedrink,
en julle sê, ‘Kyk, Hy is 'n vraat en 'n suiplap,
'n vriend van tollenaars en sondaars.’*

³⁵ “Maar die wysheid word deur al haar kinders reg bewys.”

Vergewing vir 'n sondige vrou

(Matt 26:6-13; Mark 14:3-9; Joh 12:1-8)

³⁶ Een van die •Fariseërs het Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het

*7:29-30 Luk 3:7,12; Matt 21:32

*7:34 vriend ... sondaars: Luk 15:2

die Fariseër se huis binnegegaan en vir ete aangeleun.^b

³⁷ En kyk, daar was 'n sondige vrou in die dorp^c wat gehoor het dat Hy by die Fariseër se huis gaan eet het. Sy het 'n albasterfles vol geurige olie* gevat ³⁸ en agter Jesus, by sy voete, gaan staan. Sy het gehuil en begin om sy voete met haar trane nat te maak. Sy het sy voete met haar hare afgedroog, dit gesoen, en met die geurige olie ingevryf.* ³⁹ Toe die Fariseër wat Hom uitgenooi het, dit sien, het hy in sy hart gedink: “As hierdie man 'n profeet was, sou hy tog geweet het wie dit is wat hom aanraak en watter soort vrou sy is, dat sy 'n sondige vrou is.” ⁴⁰ Maar Jesus het vir hom gesê: “Simon, Ek het iets om vir jou te sê.” “Sê maar, Meester!”^d, antwoord hy. ⁴¹ “Twee mense was by 'n sekere geldskierter in die skuld. Die een het vyfhonderd denarius^e geskuld, en die ander vyftig. ⁴² Omdat hulle hom nie kon terugbetaal nie, het hy albei se skuld kwytskeld. Wie van hulle sal hom dan die meeste liefhê?” ⁴³ Simon het geantwoord: “Ek veronderstel die een vir wie hy die meeste kwytskeld het.” En Jesus sê vir hom: “Jy het reg geoordeel.” ⁴⁴ Toe het Hy omgedraai na die vrou en vir Simon gesê: “Sien jy hierdie vrou? Toe Ek by jou huis ingestap het, het jy nie eers vir my water vir my voete gegee nie,* maar sy het my voete met haar trane nat gemaak en met haar hare

^b**7:36 vir ete aangeleun:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

^c**7:37 dorp:** Vgl die voetnoot in 7:11.

^{*}**7:37 albasterfles ... olie:** Matt 26:7; Mark 14:3

^{*}**7:37-38 Sy het 'n albasterfles ... ingevryf:** Joh 12:3

^d**7:40 Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

^e**7:41 denarius:** 500 denarius is ongeveer die dagloon vir 500 dae se arbeid;
•Geldeenhede.

^{*}**7:44 het jy nie ... gegee nie:** Gen 18:4

afgedroog. ⁴⁵ Jy het My nie 'n soen gegee nie,* maar sy het, vandat Ek hier aangekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. ⁴⁶ Jy het my kop nie met olyfolie gesalf nie,* maar sy het my voete met geurige olie ingevryf. ⁴⁷ Daarom sê Ek vir jou, haar sondes — en dit was baie — is vergewe, omdat sy baie liefde betoon het. Maar die een vir wie min vergewe word, het min liefde.” ⁴⁸ *En vir haar het Hy gesê: “Jou sondes is vergewe.” ⁴⁹ Toe begin die mense wat aangeleun het vir ete^f onder mekaar sê: “Wie is hierdie man, dat hy selfs sondes vergewe?” ⁵⁰ Maar Jesus het vir die vrou gesê: “Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.”*

8

Vroue as volgelinge van Jesus

¹ Kort daarna het Jesus deur die een stad en dorp^g na die ander gereis om te preek en die evangelie van die •koninkryk van God te verkondig.* Die twaalf het saam met Hom gereis, ²* en ook 'n aantal vroue wat van bese geeste en siektes genees is, naamlik Maria, wat bekend was as Magdalena,^h uit wie sewe demone uitgegaan het, ³ en Johanna, die vrou

*7:45 Jy ... gegee nie: Rom 16:16; 1 Kor 16:20; 2 Kor 13:12; 1 Thess 5:26; 1 Pet 5:14

*7:46 Jy ... gesalf nie: Ps 23:5

*7:48-49 Luk 5:20-21

^f7:49 aangeleun ... ete: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

*7:50 Jou geloof ... vrede: Luk 8:48; 17:19; 18:42

^g8:1 dorp: Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

*8:1 het Jesus ... verkondig: Luk 4:43

*8:2-3 Matt 27:55-56; Mark 15:40-41; Luk 23:49

^h8:2 Maria ... Magdalena: Die •bronteks noem haar deurgaans “Maria, die Magdaleense vrou,” dws ‘Maria, die vrou afkomstig uit Magdala’. Magdala is 'n dorpie aan die wesoewer van die •See van Galilea.

van Gusa, 'n bestuurder van Herodes,ⁱ en Susanna, en baie ander wat uit hulle eie bronne vir Jesus en die twaalf gesorg het.

Gelykenis van die saad

(*Matt 13:1-9; Mark 4:1-9*)

⁴ Uit die een dorp^j ná die ander het mense na Jesus gestroom; en toe 'n groot skare van hulle bymekaar was, het Hy vir hulle 'n gelykenis vertel:

⁵ “'n Saaier het uitgegaan om saad te saai. Tydens die saaiery het 'n deel van die saad langs die pad geval; dit is vertrap en die voëls van die hemel het dit kom oppik. ⁶ 'n Ander deel het op 'n klipbank geval; en toe dit opkom, het dit verdor, omdat daar geen vogtigheid was nie. ⁷ Nog 'n deel het tussen die dorings geval, en die dorings het saam met die saad gegroei en dit verstik. ⁸ En nog 'n deel het in vrugbare grond geval, en dit het gegroei en 'n honderdvoudige opbrengs gelewer.” Nadat Jesus hierdie gelykenis vertel het, roep Hy uit: “Laat dié wat ore het om te hoor, luister!”*

Doel van gelykenisse

(*Matt 13:10-17; Mark 4:10-12*)

⁹ Sy dissipels het Hom gevra wat die gelykenis beteken. ¹⁰ Hy het geantwoord: “Aan julle is gegee om die geheimenisse van die •koninkryk van God te verstaan, maar vir ander bly dit bloot gelykenisse, sodat hulle

“ ‘selfs al kyk hulle, nie sal sien nie,
en selfs al hoor hulle, nie sal verstaan nie.’”

ⁱ**8:3 Herodes:** Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC tot 39 nC.

^j**8:4 dorp:** Vgl die voetnoot in 8:1.

***8:8 Laat ... luister:** Matt 11:15; 13:43; Mark 4:23; Luk 14:35

***8:10 selfs al kyk ... verstaan nie:** Jes 6:9-10

Verduideliking van die gelykenis van die saad

(Matt 13:18-23; Mark 4:13-20)

¹¹ “Dit is wat die gelykenis beteken: Die saad is die woord van God.*

¹² Die saad langs die pad is die mense wat die woord wel hoor, maar dan kom die Duiwel en neem die woord uit hulle harte weg, sodat hulle nie tot geloof kom en verlos word nie.* ¹³ Die saad wat op die klipbank val, is daardie mense wat die woord met blydskap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar hulle het nie wortel geskiet nie. Hulle glo net 'n rukkie, en wanneer hulle op die proef gestel word, sak hulle uit. ¹⁴ Die saad wat tussen die dorings val, is diegene wat die woord hoor; maar hulle word deur bekommernisse en rykdom en die plesiere van hierdie lewe verstik, en lewer geen oes nie. ¹⁵ Die saad wat in die vrugbare grond val, is daardie mense wat die woord met 'n goeie en opregte hart aanhoor, daaraan vashou en met volharding vrug dra.”

Gelykenis van die lamp

(Mark 4:21-25)

¹⁶ * “Niemand steek 'n lamp op en maak dit toe met 'n houder, of sit dit onder 'n bed nie. Trouens, 'n mens sit dit op 'n lampstaander sodat die mense wat binnekom, die lig kan sien. ¹⁷ * Daar is niks verborge wat nie blootgelê sal word nie, en niks weggesteek wat nie bekend sal word en aan die lig sal kom nie.

¹⁸ “Let daarom op hoe julle luister. Wie het, aan hom sal gegee word. En wie nie het nie, van hom sal selfs dit wat hy dink hy het, weggeneem word.”*

* **8:11** Die saad ... God: 1 Pet 1:23

* **8:12** sodat ... word nie: 1 Kor 1:21

* **8:16** Matt 5:15; Luk 11:33

* **8:17** Matt 10:26; Luk 12:2

* **8:18** Wie het ... weggeneem word: Matt 25:29; Luk 19:26

Jesus se moeder en broers

(Matt 12:46-50; Mark 3:31-35)

¹⁹ Jesus se moeder en broers het na Hom gekom, maar as gevolg van die skare kon hulle Hom nie bereik nie. ²⁰ Iemand sê toe vir Hom: “U moeder en broers staan buite en wil U graag sien.” ²¹ Maar Jesus antwoord hulle: “Wie na die woord van God luister en dit gehoorsaam, hulle is my moeder en my broers.”

Stilmaak van die storm

(Matt 8:23-27; Mark 4:35-41)

²² Op 'n sekere dag het Jesus en sy dissipels in 'n boot geklim, en Hy het vir hulle gesê: “Kom ons gaan na die oorkant van die meer,” en hulle het uitgevaar. ²³ Tydens die vaart het Hy aan die slaap geraak. 'n Hewige stormwind het op die meer neergeswiep.^k Die boot het vol water begin word, en hulle was in lewensgevaar.

²⁴ Hulle het Jesus gaan wakker maak en uitgeroep: “Meester,^l Meester, ons vergaan!” Hy het opgestaan en die wind en die stormsee bestraf. Dit het bedaar, en alles het kalm geword. ²⁵ Toe sê Hy vir hulle: “Waar is julle geloof?” Hulle was met ontsag vervul en verwonderd, en het vir mekaar gesê: “Wie is Hy tog dat Hy die winde en die water bestraf en hulle Hom gehoorsaam?”

^k**8:23 op ... neergeswiep:** Letterlik ‘op die meer afgekom’. Die •Meer van Gennesaret word dikwels deur onverwagse stormwinde vanaf die omringende hoogland getref.

^l**8:24 Meester:** Die Griekse *epistata* kom meermale in Lukas voor as eerbiedige aanspreekvorm vir Jesus. Dit kom ooreen met die meer algemene Griekse aanspreekvorm *didaskale* of die Hebreeuse •rabbi, dit is ‘leermeester’. In Afrikaans is “meester” die gebruikelike aanspreekvorm vir “leermeester”.

Bevryding van 'n besetene

(Matt 8:28-34; Mark 5:1-20)

²⁶ Hierna het hulle verder gevaar na die land van die Geraseners,^m wat oorkant Galilea geleë is. ²⁷ Toe Jesus aan wal stap, het 'n man wat in die mag van demone was, Hom uit die dorpⁿ tegemoet gekom. Hy het al vir 'n hele ruk nie meer klere gedra nie, en ook nie in 'n huis gebly nie, maar tussen die rotsgrafte.

²⁸ Toe hy Jesus sien, het hy uitgeroep, voor Hom neergeval en met 'n harde stem geskreeu: “Los my uit,* Jesus, •Seun van God, die Allerhoogste! Ek smeeK U, moet my nie pynig nie!” ²⁹ Want Jesus was op die punt om die onrein gees wat hom al baie kere beetgepak het, te beveel om uit die man uit te gaan. Hulle het hom voortdurend met hand- en voetboeie geboei om hom in bedwang te hou, maar hy het die boeie uitmekaar geruk, en is deur die demoon na verlate plekke gedryf.

³⁰ Jesus het hom gevra: “Wat is jou naam?” “Legioen,”^o het hy geantwoord, want baie demone het in hom ingevaar. ³¹ Hulle het Jesus gesmeek om hulle nie na die onpeilbare diepte^p te laat weggaan nie.

³² Daar het 'n taamlieke groot trop varke teen die berghang gewei. Hulle het Hom gesmeek om hulle toe te laat om in die varke in te vaar, en Hy

^m**8:26 Geraseners:** Ander mss lui “•Gadareners” of “Gergeseners”. Die Geraseners was inwoners van Gerasa, 'n dorp ongeveer 50 km suidoos van die •See van Galilea; vgl Matt 8:28.

ⁿ**8:27 dorp:** Vgl die voetnoot in 8:1.

^{*}**8:28 het hy ... uit:** Matt 8:29; Mark 1:23-24; 5:7; Luk 4:34

^o**8:30 Legioen:** 'n Romeinse militêre eenheid van 6 000 voetsoldate en 'n berede mag. Die woord dui hier 'n groot getal aan; •Militêre terme.

^p**8:31 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos*. Verwys na die destydse beskouing waarvolgens bese geeste en demone in 'n diep onderaardse woonplek gevange gehou is. Ook “plek van straf” genoem; vgl 2 Pet 2:4,9, Jud vs 6.

het hulle toegelaat. ³³ Die demone het uit die man uitgegaan en in die varke ingevaar. Die trop het op loop gesit teen die helling af, die see in, en versuip.

³⁴ Toe die wagters dit sien gebeur, het hulle op die vlug geslaan en dit in die dorp en op die platteland gaan vertel. ³⁵ Die mense het gaan kyk na wat gebeur het, en toe hulle by Jesus aankom, vind hulle die man uit wie die demone uit gegaan het, waar hy by Jesus se voete sit, met klere aan en by sy volle verstand; en hulle het bang geword. ³⁶ Diegene wat dit gesien het, het vir hulle vertel hoe die besetene gered is. ³⁷ Toe het al die inwoners van die omgewing van Gerasa Jesus versoek om van hulle af weg te gaan, omdat hulle deur groot angs oorval is. Hy het toe in die boot geklim en teruggekeer.

³⁸ Die man uit wie die demone uitgegaan het, het Jesus gesmeek om by Hom te bly. Maar Hy het hom weggestuur en gesê: ³⁹ “Gaan terug na jou huis en vertel daar wat God alles vir jou gedoen het.”

Hy het toe weggegaan en dwarsdeur die dorp bekend gemaak wat Jesus vir hom gedoen het.

Genesing van 'n vrou en opwekking van 'n dogter

(Matt 9:18-26; Mark 5:21-43)

⁴⁰ Met Jesus se terugkoms het die skare Hom verwelkom, omdat almal vir Hom gewag het. ⁴¹ Kyk, daar kom toe 'n man aan met die naam Jaïrus. Hy was 'n leier van die •sinagoge. Hy het voor Jesus se voete neergeval en Hom gesmeek om na sy huis te kom, ⁴² * omdat sy enigste dogter, ongeveer twaalf jaar oud, op sterwe gelê het.

Op pad daarheen het die skares Jesus verdring. ⁴³ Onder hulle was daar 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing^q gely het en reeds alles

*8:42 Luk 7:12

^q8:43 *bloedvloeiing*: Menstruele bloeding.

wat sy besit, aan dokters bestee het,^r maar sy kon deur niemand genees word nie. ⁴⁴ Sy het van agter af nader gekom en die soom van sy bokleed aangeraak — en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou. ⁴⁵ “Wie het My aangeraak?” het Jesus gevra. Toe almal dit ontken, het •Petrus gesê: “Meester,^s die skare dring tog rondom U saam en druk teen U aan.” ⁴⁶ Maar Jesus het gesê: “Iemand het My aangeraak, want Ek het agtergekom dat daar krag uit My vloei.”

⁴⁷ Toe die vrou besef dat haar optrede nie ongemerk verbygegaan het nie, het sy bewend voor Hom kom neerval. Sy het toe voor die hele volk vertel waarom sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. ⁴⁸ Toe sê Hy vir haar: “Dogter, jou geloof het jou gered.^t Gaan in vrede!^{*}”

⁴⁹ Terwyl Hy nog praat, kom daar iemand van die leier van die sinagoge se huis af en sê: “U dogter is nou net dood. Moenie die leermeester langer lastig val nie.” ⁵⁰ Maar Jesus het dit gehoor en vir hom gesê: “Moenie ontsteld wees nie. Glo net, en sy sal gered word.”

⁵¹ Toe Jesus by die huis aankom, het Hy niemand toegelaat om saam met Hom in te gaan nie, behalwe Petrus, Johannes, Jakobus, en die kind se pa en ma. ⁵² Almal het gehuil en gerou^u oor haar. Maar Jesus het gesê: “Moenie huil nie,^{*} want sy het nie gesterf nie, maar slaap net.” ⁵³ Hulle het Hom egter uitgelag, omdat hulle geweet het dat sy gesterf het.

⁵⁴ Maar Jesus het haar aan die hand geneem en uitgeroep: “Meisie, word

^r**8:43 alles ... bestee het:** Volgens die manuskripgetuïenis is dit nie heeltemal seker of hierdie gedeelte oorspronklik deel van die bronteks was nie. Dit stem egter grootliks ooreen met Mark 5:26.

^s**8:45 Meester:** Vgl voetnoot in 8:24.

^t**8:48 gered:** Die Griekse woord kan ook vertaal word “genees”.

^{*}**8:48 jou geloof ... vrede:** Luk 7:50; 17:19; 18:42

^u**8:52 gerou:** Letterlik ‘op die bors geslaan’. 'n Destydse gebaar om rou uit te druk.

^{*}**8:52 Moenie huil nie:** Luk 7:13

wakker!”*

⁵⁵ Haar gees het teruggekeer, en sy het dadelik opgestaan. Jesus het beveel dat hulle vir haar iets te ete moet gee. ⁵⁶ Haar ouers was oorstelp van blydschap, maar Jesus het hulle opdrag gegee om vir niemand te vertel wat gebeur het nie.*

9

Uitstuur van die twaalf

(*Matt 10:1,7-11,14; Mark 6:7-13*)

¹ Jesus het die twaalf bymekaargeroep, en aan hulle mag en gesag oor alle demone gegee en om siektes te genees. ² Toe het Hy hulle uitgestuur om die •koninkryk van God te verkondig en om die siekes gesond te maak, ³ en vir hulle gesê: “Moet niks vir die pad saamneem nie, nie 'n wandelstok of 'n reissak^v of brood of geld of twee kledingstukke^w nie. ⁴ *Watter huis julle ook al binnegaan, bly daar oor totdat julle weer daarvandaan vertrek. ⁵ En as enigiemand julle nie verwelkom nie — wanneer julle daardie dorp^x verlaat, skud die •stof van julle voete af^y as getuienis teen hulle.” ⁶ Hulle het toe vertrek en die land van een dorpie na die ander deurreis, terwyl hulle die evangelie verkondig en oral siekes gesond maak.

*8:54 Meisie ... wakker: Luk 7:14

*8:56 maar Jesus ... het nie: Mark 7:36; Luk 5:14

^v9:3 reissak: 'n Drasak gemaak van leer of weefstof.

^w9:3 kledingstukke: Letterlik ‘onderklede’.

*9:4 Luk 10:5-7

^x9:5 dorp: Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^y9:5 skud ... af: Dit was 'n teken dat mense niks verder met ander te doen wou hê nie.

Herodes se twyfel oor Jesus

(Matt 14:1-2; Mark 6:14-16)

⁷ Herodes,^z die tetrarg,^a het van al hierdie gebeurtenisse gehoor en was verward, omdat sommige mense sê dat Johannes uit die dood opgewek is, ⁸ terwyl ander beweer dat Elia verskyn het, en nog ander dat een van die profete van ouds opgestaan het.* ⁹ Herodes het gesê: “Johannes het ek onthoof, maar wie is hierdie persoon van wie ek sulke dinge hoor?” En hy het probeer om Hom te sien te kry.*

Vermeerdering van brood

(Matt 14:13-21; Mark 6:30-44; Joh 6:1-13)

¹⁰ Die •apostels het teruggekeer en vir Jesus vertel wat hulle alles gedoen het. Toe het Hy, met net hulle by Hom, na 'n dorp^b gegaan wat Betsaida genoem word. ¹¹ Maar die skare het dit agtergekom en Hom daarheen gevolg. Hy het hulle verwelkom, en met hulle gepraat oor die •koninkryk van God, en diegene wat genesing nodig gehad het, het Hy gesond gemaak. ¹² Dit het al skemer begin raak. Toe het die twaalf nader gekom en vir Hom gesê: “Stuur die skare weg na die dorpies en plase in die omtrek om slaapplek en kos te gaan soek, want ons is hier op 'n verlate plek.” ¹³ Hy sê toe vir hulle: “Gee julle vir hulle iets te ete.” Maar hulle antwoord: “Ons het niks meer nie as net vyf brode en twee visse, tensy ons gaan kos koop vir al hierdie mense.” ¹⁴ Daar was ongeveer

^z**9:7 Herodes:** Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC tot 39 nC.

^a**9:7 tetrarg:** Die ampstitel van iemand wat oor die kwart van 'n voorheen groter gebied regeer het. In 'n later stadium kon dit egter bloot dui op 'n heerser oor 'n relatief klein gebied; •Romeinse ampsdraers.

***9:7-8 sommige mense ... opgestaan het:** Matt 16:14; Mark 8:28; Luk 9:19

***9:9 En ... kry:** Luk 23:8

^b**9:10 dorp:** Vgl voetnoot in 9:5.

vyfduisend mans. Hy sê toe vir sy dissipels: “Laat hulle gaan sit^c in groepe van ongeveer vyftig.”¹⁵ Hulle het so gemaak en almal laat sit.¹⁶ Hy het die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seëngebed uitgespreek. Hy het dit toe in stukke gebreek en vir sy dissipels gegee om aan die skare uit te deel.¹⁷ * Almal het geëet en het versadig geword, en van die stukke wat oorgebly het, is daar twaalf mandjies vol opgetel.

Petrus se belydenis

(Matt 16:13-20; Mark 8:27-31)

¹⁸ Op 'n keer, toe Jesus alleen gebid het, met slegs sy dissipels by Hom, het Hy hulle gevra: “Wie sê die mense is Ek?”¹⁹ * En hulle het geantwoord: “Johannes die Doper, maar ander sê Elia, en ander weer dat een van die profete van ouds opgestaan het.”²⁰ Hy sê toe vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?” • Petrus het geantwoord: “Die Christus^d van God.”*

Eerste lydensaankondiging

(Matt 16:21-23; Mark 8:31-33)

²¹ Jesus het hulle opdrag gegee om dit aan niemand te vertel nie,²² “want,” het Hy gesê, “die •Seun van die Mens moet baie ly, deur die familiehoofde, leierpriesters en die skrifkenners verwerp en doodgemaak en op die derde dag opgewek word.”*

^c**9:14 Laat ... sit:** Letterlik ‘aanleun vir ete’.

***9:17** 2 Kon 4:44

***9:19** Luk 9:7-8

^d**9:20 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***9:20 Maar ... God:** Joh 6:68-69

***9:22 die Seun ... word:** Matt 16:21; 20:18-19; Mark 8:31; 10:33-34

Navolging van Jesus

(Matt 16:24-28; Mark 8:34 — 9:1)

²³ Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand My wil navolg, moet hy homself verloën, en elke dag sy kruis opneem en My volg; ²⁴ * want wie sy lewe wil red, sal dit verloor, maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit red. ²⁵ Want wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins bekom het, maar homself verloor of skade aangedoen het? ²⁶ * Wie hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die •Seun van die Mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in sy heerlijkheid en dié van die Vader en die heilige engele. ²⁷ Ek verseker julle: Sommige van dié wat hier staan, sal beslis nie die dood smaak voordat hulle die koningsheerskappy van God gesien het nie.”

Verheerliking van Jesus

(Matt 17:1-8; Mark 9:2-8)

²⁸ Ongeveer agt dae nadat Hy dit gesê het, het Hy •Petrus en Johannes en Jakobus saamgeneem en teen die berg op gegaan om te gaan bid. ²⁹ En terwyl Hy besig was om te bid, het die voorkoms van sy gesig verander, en sy klere het helderwit geskitter. ³⁰ Skielik was daar twee manne wat met Hom gesprek voer. Dit was Moses en Elia. ³¹ Hulle het in hemelse glans verskyn en met Hom gepraat oor sy uittog, wat Hy in Jerusalem tot vervulling sou bring. ³² * Maar Petrus en die ander twee wat saam met hom was, is deur slaap oorval, en toe hulle wakker word, sien hulle sy glansende heerlijkheid* en die twee manne wat by Hom staan. ³³ Toe die

* **9:23** As ... volg: Matt 10:38; Luk 14:27

* **9:24** Matt 10:39; Luk 17:33; Joh 12:25

* **9:26** Matt 10:33; Luk 12:9; 2 Tim 2:12

* **9:31** sy uittog ... bring: Luk 9:22; 13:33

* **9:32** sien ... heerlijkheid: Joh 1:14; 2 Pet 1:16

manne van Hom afskeid neem, sê Petrus vir Jesus: “Meester,^e dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou, een vir U en een vir Moses en een vir Elia.” Hy het nie besef wat hy sê nie.³⁴ Terwyl hy nog praat, kom daar 'n wolk en gooi 'n skaduwee oor hulle. En terwyl hulle in die wolk verdwyn, het die dissipels^f bang geword.

³⁵ Daar kom toe 'n stem uit die wolk wat sê: “Dit is my •Seun, die Uitverkorene.^g Luister na Hom.”

³⁶ Nadat die stem gepraat het, het hulle Jesus alleen aangetref. Hulle het stilgebly en vir niemand in daardie tyd vertel wat hulle gesien het nie.

Genesing van 'n seun

(Matt 17:14-18; Mark 9:14-27)

³⁷ Nadat hulle die volgende dag van die berg afgekom het, het 'n groot skare mense Hom tegemoet gekom.³⁸ En skielik het 'n man uit die skare hard uitgeroep: “Meester,^h ek smeeek U, kom kyk asseblief na my seun, want hy is my enigste kind.³⁹ Kyk, 'n gees pak hom gereeld beet en dan gaan hy skielik aan die skreeu. Hy gee hom stuiptrekkings met skuim om die mond, en verniel hom en wil hom beswaarlik los.⁴⁰ Ek het u dissipels gesmeek om hom uit te dryf, maar hulle kon nie.”⁴¹ Toe antwoord Jesus: “O ongelowige en ontaarde geslag! Hoe lank moet Ek nog by julle bly en julle verdra? Bring jou seun hier.”⁴² En terwyl die seun nader kom, laat

^e**9:33 Meester:** Die Griekse *epistata* kom meermale in Lukas voor as eerbiedige aanspreekvorm vir Jesus. Dit kom ooreen met die meer algemene Griekse aanspreekvorm *didaskale* of die Hebreeuse •rabbi, dit is ‘leermeester’. In Afrikaans is “meester” die gebruikelike aanspreekvorm vir “leermeester”.

^f**9:34 die dissipels:** Letterlik ‘hulle’.

^g**9:35 Dit ... Uitverkorene:** Verwys na Ps 2:7; Jes 42:1 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 3:17; 12:18; Mark 1:11; Luk 3:22; 2 Pet 1:17.

^h**9:38 Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

die demoon hom val en stuiptrekkings kry. Maar Jesus het die onrein gees bestraf, en die kind gesond gemaak en hom aan sy pa teruggegee.

⁴³ Almal was verstom oor die grootheid van God.

Tweede lydensaankondiging

(Matt 17:22-23; Mark 9:30-32)

Terwyl almal nog verbaas was oor al die dinge wat Hy gedoen het, sê Hy vir sy dissipels: ⁴⁴ “Luister goed na hierdie woorde: Die •Seun van die Mens gaan in die hande van mense oorgelewer word.” ⁴⁵ *Hulle het hierdie uitspraak egter nie verstaan nie. Die betekenis daarvan was vir hulle verborge, sodat hulle dit nie kon begryp nie, maar hulle was te bang om Hom oor hierdie uitspraak uit te vra.

Belangrikste in die koninkryk

(Matt 18:1-5; Mark 9:33-37)

⁴⁶ *'n Argument het onder hulle ontstaan oor wie van hulle die belangrikste is. ⁴⁷ Jesus het geweet wat hulle in hulle harte dink, en trek toe 'n kindjie nader en laat hom langs Hom staan. ⁴⁸ Toe sê Hy vir hulle: “Wie hierdie kindjie in my Naam ontvang, ontvang My. En wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.* Die geringste onder julle almal, hý is die belangrikste.”

Teen julle of vir julle

(Mark 9:38-40; Matt 12:30; Luk 11:23)

⁴⁹ Hierop het Johannes gesê: “Meester,ⁱ ons het iemand in u Naam demone sien uitdryf, en ons het hom probeer keer, omdat hy U nie saam

*9:44 *Die Seun ... word:* Luk 18:32

*9:45 Mark 9:32; Luk 18:34

*9:46 Luk 22:24

*9:48 *Wie hierdie ... gestuur het:* Matt 10:40; Luk 10:16; Joh 13:20

ⁱ9:49 **Meester:** Vgl voetnoot in 9:33.

met ons volg nie.”⁵⁰ Maar Jesus het vir hom gesê: “Moet hom nie keer nie, want wie nie teen julle is nie, is vir julle.*”

Jesus verwerp deur die Samaritane

⁵¹ *Toe die tyd vir Jesus se hemelvaart nader kom, was Hy vasberade om die reis na Jerusalem te onderneem.⁵² Hy het boodskappers voor Hom uitgestuur. En hulle het vertrek en by 'n Samaritaanse dorpie aangekom om daar vir Hom voorbereidings te tref.⁵³ *Maar die Samaritane het Hom nie ontvang nie, omdat Hy doelgerig na Jerusalem op pad was.⁵⁴ Toe die dissipels Jakobus en Johannes dit sien, sê hulle: “Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel laat neerkom om hulle te vernietig?*”⁵⁵ Maar Hy het omgedraai en hulle tereggewys.^j⁵⁶ Hulle het toe na 'n ander dorpie gegaan.

Navolging van Jesus

(Matt 8:19-22)

⁵⁷ Terwyl hulle op pad was, het iemand vir Hom gesê: “Ek sal U volg, waar U ook al gaan.”⁵⁸ Maar Jesus het hom geantwoord: “Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die •Seun van die Mens het geen plek waar Hy sy kop kan neerlê nie.”

⁵⁹ Vir 'n ander een het Hy gesê: “Volg My!” Maar hy het geantwoord: “Here, laat my toe om eers my pa te gaan begrawe.”⁶⁰ En Jesus het vir hom gesê: “Laat die dooies hulle eie dooies begrawe; maar jy, gaan

***9:50** want ... julle: Luk 11:23

***9:51** Mark 10:32

***9:53** Joh 4:9

***9:54** vuur ... vernietig: 2 Kon 1:10,12

^j**9:55** Sommige mss voeg die volgende bewoording by vs 55 en 56: “Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie,” het Hy gesê.⁵⁶ “Die Seun van die mens het immers nie gekom om die lewens van mense te verdelg nie, maar om te red.”, vgl Mark 10:45. Dit ontbreek egter in die •bronteks.

verkondig jy die •koninkryk van God.”

⁶¹ Nog 'n ander een het gesê: “Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om net eers van my huismense afskeid te neem.” ⁶² En Jesus het vir hom gesê: “Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en dan omkyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.”

10

Uitsending van twee-en-sewentig dissipels

¹ Hierna het die Here nog twee-en-sewentig^k ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uitgestuur* na elke dorp¹ en plek wat Hy nog wou besoek. ² *Hy het vir hulle gesê: “Die oes is groot,* maar die werkers min. Daarom moet julle bid tot die Here, aan wie die oes behoort, om werkers uit te stuur vir sy oes. ³ Gaan nou! Kyk, Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.

⁴ * “Moenie 'n beursie of 'n reissak^m of sandale saamdra nie, en moet niemand langs die pad groet nie. ⁵ Watter huis julle ook al binnegaan, sê eers, ‘Vrede vir hierdie huis!’ ⁶ As daar 'n vredeliewende mens woon, sal julle vrede op hom rus, anders sal dit na julle terugkeer. ⁷ *Bly in dieselfde huis, en eet en drink wat hulle aanbied, want die arbeider is sy

***9:61** *maar ... neem:* 1 Kon 19:20

^k**10:1 72:** Sommige mss lui “sewentig”.

***10:1** *twee-twee ... uitgestuur:* Mark 6:7

¹**10:1** *dorp:* Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

***10:2** Matt 9:37-38

***10:2** *Die ... groot:* Joh 4:35

***10:4-11** Matt 10:7-14

^m**10:4** *reissak:* 'n Drasak gemaak van leer of weefstof.

***10:4** *moet niemand ... groet nie:* 2 Kon 4:29; Luk 9:3

***10:7** Luk 9:4

loon werd.* Moenie van huis tot huis rondtrek nie.⁸ As julle in 'n dorp kom en die mense verwelkom julle, eet wat aan julle voorgesit word.*⁹ Maak die siekes wat daar is, gesond en sê vir hulle, ‘Vir julle is die •koninkryk van God op hande.’¹⁰ *Maar as julle in 'n dorp kom waar hulle julle nie verwelkom nie, gaan dan uit in die strate en sê,¹¹ ‘Selfs die •stof van julle dorp wat aan ons voete kleef, vee ons afⁿ as aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: Die koninkryk van God is op hande!’¹² *Ek sê vir julle: Vir die mense van Sodom sal dit op daardie dag draagliker* wees* as vir daardie dorp.”

Ellende vir die onboetvaardige stede

(Matt 11:21-23)

¹³ “Ellende wag op jou, Gorasin! Ellende wag op jou, Betsaida! Want as die kragtige dae wat in julle plaasgevind het, in Tirus en Sidon gebeur het, sou hulle lankal in sak en as^o gesit en hulle bekeer het.¹⁴ Maar vir Tirus en Sidon* sal dit op die oordeelsdag draagliker wees as vir julle.¹⁵ En jy, Kapernaum,

“Sal jy tot die hemel toe verhoog word?

*10:7 want ... werd: 1 Tim 5:18; 1 Kor 9:6-14

*10:8 eet ... word: 1 Kor 10:27

*10:10-11 Luk 9:5

ⁿ10:11 stof ... af: Dit was 'n teken dat mense niks verder met ander te doen wou hê nie.

*10:12 Matt 10:15

*10:12 Vir ... draagliker: Gen 19:24-25

*10:12 Ek ... wees: Matt 11:24

^o10:13 sak en as: As teken van rou, het hulle growwe klere van bokhare aangetrek en as op hulle koppe gegooi; Est 4:1; Jona 3:6.

*10:13-14 Tirus en Sidon: Jes 23; Eseg 26 — 28; Joël 3:4-8; Am 1:9-10; Sag 9:2-4

Nee, jy sal na Hades^p afdaal!*

¹⁶ * “Wie na julle luister, luister na My, en wie julle verwerp, verwerp My. En wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.”

Terugkeer van die twee-en-sewentig

¹⁷ Die twee-en-sewentig^q het vol blydschap teruggekeer en gesê: “Here, selfs die demone onderwerp hulle aan ons op grond van u Naam.” ¹⁸ Toe sê Hy vir hulle: “Ek het Satan^r soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val.* ¹⁹ Kyk, Ek het aan julle gesag gegee om op slange en skerpioene te trap,* en ook oor al die mag van die vyand. Niks sal julle enige skade kan aandoen nie.* ²⁰ En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie.* Wees eerder bly dat julle name reeds in die hemel opgeskryf is.*”

Jesus se lof aan die Vader

(*Matt 11:25-27; 13:16-17*)

²¹ Op daardie oomblik het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel en gesê: “Ek loof U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir

^p**10:15 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

* **10:15 Sal ... afdaal:** Jes 14:13,15

* **10:16** Matt 10:40; Joh 5:23; 15:23

^q**10:17 72:** Vgl die voetnoot in 10:1.

^r**10:18 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

* **10:18 Satan ... val:** Jes 14:12; Joh 12:31; Op 12:8-9

* **10:19 om op ... te trap:** Gen 3:15; Ps 91:13; Mark 16:18

* **10:19 Niks ... aandoen nie:** Matt 16:18

* **10:20 geeste ... onderwerp nie:** Matt 7:22

* **10:20 julle name ... is:** Eks 32:32; Fil 4:3; Op 3:5

slim en geleerde mense verberg en dit aan kindertjies bekend gemaak het.* Ja, Vader, want so het U dit goedgevind.²² Alles is deur my Vader aan My toevertrou.* En niemand ken die •Seun nie, behalwe die Vader, en niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun* en elkeen aan wie die Seun Hom bekend wil maak.”²³ Toe hulle op hulle eie was, het Jesus na sy dissipels gedraai en vir hulle gesê: “Gelukkig is die oë wat sien wat julle sien,²⁴* want Ek sê vir julle, baie profete en konings sou graag wou sien wat julle sien, maar het nie gesien nie, en sou graag wou hoor wat julle hoor, en hulle het nie gehoor nie.”

Liefdesgebod: die barmhartige Samaritaan

(Matt 22:35-40; Mark 12:28-31)

²⁵ En kyk, 'n sekere wetskenner het opgestaan om Jesus te toets,* en Hom gevra: “Meester,^s wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?”*

²⁶ Jesus sê toe vir hom: “Wat staan in die Wet^t geskryf? Wat lees jy daar?”

²⁷ Hy het geantwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel^u en met al jou krag* en met jou hele verstand, en jou

*10:21 dat U ... gemaak het: 1 Kor 1:26-28

*10:22 Alles ... toevertrou: Joh 3:35

*10:22 niemand ken die Seun ... behalwe die Seun: Joh 10:15; 14:6; 17:3

*10:23 Gelukkig ... julle sien: Matt 13:16

*10:24 1 Pet 1:10

*10:25 'n Sekere ... toets: Matt 22:35

^s10:25 **Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

*10:25 **Meester ... erf:** Matt 19:16; Mark 10:17; Luk 18:18

^t10:26 **Wet:** Verwys na die •Wet van Moses.

^u10:27 **siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings. Saam met “hart”, “krag” en “verstand” dui dit ons totale menswees met al sy vermoëns aan.

*10:27 **Jy ... krag:** Deut 6:5; 10:12; Jos 22:5; Matt 22:37; Mark 12:33

naaste soos jouself.*”²⁸ “Jy het reg geantwoord,” het Jesus vir hom gesê. “Doen dit, en jy sal leef!”²⁹ Maar hy wou homself regverdig, en het toe vir Jesus gevra: “En wie is my naaste?”

³⁰ Hierop het Jesus geantwoord: “'n Man het van Jerusalem afgegaan na Jerigo, en is deur rowers oorval. Hulle het sy klere uitgetrek, hom geslaan en toe weggegaan, en hom half dood agtergelaat.³¹ 'n Priester het onvoorsiens met daardie pad langs afgegaan en toe hy hom sien, het hy aan die ander kant verbygegaan.³² En net so het ook 'n Leviet by die plek aangekom, en toe hy hom sien, het ook hy aan die ander kant verbygegaan.³³ Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry.³⁴ Hy het na hom gegaan, sy wonde verbind en olyfolie^v en wyn daaroor gegiet. Toe help hy hom op sy eie rydier, neem hom na 'n herberg en versorg hom daar.³⁵ Die volgende oggend haal hy twee denarius^w uit, gee dit vir die herbergier en sê, ‘Versorg hom, en wat jy ook al bestee, sal ek jou betaal as ek terugkom.’³⁶ Wie van hierdie drie, dink jy, was 'n naaste vir die man wat deur die rowers oorval is?”³⁷ En hy het geantwoord: “Die een wat ontferming aan hom betoon het.” Toe sê Jesus vir hom: “Gaan maak jy ook so.”

Martha en Maria

³⁸ Terwyl hulle op reis was, het Hy by 'n sekere dorpie gekom waar 'n vrou met die naam Martha Hom as gas ontvang het.³⁹ Sy het 'n suster

***10:27** *jou naaste ... jouself*: Lev 19:18; Matt 19:19; 22:39; Mark 12:31; Rom 13:9; Gal 5:17; Jak 2:8

***10:28** *Doen ... leef*: Lev 18:5; Rom 10:5; Gal 3:12

^v**10:34** *olyfolie*: •Met olie salf.

^w**10:35** *denarius*: Dit was 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

met die naam Maria gehad,* wat by die Here se voete gaan sit het om na sy woorde te luister. ⁴⁰ Maar Martha was besig met al die voorbereidings. Sy kom toe daar staan en sê: “Here, pla dit U nie dat my suster my alleen los om te bedien nie? Sê tog vir haar om my te help!” ⁴¹ Maar die Here antwoord haar: “Martha, Martha, jy kwel en ontstel jou oor so baie dinge, ⁴² maar net een ding is noodsaaklik, en Maria het die goeie deel gekies; dit sal nie van haar af weggeneem word nie.”

11

Gebed

(Matt 6:9-13; 7:7-11)

¹ Op 'n keer het Jesus op 'n sekere plek gebid, en toe Hy klaar was, het een van sy dissipels vir Hom gesê: “Here, leer ons bid, soos ook Johannes sy dissipels geleer het.*”

² Hy het vir hulle gesê: “Wanneer julle bid, moet julle sê,

“ ‘Vader,^x laat u Naam geheilig word.

Laat u •koninkryk kom.

³ Gee ons elke dag ons daaglikse brood

⁴ en vergeef ons ons sondes;

want ook ons vergeef elkeen

wat teenoor ons skuldig staan.

En bring ons nie in versoeking nie.’ ”^y

*10:38-39 'n vrou ... Maria gehad: Joh 11:1; 12:2-3

*11:1 bid ... geleer het: Luk 5:33

^x11:2 **Vader:** Sommige mss en vroeë vertalings lui “Ons Vader wat in die hemel is”.

^y11:4 **versoeking nie:** Sommige mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna: “maar verlos ons van die Bose”; vgl Matt 6:13.

⁵ Hierna het Hy vir hulle gesê: “Gestel een van julle het 'n vriend, en hy gaan om middernag na hom en sê vir hom, ‘Vriend, leen tog vir my drie brode, ⁶ want 'n vriend van my wat op reis is, het by my aangekom en ek het niks om vir hom voor te sit nie.’ ⁷ En daardie man antwoord van binne af, ‘Moet my nie pla nie!’ Die deur is al gesluit, en ek en my kindertjies is al in die bed. Ek kan nie opstaan om dit vir jou te gee nie.’ ⁸ Ek sê vir julle, selfs al staan hy nie op om dit vir hom te gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en vir hom gee wat hy nodig het, omdat die man so onbeskaamd aanhou.* ⁹ Ek sê vir julle:

“Vra, en vir julle sal gegee word;
soek, en julle sal vind;
klop, en vir julle sal oopgemaak word.

¹⁰ Want elkeen wat vra, ontvang;
en wie soek, vind;
en vir wie klop, sal oopgemaak word.

¹¹ “Watter pa onder julle sal, as sy seun hom 'n vis vra, hom 'n slang in plaas van 'n vis gee? ¹² Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen gee? ¹³ As julle wat sleg is, dan weet om goeie geskenke aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan hulle wat Hom vra.”

Jesus en Beëlsebul

(Matt 12:22-30; Mark 3:22-27)

¹⁴ Op 'n dag het Jesus 'n demoon wat stom was, uit 'n man gedryf. Nadat die demoon hom verlaat het, het die stomme begin praat. Die skare was

* **11:7** Moenie ... pla nie: Matt 26:10; Luk 18:5; Gal 6:17

* **11:8** sal hy ... aanhou: Luk 18:5

verwonderd, ¹⁵ maar sommige van hulle het beweer: “Dit is deur Beëlsebul,^z die aanvoerder van die demone, dat hy die demone uitdryf.”*
¹⁶ Ander weer het van Hom 'n teken uit die hemel gevra om Hom te toets.* ¹⁷ Maar Hy het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: “Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, gaan ten gronde, en 'n huis wat verdeeld is, kom tot 'n val. ¹⁸ As ook Satan^a teen homself verdeeld is, hoe sal sy koninkryk dan staande bly? Tog beweer julle dat Ek deur Beëlsebul demone uitdryf. ¹⁹ As Ek wel deur Beëlsebul demone uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle dan uit? Daarom sal hulle regters oor julle wees. ²⁰ Maar as Ek deur die vinger van God^b demone uitdryf, dan het die •koninkryk van God julle bereik. ²¹ *Wanneer 'n sterk, goed bewapende man sy eie huis bewaak, is sy besittings veilig. ²² Maar as daar iemand aankom wat sterker as hy is, en hom oorrompel, neem so iemand die volle wapenrusting af waarop die sterk man vertrou het, en verdeel die buit. ²³ Wie hulle nie by My skaar nie, is teen My*, en wie nie saam met My bymekaarmaak nie, verstrooi.”

Terugkeer van 'n onrein gees

(Matt 12:43-45)

²⁴ “Wanneer 'n onrein gees 'n mens verlaat, swerf hy deur waterlose streke op soek na rus, sonder om dit te vind. Dan sê hy, ‘Ek sal terugkeer

^z**11:15 Beëlsebul:** •Satan, die aanvoerder van die demone (Matt 12:24). Sy naam en die naam van die Filistynse afgod Baäl-Sebub (2 Kon 1:2-4) is amper dieselfde.

* **11:15** *het beweer ... uitdryf:* Matt 9:34

* **11:16** *het van ... toets:* Matt 12:38; 16:1; Mark 8:11; 1 Kor 1:22

^a**11:18 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

^b**11:20 vinger ... God:** Dit is 'n beeld van die krag van God; vgl Eks 8:19.

* **11:21-22 Ps Sal 5:4** •Pseudepigrawe

* **11:23** *Wie ... teen My:* Mark 9:40; Luk 9:50

na my huis wat ek verlaat het.’²⁵ En by sy terugkeer vind hy dit uitgevee en aan die kant gemaak.²⁶ Dan gaan haal hy sewe ander geeste, slegter as hyself, trek in en woon daar. Die uiteinde van daardie mens is erger as sy begin.*”

Ware geluk

²⁷ Terwyl Hy dit sê, het 'n vrou in die skare haar stem verhef en Hom toegeroep: “Gelukkig is die moederskoot wat U gedra het* en die borste wat U gevoed het!”²⁸ Maar Hy antwoord: “Ja, maar waarlik gelukkig is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou.”

Teken van Jona

(Matt 12:38-42; Mark 8:12)

²⁹ Toe die skare om Hom saamdrom, het Jesus met hulle begin praat:^c “Hierdie geslag is 'n slegte geslag. Hulle vra 'n teken,* maar geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van Jona.*³⁰ Net soos Jona vir die mense van Nineve 'n teken was, so sal die •Seun van die Mens 'n teken wees vir hierdie geslag.³¹ Die koningin van die Suide sal in die oordeel saam met die mense van hierdie geslag opgewek word en hulle veroordeel, want sy het van die eindes van die aarde gekom om die wysheid van Salomo aan te hoor,* en waarlik, wat hier is, is groter as Salomo.³² Die mense van Nineve sal in die oordeel saam met hierdie geslag opstaan en dit veroordeel, omdat hulle op grond van die prediking van Jona tot bekering

*11:26 Die uiteinde ... begin: Joh 5:14

*11:27 Gelukkig ... gedra het: Luk 1:28,42,48

^c11:29 **begin praat:** Letterlik ‘sy mond oopgemaak’, 'n uitdrukking om die begin van 'n belangrike uitspraak aan te dui.

*11:29 vra 'n teken: 1 Kor 1:22

*11:29 Hierdie geslag ... Jona: Matt 16:4

*11:31 Die koningin ... hoor: 1 Kon 10:1-10; 2 Kron 9:1-12

gekom het,* en waarlik, wat hier is, is groter as Jona.”

Lamp van die liggaam

(Matt 5:15; 6:22-23)

³³ * “Niemand steek 'n lamp op en plaas dit dan in 'n versteekte hoekie of onder 'n maatemmer^d nie, maar op 'n lampstaander, sodat die mense wat binnekom, die lig kan sien. ³⁴ Die oog is die lamp van die liggaam. As jou oog suiwer is, is jou hele liggaam ook verlig, maar as dit boos is, is jou liggaam ook donker. ³⁵ Pas dus op dat die lig in jou nie duisternis is nie. ³⁶ As jou hele liggaam verlig is en daar nie 'n enkele donker plekkie is nie, sal dit heeltemal verlig wees, soos wanneer 'n lamp jou met sy strale verlig.”

Waarskuwing teen die Fariseërs en die wetskenners

(Matt 23:1-36; Mark 12:38-40; Luk 20:45-47)

³⁷ Tydens Jesus se redevoering het 'n •Fariseër Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het by sy huis ingegaan en aangeleun om te eet.^e ³⁸ Die Fariseër was verbaas om te sien dat Jesus nie voor die maaltyd laat was het nie.* ³⁹ Maar die Here sê vir hom: “Ja, julle Fariseërs, julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar van binne is julle vol inhaligheid en boosheid. ⁴⁰ Dwase! Het Hy wat die buitekant gemaak het, nie ook die binnekant gemaak nie? ⁴¹ Gee liever die inhoud vir liefdadigheid, dan sal alles vir julle skoon wees. ⁴² Maar ellende wag vir

* **11:32** *Die mense ... gekom het:* Jona 3:8,10

* **11:33** Mark 4:21; Luk 8:16

^d**11:33** *maatemmer:* 'n Romeinse droë inhoudsmaat vir graan, ongeveer 8,7 liter; •Inhoudsmate.

^e**11:37** *aangeleun ... eet:* Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

* **11:38** *nie voor ... het nie:* Matt 15:2

julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement en wynruit en allerhande soorte kruie,* maar julle verwaarloos die reg en die liefde vir God. Julle moes die een gedoen het, sonder om die ander na te laat.

⁴³ Ellende wag vir julle, Fariseërs, want julle hou van die ereplekke in die •sinagoges en om op die markpleine begroet te word. ⁴⁴ Ellende wag vir julle, want julle is soos ongemerkte grafte waaroor die mense loop sonder om dit te besef.”

⁴⁵ Een van die wetskenners het Hom geantwoord: “Meester,^f as u dit sê, beledig u ons ook.” ⁴⁶ Daarop het Hy gesê: “Julle wetskenners, ellende wag ook vir julle, want julle belas die mense met ondraaglike vragte, en self raak julle nie met 'n vinger aan die vrag nie. ⁴⁷ Ellende wag vir julle, want julle bou grafmonumente vir die profete, maar julle voorvaders het hulle vermoor. ⁴⁸ Julle is dus getuies wat die daede van julle voorvaders goedkeur, want hulle het die profete vermoor, en julle bou hulle grafmonumente. ⁴⁹ Om hierdie rede het die Wysheid van God^g gesê, ‘Ek sal profete en •apostels na hulle stuur, maar hulle sal sommige doodmaak en vervolg.’ ⁵⁰ Daarom sal vir die bloed van al die profete wat sedert die grondlegging van die wêreld vergiet is, vergelding van hierdie geslag geëis word — ⁵¹ van die bloed van Abel* tot by die bloed van Sagaria, wat tussen die altaar en die heiligdom om die lewe gebring is.* Ja, Ek sê vir julle, dit sal van hierdie geslag geëis word. ⁵² Ellende wag op julle, wetskenners, want julle het die sleutel van kennis weggeneem. Self het

* **11:42** *julle gee ... kruie*: Lev 27:30

^f**11:45** **Meester**: Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

^g**11:49** **Wysheid van God**: Dit is óf die titel van 'n onbekende boek, óf verwys na 'n plek in 'n onbekende boek waarin die wysheid van God as 'n persoon voorgestel word.

* **11:51** *bloed van Abel*: Gen 4:8

* **11:51** *bloed van Sagaria ... gebring is*: 2 Kron 24:20-21

julle nie ingegaan nie, en diegene wat wou ingaan, het julle verhinder.”

⁵³ Nadat Hy daarvandaan vertrek het, het die skrifkenners en die Fariseërs erg vyandiggesind teenoor Hom geraak, Hom oor baie onderwerpe uitgelok ⁵⁴* en Hom fyn dopgehou of Hy iets sou sê op grond waarvan hulle Hom kon vastrek.

12

Waarskuwing teen skynheiligheid

(Matt 16:6; 10:26-27)

¹ Terwyl die skare in hulle duisende saamdrom, sodat hulle mekaar byna vertrap, begin Jesus eers met sy dissipels praat: “Wees op julle hoede vir die suurdeeg van die •Fariseërs, dit is, hulle skynheiligheid.*

²* Daar is niks bedek wat nie openbaar sal word nie, en niks verborge wat nie bekend sal word nie. ³ Daarom sal alles wat julle in die donker sê, in die lig gehoor word; en wat julle vir mekaar in julle slaapkamers in die oor fluister, sal van die dakstoepe^h af verkondig word.”

Wie gevrees moet word

(Matt 10:28-31)

⁴ “My vriende, Ek sê vir julle: Moenie hulle vrees wat die liggaam doodmaak, en daarna niks verder kan doen nie. ⁵ Maar Ek sal vir julle aantoon wie julle moet vrees: Vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het,ⁱ

* **11:54** Luk 20:20

* **12:1** *Wees ... skynheiligheid:* Matt 16:6; 8:15

* **12:2** Matt 10:26; Mark 4:22; Luk 8:17

^h**12:3** *dakstoepe:* Die ruimte bo-op die plat dak van 'n huis, gewoonlik van klei en plantmateriaal, wat met 'n leer of kliptrap bereik kon word.

ⁱ**12:5** *nadat Hy doodgemaak het:* Die •bronteks kan ook vertaal word “ná die doodmaak”.

die mag het om iemand in Gehenna^j te werp. Ja, Ek sê vir julle, Hom moet julle vrees. ⁶ Word vyf mossies nie vir twee assarius^k verkoop nie? En nie een van hulle is vergete voor God nie. ⁷ Selfs die hare op julle kop is almal getel. Moenie bang wees nie: * julle is meer werd as baie mossies. *”

Aanmoediging om Christus te bely

(Matt 10:32-33; 12:32; Mark 3:28-29; Matt 10:19-20; Mark 13:11)

⁸ “Ek sê vir julle, elkeen wat My voor die mense bely, hom sal die •Seun van die Mens ook bely voor die engele van God. ⁹ *Maar wie My voor die mense verloën, sal voor die engele van God verloën word. ¹⁰ *Elkeen wat iets teen die Seun van die Mens sê, dit sal hom vergewe word; maar wie teen die Heilige Gees laster, sal nie vergewe word nie. ¹¹ *En wanneer hulle julle voor die •sinagoges en die owerhede en die maghebbers bring, moet julle nie bekommerd wees oor wat julle ter verdediging moet sê nie, ¹² want die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat julle moet sê.”

Gelykenis van die ryk dwaas

¹³ Iemand uit die skare het vir Hom gesê: “Meester,^l sê vir my broer om

^j12:5 **Gehenna:** 'n Vergriekste vorm van die Hebreuse uitdrukking *ge hinnom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook as "hel" vertaal.

^k12:6 **assarius:** 'n Romeinse kopermuntstuk wat een sestiende van 'n •denarius werd was; •Geldeenhede.

*12:7 *die hare ... wees nie:* Luk 21:18; Hand 27:34

*12:7 *julle ... mossies:* Luk 12:24

*12:9 Luk 9:26

*12:10 Mark 3:28-29

*12:11-12 Mark 13:11; Luk 21:12-15

^l12:13 **Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

die erfenis met my te deel.”¹⁴ Maar Hy antwoord hom: “Mens, wie het My as regter of bemiddelaar oor julle aangestel?”¹⁵ Toe sê Hy vir hulle: “Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid,* want 'n mens se lewe word nie bepaal deur die oorvloed van sy besittings nie.”

¹⁶ Daarna het Hy vir hulle die volgende gelykenis vertel: “'n Sekere ryk man se plaas het 'n goeie oes opgelewer.¹⁷ Hy het homself toe afgevra, ‘Wat moet ek doen? Want ek het nie plek waar ek my oes kan opgaan nie.’¹⁸ Toe sê hy, ‘Dit is wat ek sal doen. Ek sal my skure afbreek en groter skure bou. Daarin sal ek al my graan en my goedere opgaan.¹⁹ *Dan sal ek vir myself sê: Mens,^m jy het baie goed opgegaan vir baie jare. Ontspan, eet, drink en wees vrolik.’²⁰ Maar God het vir hom gesê, ‘Jou dwaas! Vannag nog sal jou lewe opgeëis word. En wat jy bymekaargemaak het, aan wie sal dit dan behoort?’²¹ *So gaan dit met iemand wat vir homself skatte bymekaarmaak, en nie in God ryk is nie.”

Sorge van die lewe

(Matt 6:25-34; 6:19-21)

²² Hy het toe vir sy dissipels gesê: “Daarom sê Ek vir julle, moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle sal eet, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie.²³ Die lewe is tog belangriker as kos en die liggaam as klere.²⁴ Let op die kraaie: Hulle saai nie en hulle maai nie, hulle het nie 'n stoorkamer of 'n skuur nie. Tog sorg God vir hulle.* Hoeveel meer is julle nie werd as die voëls nie!²⁵ Wie van julle kan, deur hom te

*12:14 wie ... aangestel: Eks 2:14; Hand 7:27

*12:15 Pas op ... gierigheid: 1 Tim 6:9-10

*12:19-20 Sir 11:19

^m12:19 myself sê Mens: Letterlik ‘my •siel ... siel’.

*12:21 Matt 6:20

*12:24 Let op ... vir hulle: Ps 147:9

*12:24 Hoeveel ... voëls nie: Luk 12:7

bekommer, een el by sy leweⁿ voeg? ²⁶ As julle nie eers so 'n klein dingetjie kan regkry nie, waarom bekommer julle julle oor die res?

²⁷ “Let op die wilde narsings,^o hoe hulle groei. Hulle swoeg nie, en hulle spin nie. Maar Ek sê vir julle, selfs Salomo in al sy prag* was nie soos een van hulle geklee nie. ²⁸ En as God die gras in die veld wat vandag nog daar staan en môre in 'n oond gegooi word, so klee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges!

²⁹ “Moet ook nie soek na dit wat julle moet eet of drink en daaroor besorg wees nie. ³⁰ Dit is immers alles dinge waarna die nasies van hierdie wêreld soek; maar julle Vader weet wat julle nodig het. ³¹ Soek eerder sy •koninkryk, en hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. ³² Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het dit goedgevind om die koninkryk aan julle te gee.* ³³ Verkoop julle besittings en gee vir die armes.* Maak vir julle beursies wat nie vergaan nie, 'n onuitputlike skat in die hemel, waar 'n dief nie kan bykom en geen mot kan verniel nie. ³⁴ Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.”

Gelykenis van die waaksame slaaf

(Matt 24:45-51; Mark 13:33-37)

³⁵ “Laat julle heupe omgord^p wees en julle lampe aan die brand.* ³⁶ En

ⁿ12:25 *el ... lewe*: Die bronteks kan ook vertaal word “el by sy lengte”. 'n •El kan 'n maat van tyd of lengte wees; •Lengtemate.

^o12:27 *wilde narsings*: Veldblomme wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

*12:27 *Salomo ... prag*: 1 Kon 10:4-7; 2 Kron 9:3-6

*12:32 *julle Vader ... gee*: Luk 22:29; Op 1:6

*12:33 *Verkoop ... armes*: Matt 19:21; Mark 10:21; Luk 18:22

^p12:35 *heupe omgord*: Die lang mantels moes met gordels om die heupe vasgetrek word sodat mense gereed kon wees om te werk en gemaklik te beweeg; Eks 12:11; 1 Kon 18:46; 2 Kon 4:29; 9:1; Job 38:3; 40:7; Spr 31:17; Jer 1:17; Ef 6:14; 1 Pet 1:13.

*12:35 *julle lampe ... brand*: Matt 25:1,7

wees soos mense wat vir hulle eienaar wag om van die bruilofsfees terug te kom, sodat hulle, wanneer hy tuiskom en klop, dadelik vir hom kan oopmaak.* ³⁷ Gelukkig is daardie slawe vir wie die eienaar wakker aantref wanneer hy terugkom. •Amen, Ek sê vir julle: Hy sal sy gordel vasmaak, hulle vir ete laat aanleun^q en hulle kom bedien.* ³⁸ En as hy in die tweede of derde nagwaak^r kom en hulle só aantref — gelukkig is daardie slawe. ³⁹ *Maar dit moet julle weet: As die huiseienaar geweet het op watter tydstip die dief kom,* sou hy nie by sy huis laat inbreek het nie. ⁴⁰ Wees julle ook gereed, want die •Seun van die Mens kom op 'n tyd wanneer julle dit nie verwag nie.”

⁴¹ Toe vra •Petrus: “Here, vertel U hierdie gelykenis vir ons, of vir almal?” ⁴² En die Here antwoord: “Wie is die betroubare en verstandige bestuurder vir wie die eienaar oor sy dienaars sal aanstel om hulle rantsoene op tyd te gee? ⁴³ Gelukkig is daardie slaaf wie se eienaar hom so aan die werk sal vind wanneer hy kom. ⁴⁴ Waarlik, Ek sê vir julle: Hy sal hom oor al sy besittings aanstel.* ⁴⁵ Maar as daardie slaaf in sy hart sê, ‘My heer talm om te kom’, en hy begin die dienaars en diensmeisies slaan, en begin eet en drink en dronk word, ⁴⁶ sal die eienaar van daardie slaaf op 'n dag kom wat hy nie verwag nie en op 'n uur wat hy nie weet nie. Hy sal

* **12:36** mense ... oopmaak: Mark 13:35-37; Matt 25:6

^q**12:37** vir ete ... aanleun: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

* **12:37** Hy sal ... bedien: Luk 17:7-8; Joh 13:4

^r**12:38** nagwaak: Verwys na een van die 4 wagbeurte waarin die nag volgens die Romeinse tydsindeling verdeel is. Volgens ander verwys dit hier na die 3 wagbeurte waarin die nag volgens die Jode en Grieke vroeër verdeel is; •Tydsindeling.

* **12:39-40** Matt 24:43-44

* **12:39** op ... kom: 1 Thess 5:2

* **12:44** Hy sal ... aanstel: Matt 25:21,23

hom middeldeur laat kap^s en hom laat deel in die lot van die ontroues.

⁴⁷ *Daardie slaaf wat weet wat sy eienaar wil hê, en nie gereed is of gedoen het wat sy eienaar van hom verwag nie, sal swaar gestraf word. ⁴⁸ Maar die een wat dit nie weet nie, en dinge gedoen het wat straf verdien, sal net lig gestraf word. Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word, en aan wie baie toevertrou is, van hom sal meer gevra word.”

Verdeeldheid

(Matt 10:34-36)

⁴⁹ “Ek het gekom om 'n vuur op die aarde aan te steek, en hoe wens Ek dat dit al aan die brand was! ⁵⁰ Ek het 'n doop waarmee Ek gedoop moet word,* en hoe swaar lê dit nie op My totdat dit afgehandel is nie! ⁵¹ Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring?* Nee, sê Ek vir julle, eerder verdeeldheid, ⁵² want van nou af sal vyf mense in een huis verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie.

⁵³ * “Daar sal verdeeldheid wees:

pa teen seun

en seun teen pa,

ma teen dogter

en dogter teen ma,

skoonma teen haar skoondogter

en skoondogter teen skoonma.”

^s12:46 *middeldeur ... kap*: Kan ook figuurlik verstaan word as ‘swaar straf’.

* 12:47 Jak 4:17

* 12:50 *Ek ... word*: Mark 10:38-39

* 12:51 *Dink ... bring*: Luk 2:14

* 12:53 Miga 7:6

Beoordeling van tekens

(Matt 16:2-3)

⁵⁴ *Toe sê Hy vir die skare: “Wanneer julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik, ‘Daar kom reën!’, en dit gebeur so. ⁵⁵ En wanneer die suidewind waai, sê julle, ‘Dit gaan baie warm word!’, en dit gebeur ook. ⁵⁶ Skynheiliges, julle weet hoe om die voorkoms van die aarde en die lug te beoordeel, maar hoe is dit dat julle nie weet hoe om hierdie beslissende tyd te beoordeel nie?”

Vroegtydige versoening

(Matt 5:25-26)

⁵⁷ “Hoekom kan julle nie self oordeel oor wat reg is nie? ⁵⁸ As jy saam met jou teenstander owerheid toe gaan, doen moeite om die saak onderweg met hom te skik, sodat hy jou nie voor die regter sleep, en die regter jou aan die hofbeampte oorgee, en die hofbeampte jou in die tronk gooi nie. ⁵⁹ Ek sê vir jou: Jy sal beslis nie daar uitkom voordat jy die laaste lepton^t betaal het nie.”

13

Oproep tot bekering

¹ Juis in daardie tyd was daar mense teenwoordig wat vir Hom vertel het van die Galileërs wie se bloed •Pilatus met dié van hulle offerdiere gemeng het.* ² Hy het hulle geantwoord en gesê: “Dink julle daardie Galileërs was groter sondaars as al die ander Galileërs omdat hulle hierdie dinge gely het?” ³ Beslis nie, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie

*12:54-56 Matt 16:2-3

^t12:59 *lepton*: Die kleinste Romeinse muntstuk; •Geldeenhede.

*13:1 *Galileërs ... gemeng het*: Hand 5:37

*13:2 *Dink ... gely het*: Joh 9:2

bekeer nie, sal julle almal net so omkom!* ⁴ Of daardie agttien wat dood is toe die toring van *Siloam* op hulle geval het, dink julle dat hulle skuldiger was as al die inwoners van Jerusalem? ⁵ Beslis nie, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.*”

Gelykenis van die vyeboom

⁶ Hy het toe die volgende gelykenis vertel: “Iemand het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was. Hy het vrugte daaraan gaan soek en niks gevind nie.* ⁷ Toe het hy vir die tuinier gesê, ‘Kyk, dis al drie jaar wat ek vrugte aan hierdie vyeboom kom soek en niks kry nie. Kap dit uit. Waarom moet dit die grond langer uitput?’ ⁸ Maar hy antwoord en sê vir hom, ‘Meneer, laat dit nog hierdie jaar bly staan,* totdat ek rondom gespit en mis gegee het. ⁹ En as dit dan volgende jaar vrugte dra, goed. Maar as dit nie gebeur nie, kan u dit uitkap.’ ”

Genesing op die Sabbat

¹⁰ Op die Sabbat het Hy in een van die •sinagoges onderrig gegee. ¹¹ En kyk, daar was 'n vrou wat al vir agttien jaar gely het onder 'n gees wat haar siek gemaak het. Sy was kromgetrek, en kon glad nie regop kom nie. ¹² Toe Jesus haar sien, het Hy haar nader geroep en vir haar gesê: “Mevrou, jy is van jou siekte verlos.” ¹³ Daarna het Hy sy hande op haar gelê, en sy het dadelik regop gekom en God geloof. ¹⁴ Maar die leier van die sinagoge was verontwaardig omdat Jesus iemand op die Sabbat gesond gemaak het,* en hy het vir die skare gesê: “Daar is ses dae waarop 'n mens moet werk. Kom dan op daardie dae om genees te word, en nie

* **13:3** maar ... omkom: Ps 7:13

* **13:5** maar ... omkom: Ps 7:13

* **13:6** Iemand ... gevind nie: Hab 3:17; Matt 21:19; Mark 11:13

* **13:8** laat dit ... staan: 2 Pet 3:9,15

* **13:14** was verontwaardig ... gemaak het: Matt 12:10; Mark 3:2; Luk 6:7; Joh 5:16; 7:23; 9:14,16

op die Sabbat nie.”* ¹⁵ Maar die Here het hom geantwoord:
“Skynheiliges! Maak elkeen van julle nie op die Sabbat sy os of sy donkie los van die krip en lei hom uit om te drink nie?” ¹⁶ En hierdie vrou, 'n dogter van Abraham,* vir wie Satan^u al agttien jaar lank gevange hou, moes sy dan nie op die Sabbat van hierdie boeie verlos word nie?” ¹⁷ Toe Hy dit gesê het, het al sy teenstanders beskaamd gestaan, maar die hele skare was verheug oor al die wonderlike dinge wat deur Hom verrig is.

Gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg

(Matt 13:31-33; Mark 4:30-32)

¹⁸ Daarop het Hy gesê: “Waarom is die •koninkryk van God gelyk, en waarmee sal Ek dit vergelyk? ¹⁹ Dit is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand geneem en in sy tuin gesaai het. Dit het gegroei en 'n boom geword, en die voëls van die hemel het in sy takke kom nesmaak.*” ²⁰ Hy vra toe weer: “Waarmee sal Ek die koninkryk van God vergelyk? ²¹ Dit is soos suurdeeg wat 'n vrou geneem en in drie *saton*^v koringmeel ingewerk het totdat dit heeltemal deurgesuur is.”

Die smal deur

(Matt 7:13-14,21-23)

²² Onderweg na Jerusalem het Hy deur stede en dorpe^w gereis en die

* **13:14** Daar ... Sabbat nie: Eks 20:9-10; Deut 5:13-14

* **13:15** Maak ... drink nie: Luk 14:5

* **13:16** 'n dogter van Abraham: Luk 19:9

^u**13:16** *Satan*: Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

* **13:19** voëls ... nesmaak: Ps 104:12; 103:12 •Septuagint; Eseg 17:23; 31:6; Dan 4:12,21

^v**13:21** *saton*: 'n Inhoudsmaat vir droë materiaal; 3 *saton* was ongeveer 40 liter; •Inhoudsmate.

^w**13:22** *dorpe*: Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

mense geleer. ²³ Iemand het vir Hom gevra: “Meneer, is diegene wat verlos word, min?” En Hy het vir hulle gesê: ²⁴ “Beywer julle om by die smal deur in te gaan,* want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan, maar sal dit nie regkry nie. ²⁵ As die huisbaas eers opgestaan en die deur gaan sluit het, en julle staan buite en klop aan die deur en roep, ‘Meneer, maak vir ons oop!’, sal hy julle antwoord, ‘Ek weet nie waar julle vandaan kom nie.’* ²⁶ Dan sal julle begin sê, ‘Ons het saam met u geëet en gedrink, en u het in ons strate onderrig gegee.’ ²⁷ Maar hy sal vir julle sê, ‘Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Gaan weg van my af, julle almal wat onreg pleeg.’* ²⁸ Daar sal 'n geweene wees en 'n gekners van tande wanneer julle Abraham en Isak en Jakob en al die profete in die •koninkryk van God sien, maar julle uitgewerp word na buite. ²⁹ Mense sal uit die ooste en die weste, die noorde en die suide* kom aanleun om te eet^x in die koninkryk van God.* ³⁰ En kyk, wie laaste is, sal eerste wees, en wie eerste is, sal laaste wees.”

Jesus se klag oor Jerusalem

(Matt 23:37-39)

³¹ Juis op dié tydstip het sommige •Fariseërs vir Hom kom sê: “Gaan weg, vertrek hiervandaan, want Herodes^y wil u doodmaak.” ³² Maar Hy

* **13:24** *Beywer ... gaan*: Mark 10:25; 1 Tim 6:12

* **13:25** *die deur gaan ... kom nie*: Matt 25:10-12

* **13:27** *Gaan weg ... pleeg*: Ps 6:9

* **13:28-29** Matt 8:11-12

* **13:29** *Mense ... suide*: Ps 107:3

^x**13:29** *aanleun ... eet*: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

* **13:29** *kom aanleun ... God*: Luk 14:15

* **13:30** Matt 19:30; 20:16; Mark 10:31

^y**13:31** *Herodes*: Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC tot 39 nC.

antwoord hulle: “Gaan sê vir daardie jakkals, ‘Kyk, Ek dryf vandag en môre nog demone uit en maak mense gesond, en op die derde dag bereik Ek my doel.’³³ Maar Ek moet nog vandag en môre en die volgende dag verder gaan, want dit kan nie gebeur dat 'n profeet buite Jerusalem omkom nie.’³⁴ Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en dié stenig wat na jou gestuur is! Hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie!³⁵ Kyk, julle huis word vir julle verwoes agtergelaat.* Ek sê vir julle, julle sal My beslis nie weer sien nie, totdat die tyd aanbreek dat julle sal sê, ‘Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!’^z”

14

Vraag oor genesing op die Sabbat

¹ Toe Hy op 'n Sabbat na die huis van een van die leiers van die •Fariseërs gegaan het vir 'n maaltyd,* het hulle Hom fyn dopgehou. ² En kyk, reg voor Hom was daar iemand wat aan watersug gely het. ³ *Jesus het vir die wetskenners en Fariseërs gevra: “Is dit toelaatbaar om op die Sabbat te genees of nie?” ⁴ Maar hulle het stilgebly. Toe het Hy die man geneem, hom gesond gemaak en hom laat gaan. ⁵ *Daarop sê Hy vir hulle: “Wie van julle sal, as sy seun of os in 'n put val, hom nie dadelik uithaal nie — selfs al is dit op die Sabbat?” ⁶ *Hierop kon hulle nie antwoord nie.

*13:33 *n profeet ... omkom nie:* 2 Kron 24:20-22; Jer 26:20-23; 38:4-6

*13:35 *julle huis ... agtergelaat:* 1 Kon 9:7-8; Jer 12:7; 22:5

^z13:35 *Geseënd ... Here:* Aanhaling deur Jesus uit Ps 118:26 as heenwysing na Homself; Matt 23:39; vgl Luk 19:38.

*14:1 *Hy ... maaltyd:* Luk 11:37

*14:3 Luk 6:9

*14:5 Matt 12:11; Luk 13:15

*14:6 Matt 22:46

Beskeidenheid en gasvryheid

⁷ Toe Hy opmerk hoe die genooies die ereplekke aan die tafel uitsoek,* het Hy die volgende gelykenis vir hulle vertel: ⁸ * “Wanneer jy deur iemand na 'n bruilofsfees uitgenooi word, moet jy nie op die ereplek gaan sit nie, ingeval iemand van groter aansien as jy deur hom uitgenooi is, ⁹ en hy wat hom en jou uitgenooi het, dan vir jou kom sê, ‘Maak plek vir hierdie man.’ Dan sal jy met skaamte die verste plek gaan inneem. ¹⁰ Nee, wanneer jy uitgenooi word, gaan na die verste plek, sodat die man wat jou uitgenooi het, kan kom en vir jou sê, ‘Vriend, skuif nader!’^a Dan sal jy aansien kry by almal wat saam met jou vir ete aanleun.^b ¹¹ * Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.”

¹² Jesus het ook vir die man wat Hom genooi het, gesê: “Wanneer jy 'n ligte ete of 'n groot maaltyd gee, moenie jou vriende of broers of familie of ryk bure nooi, met die doel dat hulle jou weer op hulle beurt uitnooi, en jy dan vergoed word nie. ¹³ Nee, wanneer jy 'n feesmaal aanbied, nooi die armes, kreupeles, verlamdes, en blindes. ¹⁴ Dan sal jy gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou mee te vergoed nie; want jy sal beloon word by die opstanding van die •regverdiges.*”

Gelykenis van die groot feesmaal

(Matt 22:1-10)

¹⁵ Toe een van diegene wat saam aangeleun het om te eet,^c dit hoor, sê

*14:7 *ereplekke ... uitsoek*: Matt 23:6

*14:8-10 Spr 25:6-7

^a14:10 *nader*: Letterlik ‘hoër op’, nader aan die gasheer.

^b14:10 *vir ete aanleun*: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

*14:11 Matt 23:12; Luk 18:14

*14:14 *opstanding ... regverdiges*: Joh 5:29

^c14:15 *aangeleun ... eet*: Vgl die voetnoot in 14:10.

hy vir Hom: “Gelukkig is die een wat aan die maaltyd in die •koninkryk van God sal deelneem.*”

¹⁶ Toe sê Jesus vir hom: “'n Man het 'n groot feesmaal gehou en baie mense uitgenooi. ¹⁷ Toe dit tyd was vir die feesmaal, stuur hy sy slaaf om vir die genooies te sê, ‘Kom, alles is gereed!’ ¹⁸ Maar een ná die ander het almal verskonings begin aanbied. Die eerste een het vir hom gesê, ‘Ek het 'n stuk grond gekoop, en dit is noodsaaklik dat ek daarna gaan kyk. Ek vra u, verskoon my tog.’ ¹⁹ 'n Ander een het gesê, ‘Ek het vyf paar osse gekoop, en ek gaan hulle uittoets. Ek vra u, verskoon my tog.’ ²⁰ Nog 'n ander een het gesê, ‘Ek is pas getroud, en daarom kan ek nie kom nie.’* ²¹ Met sy terugkeer het die slaaf hierdie dinge aan sy eienaar gerapporteer. Toe het die eienaar van die huis kwaad geword en vir sy slaaf gesê, ‘Gaan dadelik uit in die strate en stegies van die stad^d en bring die armes en kreupeles en blindes en verlamdes hierheen.’ ²² En die slaaf het kom sê, ‘Meneer, die opdrag wat u gegee het, is uitgevoer, en daar is nog plek.’ ²³ Toe sê die eienaar vir die slaaf, ‘Gaan uit na die paaie en lanings, en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word. ²⁴ Want ek verseker julle, nie een van daardie mense wat aanvanklik genooi is, sal hulle mond aan my maaltyd sit nie.’ ”

Eise van dissipelskap

(Matt 10:37-38; Mark 10:29-30)

²⁵ Groot skares mense het saam met Hom gereis. Hy het na hulle gedraai en gesê: ²⁶ * “As iemand na My kom en My nie méér liefhet^e as sy pa en ma

* **14:15** *aan die ... deelneem:* Luk 13:29

* **14:20** *Ek ... kom nie:* 1 Kor 7:33

^d**14:21** *stad:* Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

* **14:26-27** Matt 10:37-38

^e**14:26** *nie méér liefhet:* Letterlik ‘haat’; vgl Mal 1:2-3; Matt 10:37; Rom 9:13.

en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs as sy eie lewe nie,^{*} kan hy my dissipel nie wees nie.²⁷ *Wie nie sy eie kruis dra en My volg nie, kan my dissipel nie wees nie.²⁸ Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste, om te sien of hy genoeg geld het om dit te voltooi nie?²⁹ Sodat dit nie gebeur dat, as hy die fondament lê en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, met hom begin spot³⁰ en sê, 'Hierdie man het begin bou, maar kon nie klaarmaak nie.'³¹ Of watter koning trek op om met 'n ander koning oorlog te voer, en gaan nie eers sit en oorweeg of hy met tienduisend man opgewasse sal wees teen die ander een wat met twintigduisend teen hom optrek nie?³² Indien nie, stuur hy, terwyl die ander een nog ver is, 'n afvaardiging en vra voorwaardes vir vrede.³³ Net so kan nie een van julle wat nie van al sy besittings afstand doen, my dissipel wees nie.”

Smaaklose sout

(Matt 5:13; Mark 9:50)

³⁴ “Sout^f is goed, maar as sout sy smaak verloor, waarmee sal dit weer smaaklik gemaak word?³⁵ Dit is nie eers geskik vir die grond of vir die mishoop nie. Hulle gooi dit buitekant weg. Laat dié wat ore het om te hoor, luister!*

*14:26 *nie méér ... lewe nie*: Deut 33:9; Matt 16:24; Mark 8:34; Luk 9:23; 18:29; Joh 12:25

*14:27 Matt 10:38; 16:24; Mark 8:34; Luk 9:23

^f14:34 **sout**: Behalwe dat sout smaak gee, was dit in die Bybelse tyd ook bekend vir die suiwerende en bederfwerende krag daarvan; vgl 2 Kon 2:19-22.

*14:35 *Laat ... luister*: Matt 11:15; 13:9,43; Mark 4:9,23; Luk 8:8

Gelykenis van die verlore skaap

(Matt 18:12-14)

¹ Al die •tollenaars en die sondaars het dikwels nader gekom om na Hom te luister. ²*Die •Fariseërs en die skrifkenners het onder mekaar gemor: “Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle.”

³ Toe het Hy vir hulle hierdie gelykenis vertel: ⁴“Wie van julle wat honderd skape het en hy verloor een van hulle, laat nie die nege-en-negentig in die woestyn⁸ agter, en gaan agter die verlore een aan totdat hy hom kry nie?* ⁵ En as hy hom gekry het, tel hy hom met blydschap op sy skouers, ⁶ en gaan huis toe en roep sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle, ‘Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat verlore was, weer gekry.’ ⁷ Ek sê vir julle, so sal daar in die hemel blydschap wees oor een sondaar wat hom bekeer het, eerder as oor die nege-en-negentig •regverdiges wat nie nodig het om tot bekering te kom nie.”

Gelykenis van die verlore muntstuk

⁸ “Of watter vrou wat tien dragme het, en een dragme^h verloor, steek nie 'n lamp op, vee die huis uit en soek deeglik totdat sy dit kry nie? ⁹ En as sy dit gekry het, roep sy haar vriendinne en bure bymekaar en sê, ‘Wees saam met my bly, omdat ek die dragme wat ek verloor het, weer gekry het.’ ¹⁰ So, sê Ek vir julle, is daar blydschap onder God se engele oor een sondaar wat hom bekeer.”

*15:2 Luk 5:30

⁸15:4 *woestyn*: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

*15:4 *gaan agter ... kry nie*: Eseg 34:11,16; Luk 19:10

^h15:8 *dragme*: 'n Griekse silwermuntstuk, gelyk aan 'n Romeinse denarius, wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

Gelykenis van die pa en sy twee seuns

¹¹ Verder het Hy gesê: “'n Man het twee seuns gehad. ¹² Die jongste een van hulle het vir sy pa gesê, ‘Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom.’ Hy het toe die besittings tussen hulle verdeel. ¹³ Nie lank daarna nie het die jongste seun al sy goed in geld omgesit en na 'n verland gereis, en daar alles wat hy besit het, deur sy losbandige leefwyse verkwis.* ¹⁴ Teen die tyd dat hy alles uitgegee het, het daar 'n baie ernstige hongersnood in daardie land uitbreek, en hy het begin gebrek ly. ¹⁵ Hy gaan werk toe by een van daardie land se inwoners, wat hom na sy boerdery gestuur het om sy varke op te pas. ¹⁶ Hy het gewens dat hy sy honger kon stil met die peuleⁱ wat die varke gewoonlik gevreet het, maar niemand het vir hom daarvan gegee nie.

¹⁷ “Toe het hy egter tot sy sinne gekom en gesê, ‘Hoeveel dagloners van my pa het oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger! ¹⁸ Ek sal opstaan en na my pa gaan en vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en in u oë.* ¹⁹ Ek is nie langer werd om u seun genoem te word nie. Behandel my soos een van u dagloners.’ ²⁰ Hy het toe opgestaan en na sy pa gegaan. Hy was nog ver weg, toe het sy pa hom al gesien. Hy het hom innig jammer gekry, na hom gehardloop, hom omhels* en hom gesoen. ²¹ Die seun sê toe vir sy pa, ‘Vader, ek het gesondig teen die hemel en in u oë. Ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.’ ²² Maar sy pa het sy bediendes opdrag gegee, ‘Bring gou 'n lang stola,^j die beste een, en

* **15:13** *alles ... verkwis*: Spr 29:3

ⁱ **15:16** *peule*: Verwys na die karobboom se peule (*ceratonia siliqua*) wat in daardie tyd net kos vir die armes was.

* **15:18** *ek het ... oë*: Ps 51:6

* **15:20** *na hom ... omhels*: Tob 11:9

^j **15:22** *lang stola*: 'n Lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Klaredrag.

trek dit vir hom aan. Gee vir hom 'n ring vir sy vinger en sandale vir sy voete. ²³ Bring vir ons die vetgemaakte kalf, slag dit en laat ons eet en feesvier, ²⁴ want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword, * hy was verlore en is weer gevind.’ Toe het hulle begin feesvier.

²⁵ “Die oudste seun was in die veld, en toe hy terugkeer en naby die huis kom, hoor hy musiek en 'n gedans. ²⁶ Hy roep toe een van die dienaars en verneem by hom wat aan die gang is. ²⁷ ‘Jou broer het teruggekom,’ het hy hom geantwoord, ‘en jou pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom gesond teruggekry het.’ ²⁸ Hy het briesend kwaad geword en wou nie ingaan nie, maar sy pa het uitgekóm en mooi met hom gepraat.

²⁹ Maar hy het vir sy pa gesê, ‘Kyk, ek sloof my al soveel jare vir u af, en het nog nooit 'n opdrag van u verontagsaam nie, en vir my het u nooit eers 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende kon feesvier nie.

³⁰ Maar toe hierdie seun van u terugkom, wat u besittings op prostitute uitgemors het, slag u vir hom die vetgemaakte kalf!’ ³¹ Toe sê hy vir hom, ‘My kind, jy is altyd by my, en alles wat myne is, is joune.* ³² Ons moet feesvier en bly wees, want jou broer was dood, en hy het lewendig geword. Hy was verlore, en is weer gevind!’ ”

16

Gelykenis van die oneerlike bestuurder

¹ Jesus het ook vir sy dissipels gesê: “Daar was 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het, en dié is by hom daarvan aangekla dat hy sy besittings verkwis. ² Hy het hom toe ingeroep en vir hom gesê, ‘Wat is dit wat ek van jou hoor? Doen verslag van jou bestuur van sake, want jy kan nie langer my bestuurder wees nie.’ ³ Die bestuurder het by homself

* **15:24** was dood ... geword: Ef 2:1,4-5; 5:14

* **15:31** alles ... joune: Joh 17:10

gedink, ‘Wat moet ek doen, nou dat my eienaar my bestuurderskap van my wegneem? Spit kan ek nie, en ek is te skaam om te bedel. ⁴ Ek weet wat ek gaan doen, sodat die mense my in hulle huise sal ontvang wanneer ek as bestuurder ontslaan is.’ ⁵ Hy het toe sy eienaar se skuldenaars een vir een ingeroep. Vir die eerste een het hy gevra, ‘Hoeveel skuld jy my eienaar?’ ⁶ En hy het geantwoord, ‘Honderd bat^k olyfolie.’ Hy sê toe vir hom, ‘Vat jou skuldbrief en gaan sit en skryf gou vyftig.’ ⁷ Hierna het hy vir 'n ander een gevra, ‘En jy, hoeveel skuld jy?’ Hy antwoord, ‘Honderd kor^l koring.’ Vir hom sê hy, ‘Vat jou skuldbrief en skryf tagtig.’ ⁸ Die eienaar het die oneerlike bestuurder toe geprys, omdat hy verstandig opgetree het, want die kinders van hierdie wêreld tree verstandiger teenoor mekaar op as die kinders van die lig.* ⁹ Ek sê vir julle, ‘Maak vir julle vriende deur middel van die oneerlike Mammon^m, sodat, wanneer ditⁿ tot 'n einde kom, hulle julle in die ewige wonings mag ontvang.’ ¹⁰ *Wie in die geringste betroubaar is, is ook betroubaar waar dit om baie gaan, en wie in die geringste oneerlik is, is ook oneerlik waar dit om baie gaan. ¹¹ As julle dan nie betroubaar was wat die oneerlike Mammon betref nie, wie sal julle met die ware rykdom vertrou? ¹² En as julle nie betroubaar was met 'n ander se goed nie, wie sal vir julle gee wat julle toekom? ¹³ *Geen huiskneg kan twee base dien nie, want hy sal óf die een haat en die ander een

^k16:6 **100 bat**: Ongeveer 2 200 ℔; •Inhoudsmate.

^l16:7 **100 kor**: 'n Inhoudsmaat vir droë materiaal. Ongeveer 2 200 ℔;

•Inhoudsmate.

*16:8 *kinders van die lig*: Ef 5:8; 1 Thess 5:5

*16:9 *Henog* 63:10 •Pseudepigrawe

^m16:9 **Mammon**: Afkomstig van die oorspronklike Aramese woord *mamon* wat ‘besittings’ of ‘geld’ beteken; vgl Luk 12:15.

ⁿ16:9 **dit**: Verwys na besittings of geld.

*16:10-12 Matt 25:20-30; Luk 19:17-26

*16:13 Matt 6:24

liefhê, óf hy sal aan die een lojaal wees en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.”

¹⁴ Die •Fariseërs, wat geldgierig was, het na al hierdie dinge geluister, en smalend oor Hom gepraat. ¹⁵ Hy sê toe vir hulle: “Dit is julle wat julleself voor die mense regverdig voordoen,* maar God ken julle harte.* Want dit wat deur mense hoog aangeskryf word, is 'n gruwel voor God. ¹⁶ *Tot en met Johannes het die Wet en die Profete^o gegeld, maar van toe af word die evangelie van die •koninkryk van God verkondig, en elkeen probeer met alle mag daar ingaan. ¹⁷ *Maar dit is makliker vir die hemel en die aarde om tot niet te gaan as dat een strepie^p van die Wet wegval. ¹⁸ * “Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk, en hy wat met 'n vrou trou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk.”

Die ryk man en Lasarus

¹⁹ “Daar was 'n ryk man wat klere van purperstof en fyn linne gedra en elke dag swierig feesgevier het. ²⁰ Voor die ingang van sy huis het 'n bedelaar met die naam Lasarus gelê. Hy was oortrek van swere ²¹ en het daarna gesmag om iets te ete te kry wat van die ryk man se tafel afgeval het,* maar slegs die honde het sy swere kom lek. ²² Toe die bedelaar sterf,

* **16:15** wat ... voordoen: Matt 23:28; Luk 18:9-14

* **16:15** God ... harte: Spr 24:12 •Septuagint

* **16:16** Matt 11:12-13

^o**16:16** **Wet ... Profete:** Dit dien as aanduiding van die geskrifte van die Ou Testament wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

* **16:17** Matt 5:18

^p**16:17** **strepie:** Letterlik ‘horinkie’. 'n Skryfteken wat as onderskeidingsteken in die antieke tale gebruik word.

* **16:18** Matt 5:32; 19:9; Mark 10:11-12; 1 Kor 7:10-11

* **16:21** *het daarna ... afgeval het:* Matt 15:27; Mark 7:28; Luk 15:16

is hy deur die engele weggedra om teen die bors van Abraham te rus. Die ryk man het ook gesterf en is begrawe.²³ En toe hy, van waar hy in Hades^q gefolter word, sy oë ophef, sien hy Abraham in die verte met Lasarus teen sy bors.²⁴ Hy het geroep, ‘Vader Abraham, wees my genadig, en stuur Lasarus om die punt van sy vinger in water te doop en my tong af te koel, want ek ly in hierdie vlam.’²⁵ Maar Abraham antwoord, ‘Kind, onthou dat jy gedurende jou lewe die goeie ontvang het, soos wat Lasarus die slegte ontvang het. Nou word hy hier getroos, maar jy word gepynig.’²⁶ En buitendien is daar 'n groot kloof tussen ons en julle gevestig, sodat diegene wat hiervandaan na julle wil oorgaan, nie kan nie, en diegene wat daar is, ook nie na ons kan oorkom nie.’²⁷ Toe sê die ryk man, ‘Dan smee ek u, Vader, stuur hom na my pa se huis,²⁸ want ek het nog vyf broers. Hy kan hulle dan waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging beland nie.’²⁹ Maar Abraham sê, ‘Hulle het Moses en die Profete.^r Laat hulle na dié luister.’³⁰ ‘Nee, vader Abraham,’ antwoord hy, ‘maar hulle sal hulle bekeer as iemand uit die dood na hulle gaan.’³¹ Hy het egter vir hom gesê, ‘As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle selfs as iemand uit die dood opstaan, nie oortuig word nie.’**”

17

Uitsprake van Jesus

(*Matt 18:6-7,21-22; Mark 9:42*)

¹ Jesus het vir sy dissipels gesê: “Dit is onvermydelik dat daar struikelblokke kom, maar ellende wag op die een deur wie dit kom.”² Dit

^q**16:23 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

^r**16:29 Profete:** Verwys na die groep profetiese boeke in die Ou Testament.

^{*}**16:31 As hulle ... word nie:** Joh 11:44-48

is beter vir hom dat 'n maalklip^s om sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie geringes laat struikel. ³ *Wees dus op julle hoede. As jou broer sondig, wys hom tereg, en as hy berou het, vergewe hom. ⁴ En as hy sewe maal op een dag teen jou sondig, en sewe maal na jou terugkom en sê, 'Ek het berou', moet jy hom vergewe."

⁵ Toe sê die •apostels vir die Here: "Gee ons meer geloof!"* ⁶ *En die Here antwoord: "As julle geloof soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie wildevyeboom gesê het, 'Trek jou wortels uit die grond en gaan plant jouself in die see,' en hy sou na julle geluister het.

⁷ "Wie van julle sal, as hy 'n slaaf het wat besig is om te ploeg of skape op te pas, vir hom sê wanneer hy van die veld af kom, 'Kom leun dadelik aan om te eet.'^t ⁸ Sal hy nie eerder vir hom sê, 'Maak vir my iets gereed om te eet, omgord jou heupe^u en bedien my, totdat ek geëet en gedrink het; en daarna kan jy eet en drink!' nie? ⁹ Hy bedank tog nie die slaaf net omdat hy sy opdragte uitgevoer het nie! ¹⁰ Dieselfde geld vir julle: Wanneer julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan, 'Ons is niks werd slawe. Ons het net gedoen wat ons moes doen.' "

Genesing van tien melaatse mans

¹¹ Dit het so gebeur dat Jesus op pad na Jerusalem* deur die

^s**17:2 maalklip:** Die boonste van twee •maalklippe, met 'n gat in die middel, wat in die rondte gedraai is.

***17:3** Matt 18:15

***17:5** *Gee ... geloof:* Mark 9:24

***17:6** Matt 17:20; 21:21

^t**17:7 leun ... eet:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

^u**17:8 omgord jou heupe:** Letterlik 'maak vas jou gordel'. Verwys na die manier waarop klere met behulp van 'n gordel opgebind is om makliker te kan werk.

***17:11** *op ... Jerusalem:* Luk 9:51; 13:22

grensgebied tussen Samaria* en Galilea gereis het. ¹² Toe Hy 'n sekere dorpie binnegaan, het tien melaatse^v mans Hom tegemoet gekom. Hulle het op 'n afstand bly staan* ¹³ en uitgeroep: “Jesus, Meester,^w ontferm U tog oor ons!” ¹⁴ Toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: “Gaan wys julleself vir die priesters.”* Op pad daarheen is hulle gereinig. ¹⁵ Een van hulle het, toe hy sien dat hy gesond geword het, omgedraai, terwyl hy God met 'n harde stem loof. ¹⁶ Hy het op sy gesig aan Jesus se voete neergeval en Hom gedank. Hy was 'n Samaritaan. ¹⁷ Jesus antwoord hom toe: “Is daar dan nie tien gereinig nie? Waar is die ander nege? ¹⁸ Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te loof, behalwe hierdie •vreemdeling nie?” ¹⁹ Toe sê Hy vir die man: “Staan op en gaan! Jou geloof het jou gered.”*

Die koninkryk van God

(Matt 24:23-28,37-41; Mark 13:19-23; 13:14-16)

²⁰ Toe Jesus op 'n keer deur die •Fariseërs gevra is wanneer die •koninkryk van God kom, het Hy hulle geantwoord: “Die koninkryk van God kom nie met duidelik waarneembare tekens nie.* ²¹ Mense sal nie sê,

*17:11 *deur ... Samaria*: Luk 9:52; Joh 4:4

^v17:12 *melaatse*: Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

*17:12 *melaatse ... staan*: Lev 13:46

^w17:13 *Meester*: Die Griekse *epistata* kom meermale in Lukas voor as eerbiedige aanspreekvorm vir Jesus. Dit kom ooreen met die meer algemene Griekse aanspreekvorm *didaskale* of die Hebreeuse •rabbi, dit is ‘leermeester’. In Afrikaans is “meester” die gebruikelike aanspreekvorm vir “leermeester”.

*17:13 *Jesus ... ons*: Matt 9:27; 15:22; Luk 18:38

*17:14 *Gaan ... priesters*: Lev 14:2-4; Luk 5:14

*17:19 *Staan ... gered*: Luk 7:50; 18:42

*17:20 *Die koninkryk ... tekens nie*: Joh 3:3; 18:36

‘Kyk, hier is dit!’ of ‘Daar is dit!’* nie, want kyk, die koninkryk van God is in julle midde.”^x ²² Hy het aan sy dissipels gesê: “Daar kom 'n tyd wanneer julle sal begeer om maar één van die dae van die •Seun van die Mens te sien, maar julle sal dit nie sien nie. ²³ Dan sal die mense vir julle sê, ‘Kyk daar!’ of ‘Kyk hier!’* Moenie gaan nie, en moenie agter hulle aanloop nie.* ²⁴ Want soos 'n weerligstraal die hemel van die een kant af tot aan die ander kant verlig, só sal die Seun van die Mens op sy dag verskyn. ²⁵ *Maar eers moet Hy baie lyding verduur en deur hierdie geslag verwerp word. ²⁶ Net soos in die dae van Noag* gebeur het, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die Mens. ²⁷ Hulle het geëet, gedrink, in die huwelik getree en in die huwelik uitgegee, tot op die dag dat Noag die ark binnegegaan en die vloed gekom en almal vernietig het.* ²⁸ Net so het dit ook in die dae van Lot* gegaan — hulle het geëet, gedrink, gekoop, verkoop, geplant en gebou; ²⁹ *maar op die dag dat Lot uit Sodom weggetrek het, het daar vuur en swael uit die hemel gereën en almal vernietig. ³⁰ Dit sal net so wees op die dag wanneer die Seun van die Mens geopenbaar word. ³¹ *Wie op daardie dag op sy dakstoep^y sal

*17:21 *Kyk ... Daar is dit:* Mark 13:21; Luk 17:23

^x17:21 *in ... midde:* Kan ook vertaal word “binne-in julle”.

*17:23 *Kyk daar ... hier:* Mark 13:21; Luk 17:21

*17:23 *Moenie ... aanloop nie:* Luk 21:8

*17:25 Matt 16:21; 17:22-23; 20:18-19; Mark 8:31; 9:31; 10:33-34; Luk 9:22; 18:32-33

*17:26 *in ... Noag:* Gen 6:5-12

*17:27 *Noag ... vernietig het:* Gen 7:6-23

*17:28 *in ... Lot:* Gen 18:20-21; 19:1-14

*17:29 Gen 19:15-29

*17:31 Matt 24:17-18; Mark 13:15-16

^y17:31 *dakstoep:* Die ruimte bo-op die plat dak van 'n huis, gewoonlik van klei en plantmateriaal, wat met 'n leer of kliptrap bereik kon word.

wees, met sy besittings nog in die huis, moenie ondertoe gaan om dit te gaan haal nie. Net so moet die een op die landerye nie terugdraai na wat agter is nie. ³² Onthou Lot se vrou! ³³ *Wie probeer om sy lewe te beveilig, sal dit verloor, maar wie dit verloor, sal dit behou. ³⁴ Ek sê vir julle:

“Daardie nag sal twee mense op een bed wees;
die een sal saamgeneem en die ander agtergelaat word.

³⁵ Twee vroue sal besig wees om by dieselfde meul te maal;
die een sal saamgeneem en die ander agtergelaat word.”^z

³⁷ Hulle vra toe vir Hom: “Waar, Here?” Hy antwoord hulle: “Waar die karkas lê, daar sal die aasvoëls ook versamel.”*

18

Gelykenis van die weduwee en die regter

¹ Hy het vir hulle 'n gelykenis vertel oor hoe nodig dit is om altyd te bid* en nie moed te verloor nie. ² Hy het gesê: “Daar was 'n sekere regter in 'n bepaalde stad,^a wat nie ontsag vir God gehad het nie en hom aan geen mens gesteur het nie. ³ Daar was ook 'n weduwee in daardie stad, wat

* **17:31-32** *nie terugdraai ... vrou:* Gen 19:17,26

* **17:33** Matt 10:39; 16:25; Mark 8:35; Luk 9:24; Joh 12:25

^z**17:35** *Twee vroue ... agtergelaat word:* Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ³⁶ “Daar sal twee op die land wees; die een sal saamgeneem en die ander agtergelaat word.” Vgl Matt 24:40. Dit word aanvaar dat dit hier nie deel van die oorspronklike teks is nie.

* **17:37** *Waar die ... versamel:* Job 39:30

* **18:1** *hoe nodig ... bid:* Rom 12:12; Kol 4:2; 1 Thess 5:17

^a**18:2** *stad:* Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

hom bly opsoek het met die versoek, ‘Laat reg aan my geskied in my saak teen my opponent.’⁴ 'n Tyd lank wou hy nie, maar naderhand het hy by homself gedink, ‘Al het ek geen ontsag vir God en steur ek my aan geen mens nie,⁵ *sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, tog maar reg aan haar laat geskied; anders gaan sy my tot aan die einde bly teister.’”^b
⁶ Toe sê die Here: “Luister na wat die onregverdige regter sê. ⁷ Sal God dan nie reg laat geskied aan sy uitverkorenes wat dag en nag na Hom roep nie? Sal Hy hulle lank laat wag? ⁸ Ek sê vir julle, Hy sal baie gou aan hulle reg laat geskied. Die vraag is net: Sal die •Seun van die Mens, wanneer Hy kom, geloof op aarde vind?”

Gelykenis van die Fariseër en die tollenaar

⁹ Met die oog op sommige mense wat oortuig was van hulle eie regverdigheid en op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel: ¹⁰ “Twee mense het opgegaan na die •tempel om te bid. Die een was 'n •Fariseër en die ander 'n •tollenaar. ¹¹ Die Fariseër het gaan staan en só oor homself gebid, ‘God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is, wat roof, onreg doen en egbreuk pleeg nie, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. ¹² Ek vas twee keer per week, en ek gee 'n tiende van alles wat ek verdien.’” ¹³ Die tollenaar het egter op 'n afstand bly staan, en wou selfs nie eers na die hemel opkyk nie, maar het op sy bors geslaan^c en gesê, ‘O God, wees my, die sondaar, genadig!’” ¹⁴ Ek sê vir julle, hierdie man, eerder as die ander een, het na sy huis gegaan as iemand wie se saak met God reggestel is. Want elkeen wat homself verhoog, sal

*18:5 Luk 11:7-8

^b18:5 *bly teister*: Kan ook vertaal word “in die gesig slaan”.

*18:12 *ek gee ... verdien*: Gen 14:20; Matt 23:23

^c18:13 *het op ... geslaan*: As teken van berou; vgl Luk 23:48.

*18:13 *O God ... genadig*: Ps 51:3

verneder word, maar elkeen wat homself verneder, sal verhoog word.*”

Kindertjies geseën

(Matt 19:13-15; Mark 10:13-16)

¹⁵ Hulle het ook kindertjies na Jesus gebring, sodat Hy hulle kon aanraak. Toe die dissipels dit sien, het hulle die mense berispe. ¹⁶ Jesus het hulle egter nader geroep en gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom, en moet hulle nie meer verhinder nie, want die •koninkryk van God behoort aan mense soos hulle. ¹⁷ *•Amen, Ek sê vir julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie.”

Die ryk maghebber

(Matt 19:16-30; Mark 10:17-31)

¹⁸ 'n Sekere maghebber het Hom gevra: “Goeie Meester,^d wat moet ek doen, sodat ek die ewige lewe kan erf?”* ¹⁹ Jesus het hom geantwoord: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, en dit is God! ²⁰ Jy ken die gebooie: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuig nie.* Eer jou vader en jou moeder.*” ²¹ Hy antwoord: “Dit alles het ek van jongs af nagekom.” ²² Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir die man: “Een ding ontbreek jou nog: Verkoop alles wat jy het en deel dit onder die armes uit, en jy sal

*18:14 Want ... verhoog word: Matt 23:12; Luk 14:11

*18:17 Matt 18:3

^d18:18 **Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

*18:18 Goeie ... erf: Luk 10:25

*18:20 Jy mag nie egbreuk ... getuig nie: Eks 20:13-16; Deut 5:17-20

*18:20 Eer ... jou moeder: Eks 20:12; Deut 5:16

'n skat in die hemele^e hê.* En jy, kom hier, volg My.”²³ Toe die man dit egter hoor, het hy baie bedroef geword, want hy was skatryk.

²⁴ Toe Jesus sien hoe bedroef die man word, het Hy gesê: “Hoe moeilik is dit tog vir hulle wat rykdom het, om in te gaan in die •koninkryk van God,²⁵ want dit is makliker vir 'n kameel^f om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk mens om in die koninkryk van God in te gaan.”²⁶ Die mense wat dit gehoor het, sê toe: “Wie kan dan gered word?”²⁷ En Hy antwoord: “Wat onmoontlik is by mense, is by God moontlik.”*²⁸ Daarop sê •Petrus: “Kyk, óns het ons besittings agtergelaat en U gevolg.”²⁹ Jesus het hulle geantwoord: “•Amen, Ek sê vir julle: Daar is niemand wat ter wille van die koninkryk van God huis of vrou of broers of ouers of kinders agtergelaat het,³⁰ wat nie in hierdie tyd veel meer sal ontvang nie — én in die bedeling wat kom, die ewige lewe.”

Derde lydensaankondiging

(*Matt 20:17-19; Mark 10:32-34*)

³¹ Hy het die twaalf opsy geneem en vir hulle gesê: “Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en alles wat deur die profete oor die •Seun van die Mens geskryf is,* sal vervul word.³² *Want Hy sal aan die heidene oorgelewer word, Hy sal bespot en beledig word, en daar sal op Hom gespuug word.³³ En nadat hulle Hom ge gesel het, sal hulle Hom doodmaak, maar op die derde dag sal Hy opstaan.”³⁴ *Hulle het egter niks hiervan verstaan nie.

^e**18:22 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheemel en die derde hemel waar God woon.

^{*}**18:22 en jy ... hê:** Matt 6:20; Sir 29:11

^f**18:25 kameel:** Enkele mss gebruik hier die woord “skeepskabel”.

^{*}**18:27 Wat ... moontlik:** Gen 18:14; Job 42:2; Sag 8:6 •Septuagint; Mark 14:36

^{*}**18:31 alles ... geskryf is:** Luk 24:25-27,44

^{*}**18:32-33** Luk 9:22,44

^{*}**18:34** Mark 9:32

Die betekenis van hierdie uitspraak was vir hulle verborge, en hulle het nie begryp wat Hy gesê het nie.

Genesing van 'n blinde

(Matt 20:29-34; Mark 10:46-52)

³⁵ Toe Jesus in die omgewing van Jerigo kom, sit daar langs die pad 'n blinde man en bedel. ³⁶ Toe hy die skare hoor verbyloop, vra hy wat aan die gang is. ³⁷ Hulle het vir hom gesê dat Jesus, die Nasarener, daar verbyloop. ³⁸ Toe roep hy hardop uit: “Jesus, •Seun van Dawid, ontferm U oor my!”* ³⁹ Die mense wat voor geloop het, het hom berispe dat hy moet stilbly, maar hy het net al hoe harder uitgeroep: “Seun van Dawid, ontferm U oor my!” ⁴⁰ Jesus het gaan staan en beveel dat hy na Hom gebring word. Toe hy nader kom, vra Jesus hom: ⁴¹ “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?”* En hy het geantwoord: “Here, dat ek weer kan sien.” ⁴² Jesus het vir hom gesê: “Sien weer! Jou geloof het jou gered.”*^g ⁴³ En onmiddellik kon hy sien.^h Hy het Jesus gevolg en God geprys. Die hele volk wat dit gesien het, het God geloof.

19

Jesus en Saggeus

¹ Jesus het Jerigo binnegegaan en deur die stad gestap. ² En kyk, daar was 'n man met die naam Saggeus. Hy was 'n hooftollenaarⁱ en 'n ryk man.

***18:38** *Jesus ... my:* Matt 9:27; 15:22; Luk 17:13

***18:41** *Wat ... doen:* Mark 10:36

***18:42** *Jou ... gered:* Luk 7:50; 17:19

^g**18:42** *gered:* Die Griekse woord kan ook vertaal word “gesond gemaak”.

^h**18:43** *sien:* Die Griekse woord beteken ‘sien’ of ‘weer sien’.

ⁱ**19:2** *hooftollenaar:* Die woord kom slegs hier in die Nuwe Testament voor. Die “hooftollenaar” het waarskynlik ander tollenaars in sy diens gehad en die tolhekke van 'n groot gebied beheer; •Tollenaar.

³ Hy het probeer om te sien wie Jesus is, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy kort was. ⁴ Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevy om Jesus te sien, want Hy sou daar verbygaan. ⁵ Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: “Saggeus, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis oorbly.” ⁶ Saggeus het toe haastig afgeklim en Jesus met blydschap in sy huis ontvang. ⁷ *Almal wat dit gesien het, het gemor en gesê: “Hy gaan by 'n sondige man tuis.” ⁸ Maar Saggeus het gaan staan en vir die Here gesê: “Kyk, Here, ek gee die helfte van my besittings aan die armes, en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit viervoudig terug.*” ⁹ Jesus het vir hom gesê: “Vandag het daar verlossing vir hierdie huis gekom,* want ook hy is 'n seun van Abraham.*” ¹⁰ Die •Seun van die Mens het gekom om diegene wat verlore is, te soek en te verlos.”*

Gelykenis van die muntstukke

(Matt 25:14-30)

¹¹ Terwyl die mense hierna luister, het Jesus nog 'n gelykenis vertel, omdat Hy naby Jerusalem was en die mense gedink het dat die •koninkryk van God nou skielik sou aanbreek. ¹² Hy het gesê: “'n Man van hoë afkoms het na 'n ver land gereis* om vir homself 'n koningskap te bekom en weer terug te keer. ¹³ Hy het tien van sy slawe geroep en aan hulle tien mina^j gegee en vir hulle gesê, ‘Gaan woeker daarmee, totdat ek terugkeer.’ ¹⁴ Sy burgers het hom egter gehaat, en het 'n afvaardiging agter hom aangestuur om te sê, ‘Ons wil nie hê dat hierdie man oor ons heers nie.’

*19:7 Luk 5:30; 15:2

*19:8 gee ek dit ... terug: Eks 22:1

*19:9 Vandag ... gekom: Hand 16:31-34

*19:9 seun van Abraham: Luk 13:16

*19:10 om ... verlos: Eseg 34:16; Luk 15:4,6,9

*19:12 'n Man ... gereis: Mark 13:34

^j19:13 *mina*: Ongeveer die ekwivalent van 4 maande se loon; •Geldeenhede.

¹⁵ “By sy terugkeer het hy, nadat hy die koningskap ontvang het, die slawe aan wie hy die geld gegee het, ontbied om uit te vind watter wins hulle gemaak het. ¹⁶ Die eerste een het kom sê, ‘Meneer, u mina het 'n wins van tien mina opgelewer.’ ¹⁷ Hy het hom geantwoord, ‘Mooi so, goeie slaaf! Omdat jy betroubaar was met iets wat baie gering is, moet jy nou gesag voer oor tien stede.’* ¹⁸ Toe het die tweede slaaf gekom en gesê, ‘Meneer, u mina het vyf mina opgelewer.’ ¹⁹ Vir hierdie man het hy gesê, ‘Jy moet vyf stede bestuur.’ ²⁰ Toe het die derde een gekom en gesê, ‘Meneer, kyk, hier is u mina, wat ek in 'n sweetdoek weggebêre het. ²¹ Ek was bang vir u, omdat u 'n streng man is; u vorder in wat u nie belê het nie, en u oes wat u nie gesaai het nie.’ ²² Toe sê die man vir hom, ‘Met jou eie woorde sal ek jou veroordeel, jou slegte slaaf! Jy het geweet dat ek 'n streng man is, wat invorder wat ek nie belê het nie, en oes wat ek nie gesaai het nie. ²³ Waarom het jy nie my geld by die bank belê nie? Dan sou ek wanneer ek terugkom, dit met rente kon kry.’ ²⁴ Hy beveel toe die omstanders, ‘Vat die mina by hom weg en gee dit vir die een wat tien mina het.’ ²⁵ Maar hulle sê vir hom, ‘Meneer, hy het dan al tien mina!’ ²⁶ ‘Ek sê vir julle, aan elkeen wat het, sal gegee word, en van dié wat nie het nie, sal ook dit wat hy het, weggeneem word.* ²⁷ En daardie vyande van my wat nie wou gehad het dat ek koning oor hulle moes wees nie, bring hulle hierheen en maak hulle hier voor my dood.’ ”

²⁸ Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy voor hulle uit geloop op pad na Jerusalem.

Intog in Jerusalem

(Matt 21:1-9; Mark 11:1-10; Joh 12:12-19)

²⁹ Toe Jesus naby Betfage en Betanië teen die Olyfberg kom, stuur Hy

***19:17** Omdat ... stede: Luk 16:10

***19:26** aan elkeen ... weggeneem word: Matt 13:12; Mark 4:25; Luk 8:18

twee van sy dissipels ³⁰ met die opdrag: “Gaan na die dorpie daar oorkant. By die ingang sal julle 'n vasgemaakte donkievul vind waarop niemand nog ooit gesit het nie. Maak hom los en bring hom hierheen.

³¹ As iemand julle vra, ‘Waarom maak julle hom los?’ moet julle só antwoord, ‘Die Here het hom nodig.’ ” ³² *Die twee wat gestuur is, het daarheen gegaan en dit aangetref net soos Hy vir hulle gesê het. ³³ Toe hulle die donkievul losmaak, vra sy eienaars vir hulle: “Waarom maak julle die donkievul los?” ³⁴ Hulle het geantwoord: “Die Here het hom nodig.” ³⁵ Hulle het toe die donkievul na Jesus geneem. Hulle het hulle boklere oor die donkievul gegooi en Jesus laat opklim. ³⁶ Soos wat Hy ry, het hulle hulle boklere op die pad voor Hom oopgesprei.*

³⁷ Toe Hy al naby die afdraande teen die Olyfberg kom, het die hele skare dissipels God vol vreugde hardop begin prys oor al die kragtige dade wat hulle gesien het. ³⁸ Hulle het uitgeroep:

“Geseënd is die Koning,
Hy wat kom in die Naam van die Here!^k
Vrede in die hemel
en heerlikheid in die hoogste!*”

³⁹ Sommige van die •Fariseërs in die skare het egter vir Jesus gesê: “Meester,^l berispe u dissipels!” ⁴⁰ Maar Hy het geantwoord: “Ek sê vir julle, as hulle stilbly, sal die klippe dit uitroep!”

***19:32** Luk 22:13

***19:36** *het hulle ... oopgesprei:* 2 Kon 9:13

^k**19:38** *Geseënd ... Here:* Aanhaling uit Ps 118:26 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 23:39; Luk 13:35.

***19:38** *Vrede ... hoogste:* Luk 2:14

^l**19:39** *Meester:* Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

⁴¹ Toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy oor haar^m gehuil* ⁴² en gesê: “As jy maar op hierdie dag dié dinge besef het wat vir jou vrede kan bring! Maar nou is dit vir jou oë verberg.* ⁴³ Want daar sal dae vir jou aanbreek wanneer jou vyande skanse teen jou oprig, jou omsingel en jou van alle kante af beleër. ⁴⁴ Hulle sal jou en jou kinders met die grond gelyk maak.* Hulle sal nie een klip in jou op die ander laat bly staan nie,* omdat jy nie hierdie beslissende tyd toe God jou besoek het,* herken het nie.”

Reiniging van die tempelterrein

(Matt 21:12-13; Mark 11:15-18; Joh 2:13-16)

⁴⁵ Hy het die tempelterreinⁿ binnegegaan en die handelaars begin uitjaag. ⁴⁶ Hy het vir hulle gesê: “Daar staan geskryf,

“ ‘My huis sal 'n huis van gebed wees’.*

Maar julle het daarvan 'n rowerspelonk gemaak!*

⁴⁷ Hy het daagliks op die tempelterrein onderrig gegee.* Die leierpriesters, die skrifkenners en die volksleiers wou Hom om die lewe

^m19:41 *haar*: In destydse tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel; vgl Jerusalem (dogter van Sion), Babilon, Rome.

*19:41 *het ... gehuil*: Joh 11:35

*19:42 *As ... verberg*: Deut 32:29 *Maar ... verberg*: Jes 6:9-10; Matt 13:14; Mark 4:12; Luk 8:10; Hand 28:26-27; Rom 11:8,10

*19:44 *Hulle sal jou ... maak*: Ps 137:9

*19:44 *Hulle sal nie ... staan nie*: Matt 24:2; Mark 13:2; Luk 21:6

*19:44 *hierdie ... besoek het*: Luk 1:68

ⁿ19:45 *tempelterrein*: Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

*19:46 *My ... wees*: Jes 56:7

*19:46 *Maar ... gemaak*: Jer 7:11

*19:47 *Hy ... gegee*: Luk 21:37; 22:53; Joh 18:20

bring, ⁴⁸ maar hulle kon nie 'n manier vind om dit te doen nie, omdat die hele volk aan sy lippe gehang het.*

20

Vraag oor Jesus se gesag

(Matt 21:23-27; Mark 11:27-33)

¹ Op een van die dae waarop Jesus die volk op die tempelsterrein^o onderrig en die evangelie verkondig het, het die leierpriesters en skrifkenners saam met die familiehoofde nader gestaan ² en vir Hom gevra: “Sê vir ons, op watter gesag doen jy hierdie dinge? Wie het aan jou hierdie gesag gegee?” ³ Hy het geantwoord: “Ek sal julle ook 'n vraag vra. Sê My: ⁴ Was die doop van Johannes* van die hemel, of van mense?” ⁵ Hulle het toe onder mekaar geredeneer: “As ons sê, ‘van die hemel,’ sal Hy sê, ‘Waarom het julle hom dan nie geglo nie?’* ⁶ En as ons sê, ‘van mense,’ sal die hele volk ons stenig, omdat hulle daarvan oortuig is dat Johannes 'n profeet is.” ⁷ Hulle antwoord toe dat hulle nie weet waar dit vandaan kom nie. ⁸ Daarop sê Jesus vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle op watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.”

Gelykenis van die huurders

(Matt 21:33-46; Mark 12:1-12)

⁹ Hy het die volgende gelykenis aan die volk vertel: “Daar was 'n man

***19:47-48** Die leierpriesters ... gehang het: Matt 21:46; Mark 12:12; 14:1-2; Luk 20:19; 22:2; Joh 5:18; 7:30

^o**20:1 tempelsterrein:** Verwys na die hele terrein van die tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhewe.

***20:4 doop van Johannes:** Matt 3:6,11; Mark 1:4-5,8; Luk 3:3,16; Joh 1:25-26; Hand 1:22; 10:37; 13:24; 18:25; 19:3-4

***20:5** Waarom ... geglo nie: Matt 21:32

wat 'n wingerd aangeplant het.* Toe het hy dit aan landbouers verhuur, en vir 'n lang tyd op reis gegaan. ¹⁰ *Teen oestyd het hy 'n slaaf na die landbouers gestuur, sodat hulle vir hom van die opbrengs van die wingerd kon gee. Maar die landbouers het hom afgeransel en met leë hande teruggestuur. ¹¹ Daarna het hy weer 'n ander slaaf gestuur, maar ook hom het hulle afgeransel, verneder en met leë hande teruggestuur. ¹² Die eienaar het nog 'n derde een gestuur, maar hulle het hom erg verwond en uit die wingerd uitgegooi.

¹³ “Toe sê die eienaar van die wingerd, ‘Wat sal ek doen? Ek sal my geliefde seun stuur — dalk sal hulle hom met respek behandel.’ ¹⁴ Toe die landbouers hom egter sien, het hulle onder mekaar beraadslaag en gesê, ‘Dit is die erfgenaam dié! Kom ons maak hom dood, sodat die erfdeel ons s'n kan word.’ ¹⁵ Hulle het hom toe uit die wingerd uitgegooi en doodgemaak. Wat sal die eienaar van die wingerd met hulle doen? ¹⁶ Hy sal kom en die landbouers doodmaak, en die wingerd aan ander gee.”

Toe die mense dit hoor, sê hulle: “Mag dit nooit gebeur nie!” ¹⁷ Jesus het hulle stip aangekyk en gesê: “Wat beteken dit dan wat geskryf staan:

“ ‘Die klip wat die bouers afgekeur het, juis dit het die hoeksteen geword.’ ^p”

¹⁸ “Elkeen wat op daardie klip val, sal verpletter word, en as dit op iemand val, sal dit hom vergruis.”

¹⁹ *Die skrifkenners en die leierpriesters wou Hom onmiddellik gevange neem, omdat hulle besef het dat Hy die gelykenis met die oog op hulle

***20:9** Daar ... aangeplant het: Jes 5:1

***20:10-12** 2 Kron 36:15-16

^p**20:17 Die klip ... geword:** Aanhaling deur Jesus uit Ps 118:22 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is; Matt 21:42; Mark 12:10; vgl Hand 4:11; 1 Pet 2:4,7.

***20:19** Matt 21:46; Mark 12:12; 14:1-2; Luk 19:47-48; 22:2; Joh 5:18; 7:30

vertel het. Hulle was egter bang vir die volk.

Vraag oor belasting

(Matt 22:15-22; Mark 12:13-17)

²⁰* Hulle het sake fyn dopgehou en spioene gestuur wat voorgegee het dat hulle opreg is, sodat hulle Hom op grond van een of ander uitspraak kon vastrek en Hom sodoende aan die owerheid en die gesag van die prokurator^q kon oorlewer. ²¹ Hulle vra Hom toe: “Meester,^r ons weet dat wat u sê en leer, reg is. U neem nie die aansien van persone in aanmerking nie, maar leer die weg van God waarheidsgetrou.* ²² Is dit toelaatbaar dat ons belasting aan die keiser betaal,* of nie?” ²³ Maar Jesus het deur hulle listigheid gesien en vir hulle gesê: ²⁴ “Wys vir My 'n denarius.^s Wie word daarop afgebeeld, en wie se inskripsie staan daarop?” Hulle antwoord: “Die keiser s'n.” ²⁵ Toe sê Hy vir hulle: “Gee daarom aan die keiser wat hom toekom, en aan God wat Hom toekom.” ²⁶ Hulle kon Hom glad nie vastrek op grond van wat Hy voor die volk gesê het nie. Verbaas oor sy antwoord, het hulle stilgebly.

Vraag oor die opstanding

(Matt 22:23-33; Mark 12:18-27)

²⁷ Sommige van die •Sadduseërs, wat sê dat daar nie 'n opstanding is

*20:20 Luk 11:54

^q20:20 *prokurator*: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

^r20:21 *Meester*: Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

*20:21 *Meester ... waarheidsgetrou*: Joh 3:2

*20:22 *belasting ... betaal*: Rom 13:6-7

^s20:24 *denarius*: 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

nie,* kom toe en vra Hom: ²⁸ “Meester,^t Moses het vir ons voorgeskryf dat ‘as iemand se broer getroud is en kinderloos sterf, sy broer die vrou moet neem en vir sy broer 'n nageslag verwek.’* ²⁹ So was daar eenmaal sewe broers. Die eerste een het 'n vrou geneem, maar kinderloos gesterf. ³⁰ Ook die tweede ³¹ en die derde broer het met haar getrou. En net so, sonder dat hulle kinders nagelaat het, het al sewe broers gesterf. ³² Ten laaste het ook die vrou gesterf. ³³ Hierdie vrou, wie van hulle se vrou is sy dan met die opstanding? Al sewe het haar immers as vrou gehad.” ³⁴ Jesus het hulle geantwoord: “Die mense van hierdie bedeling tree in die huwelik en word in die huwelik uitgegee, ³⁵ maar diegene wat waardig geag word om die toekomstige bedeling en die opstanding uit die dood te verkry, tree nie in die huwelik nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie.^u ³⁶ Hulle kan nie meer sterf nie, want hulle is soos engele en kinders van God,* omdat hulle aan die opstanding deel het. ³⁷ Dat die dooies opgewek word, het selfs Moses in die gedeelte oor die doringbos* uitgewys, waar hy die Here ‘die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob’* noem. ³⁸ Hy is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. Wat Hom betref, is hulle immers almal lewendes.”* ³⁹ Sommige van die skrifkenners het hierop gereageer met die woorde: “Meester, u het 'n goeie antwoord gegee.” ⁴⁰ Hierna het hulle dit nie meer gewaag om Hom iets te vra nie.

*20:27 *Sadduseërs ... is nie:* Hand 23:8

^t20:28 **Meester:** Vgl voetnoot in 20:21.

*20:28 *as ... verwek:* Deut 25:5; Gen 38:8

^u20:35 **tree ... uitgegee nie:** Verteenwoordig die destydse Joodse siening: Mans trou en vroue word deur hulle vaders uitgegee om te trou.

*20:36 *kinders van God:* Gal 4:5-7

*20:37 *in ... doringbos:* Eks 3:2

*20:37 *die God van Abraham ... Jakob:* Eks 3:6,15-16

*20:38 *Wat Hom ... lewendes:* Rom 14:8-9

Vraag oor die Seun van Dawid

(Matt 22:41-46; Mark 12:35-37)

⁴¹ Jesus het hulle gevra: “Hoe kan daar gesê word dat die Christus^v die •Seun van Dawid is? ⁴² Dawid sê dan self in die *Psalms*,

“ ‘Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand^w
⁴³ totdat Ek jou vyande
'n •voetbank vir jou voete^x maak het.’^y”

⁴⁴ “Dawid noem Hom dus ‘Here’. Hoe kan Hy dan sy seun wees?”

Waarskuwing teen die skrifkenners

(Matt 23:1-36; Mark 12:38-40; Luk 11:37-54)

⁴⁵ Terwyl die hele volk luister, het Hy vir sy dissipels gesê: ⁴⁶ “Wees op julle hoede vir die skrifkenners! Hulle hou daarvan om met lang stolas^z rond te loop, en is lief daarvoor om op die markpleine begroet te word en die voorste sitplekke in die •sinagoges en die ereplekke by die feesmaaltye in te neem. ⁴⁷ Hulle verslind die huise van die weduwees, en vir die skyn bid hulle lang gebede. Hulle sal 'n swaarder oordeel ontvang.”

^v20:41 **Christus**: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^w20:42 **regterhand**: 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

^x20:43 **voetbank ... voete**: Dit dui op die onderwerping van die vyand.

^y20:42-43 **Die Here ... maak het**: Aanhaling deur Jesus uit Ps 110:1 as heenwysing na Homself; Matt 22:44; Mark 12:36; vgl Hand 2:34-35; 1 Kor 15:25; Heb 1:13.

^z20:46 **lang stolas**: 'n Lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Kleredrag.

21

Offergawe van die arm weduwee

(Mark 12:41-44)

¹ Jesus het opgekyk en gesien hoe die rykes hulle bydraes in die offergawekis gooi. ² Hy sien toe ook hoe 'n arm weduwee twee lepton^a ingooi, ³ en sê: “Waarlik, Ek sê vir julle: Hierdie weduwee, wat brandarm is, het meer ingegooi as hulle almal. ⁴ Want hulle het almal uit hulle oorvloed by die bydraes ingegooi, maar sy het, ten spyte van haar behoefte, alles ingegooi wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud.”*

Profetiese rede: Afbreek van die tempel

(Matt 24:1-2; Mark 13:1-2)

⁵ Terwyl sommige praat oor die tempelsterrein,^b oor die mooi stene en die gewyde geskenke waarmee dit versier is, het Jesus gesê: ⁶ “Dit wat julle hier sien — daar sal dae kom wanneer nie een klip op 'n ander gelaat word nie; alles sal afgebreek word.”*

Profetiese rede: Misleiding en oorloë

(Matt 24:3-14; Mark 13:3-13)

⁷ Hulle het Hom toe gevra: “Meester,^c wanneer sal hierdie dinge dan gebeur, en wat is die teken wat sal aandui wanneer dit gaan gebeur?”

^a21:2 *lepton*: Die kleinste Romeinse muntstuk; •Geldeenhede.

*21:3-4 *Waarlik ... lewensonderhoud*: 2 Kor 8:12

^b21:5 *tempelsterrein*: Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhewe.

*21:6 *nie een ... afgebreek word*: Luk 19:44

^c21:7 *Meester*: Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

⁸ Hy het geantwoord: “Pasop dat julle nie mislei word nie, want daar sal baie mense in my Naam na vore tree en sê, ‘Dit is ek!’ of ‘Die tyd is op hande!’* Moenie agter hulle aanloop nie. ⁹ Wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie vreesbevange raak nie, want hierdie dinge moet eers gebeur;* maar dit sal nie onmiddellik die einde wees nie.”

¹⁰ Verder het Hy ook vir hulle gesê: “Een nasie sal teen 'n ander nasie optrek, en een koninkryk teen 'n ander koninkryk.* ¹¹ Daar sal hewige aardbewings wees, en op een plek ná die ander sal daar hongersnood en epidemies uitbreek. Daar sal groot en skrikwekkende tekens uit die hemel kom. ¹² Maar voor al hierdie dinge oor julle kom, sal hulle julle gevange neem en julle vervolg. Hulle sal julle aan die •sinagoges oorlewer en in die tronke opsluit; hulle sal julle voor konings prokurotors^d sleep* ter wille van my Naam. ¹³ Dit sal vir julle 'n geleentheid wees om te getuig. ¹⁴* Neem julle dan voor om nie vooraf na te dink oor julle verdediging nie, ¹⁵* want Ek sal julle die woorde en wysheid gee wat nie een van julle teenstanders sal kan weerstaan of weerlê nie. ¹⁶* Julle sal selfs deur julle ouers, broers, familie en vriende uitgelewer word, en hulle sal sommige van julle doodmaak. ¹⁷ Julle sal ook deur almal gehaat word ter wille van my Naam. ¹⁸* Daar sal beslis geen haar van julle koppe val nie. ¹⁹ Red julle lewens deur te volhard.”

*21:8 *Die tyd ... hande:* Dan 7:22; Fil 4:5

*21:9 *want ... gebeur:* Dan 2:28

*21:10 *Een ... ander koninkryk:* Jes 19:2; 2 Kron 15:6

^d21:12 **prokurotors:** Amptenare wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

*21:12 *Hulle sal julle ... sleep:* Matt 10:18; Luk 12:11

*21:14-15 Matt 10:19; Luk 12:11-12; Hand 6:10

*21:15 Hand 6:10

*21:16-18 Matt 10:21-22

*21:18 1 Sam 14:45; Luk 12:7

Profetiese rede: Die groot verdrukking

(Matt 24:15-22; Mark 13:14-20)

²⁰ “Wanneer julle sien dat Jerusalem deur leërs omsingel is, moet julle weet dat haar^e verwoesting naby is. ²¹ Dan moet hulle wat in Judea is, na die berge vlug, en hulle wat binne die stad self is, moet uitgaan, en hulle wat op die platteland is, moet die stad nie binnegaan nie; ²² want daardie dae is dae van vergelding,* sodat alles wat geskryf is, vervul sal word. ²³ Ellende wag op hulle wat in daardie dae swanger is en borsvoed, want daar sal groot nood* in die land wees en straf vir hierdie volk. ²⁴ Hulle sal val deur die skerpte van die swaard* en as gevangenes na al die nasies weggevoer word,* en Jerusalem sal deur die nasies vertrap word*, totdat die bestemde tyd van die nasies vervul is.*”

Profetiese rede: Koms van die Seun van die Mens

(Matt 24:23-31; Mark 13:21-27)

²⁵ “Dan sal daar tekens wees in die son en die maan en die sterre,* en op die aarde sal die nasies beangs en verward wees oor die gedreun en hoë golwe van die see.* ²⁶ Mense sal flou val van vrees en vermoedens oor

^e21:20 *haar*: In destydse tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel; vgl Jerusalem (dogter van Sion), Babilon, Rome.

*21:22 *dae ... vergelding*: Deut 32:35; Hos 9:7; Jer 46:10

*21:23 *groot nood*: 1 Kor 7:26

*21:24 *Hulle ... swaard*: Jer 21:7; Sir 28:18

*21:24 *Hulle ... weggevoer word*: Esra 9:7

*21:24 *Jerusalem ... vertrap word*: Sag 12:3 •Septuagint; Ps 79:1; Jes 63:18; Dan 9:26; 1 Mak 3:45,51

*21:24 *totdat ... vervul is*: Dan 12:7; Tob 14:5; Rom 11:26; Op 11:2

*21:25 *tekens ... sterre*: Jes 13:10; 34:4; Eseg 32:7; Joël 2:30-31; Op 6:2-13

*21:25 *nasies ... see*: Ps 46:3-4; 65:8; Jes 24:19 •Septuagint ; Wys 5:22

wat die wêreld gaan tref, want die kragte van die hemele^f sal geskud word.* ²⁷ En dan sal hulle ‘die •Seun van die Mens op 'n wolk sien kom’* met krag en groot heerlijkheid.^g ²⁸ Wanneer hierdie dinge begin gebeur, staan dan op en lig julle koppe, want julle bevryding is naby.”*

Profetiese rede: Les van die vyeboom

(Matt 24:32-35; Mark 13:28-31)

²⁹ Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel: “Kyk na die vyeboom en al die ander bome. ³⁰ Wanneer hulle reeds bot, merk julle dit self op en weet dat die somer naby is. ³¹ So moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat die •koninkryk van God naby is. ³² •Amen, Ek sê vir julle: Hierdie geslag sal beslis nie tot 'n einde kom voordat al hierdie dinge gebeur het nie. ³³ *Die hemel en die aarde sal tot 'n einde kom, maar my woorde sal beslis nie tot 'n einde kom nie.

³⁴ * “Wees op julle hoede dat julle harte nie belas word deur oormatige gefuif en dronkenskap en die bekommernisse van die lewe, en daardie dag julle onverwags betrap* ³⁵ * soos 'n valstrik nie. Want dit sal oor almal kom wat op die hele aarde woon. ³⁶ Wees te alle tye waaksaam*, en bid

^f**21:26 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheem en die derde hemel waar God woon.

***21:26 kragte ... geskud word:** Hag 2:6,21

***21:27 Seun ... kom:** Dan 7:13; Matt 26:64; Op 1:7

^g**21:27 Seun ... heerlijkheid:** Aanhaling deur Jesus uit Dan 7:13-14 as heenwysing na Homself; vgl Matt 16:27; 26:64; Mark 14:62; Op 1:7.

***21:28 julle bevryding is naby:** Rom 13:1 *Henog* 51:2 •Pseudepigrawe

***21:33** Luk 16:17

***21:34** Matt 24:48-50; Luk 17:27

***21:34 daardie ... betrap:** 1 Thess 5:3

***21:35** Jes 24:17

***21:36 Wees ... waaksaam:** Mark 13:33

dat julle in staat sal wees om al hierdie dinge wat gaan gebeur te ontvlug, en voor die •Seun van die Mens te kan staan.”*

³⁷ Jesus het bedags op die tempelterrein onderrig gegee,* maar snags het Hy uitgegaan om op die Olyfberg te oornag.* ³⁸ En die hele volk het vroeg opgestaan om op die tempelterrein na Hom te gaan luister.

22

Sameswering teen Jesus

(Matt 26:2-5,14-16; Mark 14:1-2,10-11; Joh 11:47-53)

¹ Dit was amper tyd vir die Fees van die Ongesuurde Brood,^h bekend as die Pasga.ⁱ ² Die leierpriesters en die skrifkenners het bly soek na 'n geskikte manier om Hom dood te maak, omdat hulle bang was vir die volk.

³ *Satan^j het in Judas, wat Iskariot genoem is, een van die twaalf,* ingevaar. ⁴ Hy het weggegaan en met die leierpriesters en die bevelvoerders van die tempelwag onderhandel oor hoe hy Hom aan hulle kon oorlewer. ⁵ Hulle was bly, en het afgespreek om hom geld te

*21:36 voor ... staan: Op 6:17

*21:37 Jesus ... gegee: Luk 19:47

*21:37 maar ... oornag: Luk 22:39

^h22:1 **Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israëliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

ⁱ22:1 **Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

*22:2 Matt 21:46; Mark 12:12; 14:1-2; Luk 19:47-48; 20:19; Joh 5:18; 7:30

*22:3 Joh 13:2,27

^j22:3 **Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

*22:3 Judas ... twaalf: Hand 1:17

gee. ⁶ Hy het ingestem, en aanhou soek na 'n gepaste geleentheid om Hom aan hulle oor te lewer in die afwesigheid van die skare.

Voorbereiding vir die Pasga

(Matt 26:17-19; Mark 14:12-16)

⁷ Die dag van die Ongesuurde Brood,^k waarop die Pasgalam geslag moes word,^{*} het aangebreek. ⁸ Jesus stuur toe vir •Petrus en Johannes, met die woorde: “Gaan berei vir ons die Pasga^l voor, sodat ons dit kan eet.”^{*}

⁹ Hulle het vir Hom gevra: “Waar wil U hê moet ons voorbereidings tref?” ¹⁰ En Hy antwoord hulle: “Kyk, sodra julle die stad binnegaan, sal 'n man wat 'n kruik water dra, julle tegemoetkom. Volg hom na die huis waar hy ingaan, ¹¹ en sê vir die eienaar van die huis, ‘Die Leermeester vra u: “Waar is die gastekamer waar Ek die Pasga saam met my dissipels moet eet?” ’ ¹² Hy sal vir julle 'n groot bokamer wys wat reeds ingerig is. Daar moet julle voorbereidings tref.” ¹³ Hulle het vertrek en dit net so aangetref soos Hy vir hulle gesê het.^{*} En hulle het die Pasga voorberei.

Instelling van die Nagmaal

(Matt 26:20,23-28; Mark 14:17,20-25; Joh 13:21-26; 1 Kor 11:23-25)

¹⁴ Toe die uur aanbreek, het Hy en die •apostels saam met Hom vir ete aangeleun.^m ¹⁵ Toe sê Hy vir hulle: “Ek het van harte begeer om hierdie

^k**22:7 Ongesuurde Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Nisan. In daardie sewe dae moes die Israeliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

^{*}**22:7 Die dag ... word:** Eks 12:6,14-15

^l**22:8 Pasga:** Vgl voetnoot in 22:1

^{*}**22:8 Gaan ... eet:** Eks 12:8-11

^{*}**22:13 Hulle ... gesê het:** Luk 19:32

^m**22:14 vir ete aangeleun:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

Pasgaⁿ saam met julle te eet voordat Ek ly. ¹⁶ Want Ek sê vir julle, Ek sal dit beslis nie weer eet totdat dit vervul is in die •koninkryk van God nie.*¹⁷ Daarna het Hy 'n beker geneem, en nadat Hy gedank het, gesê: “Neem dit, en deel dit onder mekaar. ¹⁸ Want Ek sê vir julle, van nou af sal Ek beslis nie weer van die vrug van die druiwestok drink totdat die koninkryk van God gekom het nie.” ¹⁹ En Hy het brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy dit, en gee dit vir hulle,* en sê: “Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Doen dit om My in herinnering te bring.” ²⁰ So ook met die beker ná die ete, met die woorde: “Hierdie beker, wat ter wille van julle uitgegiet word, is die nuwe verbond deur my bloed.^{o*} ²¹ Maar kyk, die hand van die een wat My gaan verraai, is saam met My aan tafel.* ²² Want met die •Seun van die Mens sal dit gaan soos wat dit bepaal is, maar ellende wag op daardie man deur wie Hy verraai word.” ²³ *Hulle het mekaar toe begin afvra wie van hulle dit tog sou wees wat so iets sou doen.

Ware grootheid

(*Matt 20:24-28; 19:28; Mark 10:41-45; 9:35; Joh 13:4-5,12-17*)

²⁴ Daar het toe 'n twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word.* ²⁵ *Maar Hy sê vir hulle: “Die konings

ⁿ22:15 *Pasga*: Vgl voetnoot in 22:1.

*22:16 *Ek sal ... God nie*: Luk 13:29

*22:19 *Hy het ... vir hulle*: Luk 24:30; Hand 27:35

^o22:19-20 *Doen dit ... bloed*: Sommige mss laat vs 19b-20 weg, maar daar is sterker teksgetuïenis vir die behoud daarvan.

*22:20 *nuwe ... bloed*: Eks 24:8; Jer 31:31; 32:40; Sag 9:11

*22:21 *die hand ... tafel*: Ps 41:10; Joh 13:21

*22:23 Joh 13:22

*22:24 *wie ... word*: Matt 18:1; Mark 9:34; Luk 9:46

*22:25-27 Matt 20:25-27; Mark 10:42-44

van die nasies heers oor hulle, en diegene wat gesag oor hulle het, word weldoeners genoem. ²⁶ Julle is egter nie so nie. Maar laat die belangrikste onder julle wees soos die geringste, en die een wat leiding gee, soos iemand wat dien.* ²⁷ *Want wie is belangriker, die een wat aan tafel aanleun^p, of die een wat bedien? Is dit nie die een aan tafel nie? Ek, egter, is tussen julle soos iemand wat dien.

²⁸ “Julle is die mense wat deur al my beproewinge steeds by My gebly het. ²⁹ *Ek bemaak aan julle 'n koninkryk, net soos my Vader dit aan My bemaak het, ³⁰ sodat julle in my koninkryk aan my tafel kan eet en drink, en op trone kan sit om reg te spreek oor die twaalf stamme van Israel.*”

Waarskuwing aan Petrus

(*Matt 26:31-35; Mark 14:27-31; Joh 13:36-38*)

³¹ “Simon, Simon! Kyk, Satan^q het daarop aangedring om julle* soos koring te sif.* ³² Maar Ek het vir jou gebid, sodat jou geloof nie sal wankel nie. En wanneer jy eendag tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk.” ³³ •Petrus het egter vir Hom gesê: “Here, ek is bereid om saam met U die tronk en die dood binne te gaan.”* ³⁴ Maar Jesus sê: “Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vandag nie kraai voordat jy drie maal ontken het dat jy My ken nie.*”

*22:26 Maar ... dien: Matt 23:11; Mark 9:35

*22:27 Joh 13:4-16

^p22:27 aan ... aanleun: Vgl die voetnoot in 22:14.

*22:29 Luk 19:32

*22:30 op trone ... Israel: Matt 19:28

^q22:31 Satan: Vgl die voetnoot in 22:3.

*22:31 Satan ... julle: 2 Kor 2:11

*22:31 soos ... sif: Am 9:9

*22:33 Here ... gaan: Luk 22:54

*22:34 die haan ... ken nie: Luk 22:61

³⁵ Daarna het Hy vir hulle gesê: “Toe Ek julle uitgestuur het sonder beursie, reissak^f en sandale,^{*} het julle iets kortgekom?” “Niks nie!” antwoord hulle. ³⁶ Toe sê Hy vir hulle: “Wie nou egter 'n beursie besit, moet dit saamneem, en so ook 'n reissak. En wie nie 'n swaard het nie, moet sy bokleed verkoop en een koop.^{*} ³⁷ Want Ek sê vir julle, hierdie Skrifwoord moet in My vervulling vind, ‘Hy is saam met die wetteloses gereken.’^s Want die woorde wat op My betrekking het, word inderdaad nou voltrek.” ³⁸ Hulle sê toe: “Here, kyk hier is twee swaarde.” Hy sê vir hulle: “Dit is genoeg.”

Jesus in Getsemane

(Matt 26:36-41; Mark 14:32-38)

³⁹ *Hy het vertrek en, soos gewoonlik, na die Olyfberg gegaan.^{*} En die dissipels het Hom gevolg. ⁴⁰ Toe Hy by die plek aankom, sê Hy vir hulle: “Bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.”^{**} ⁴¹ Hy het toe 'n entjie van hulle af weggestap, ongeveer 'n klipgooi ver, gekniel en gebid: ⁴² “Vader, as U wil, neem hierdie beker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied.”^{***} ⁴³ Daar het 'n engel uit die hemel aan Hom verskyn en Hom versterk. ⁴⁴ Hy is deur intense angs oorval, en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos druppels bloed op die grond geval.^t ⁴⁵ Toe Hy ná

^f22:35 **reissak**: 'n Drasak gemaak van leer of weefstof.

^{*}22:35 *Toe ... sandale*: Matt 10:9-10; Mark 6:8-9; Luk 9:3; 10:4

^{*}22:36 *En wie nie ... koop*: Luk 22:49

^s22:37 **Hy is ... gereken**: Aanhaling deur Jesus uit Jes 53:12 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is; vgl Luk 12:50.

^{*}22:39 Joh 18:1

^{*}22:39 *Hy ... gegaan*: Luk 21:37

^{*}22:40 *Bid ... kom nie*: Luk 22:46

^{*}22:42 *Laat ... geskied*: Matt 6:10

^t22:43-44 **Daar het 'n ... grond geval**: Baie mss laat vs 43-44 weg maar dit word behou in erkenning van die hoë ouderdom en die waarde daarvan vir die tekstradisie.

sy gebed opstaan, gaan Hy na sy dissipels, en vind hulle van droefheid aan die slaap. ⁴⁶ En Hy het vir hulle gesê: “Waarom slaap julle? Staan op en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.*”

Jesus gevange geneem

(Matt 26:47-56; Mark 14:43-49; Joh 18:3-11)

⁴⁷ Jesus was nog besig om te praat, toe kom daar skielik 'n menigte aan, en die man wat Judas genoem word, een van die twaalf, het voor hulle uit geloop en nader gekom na Jesus om Hom te soen. ⁴⁸ Maar Jesus sê vir hom: “Judas, is dit met 'n soen dat jy die •Seun van die Mens oorlewer?” ⁴⁹ Toe diegene wat saam met Hom was, sien wat gaan gebeur, sê hulle: “Here, moet ons hulle met die swaard aanval?*” ⁵⁰ *Daarop het een van hulle die slaaf van die hoëpriester getref, en sy regteroor afgekap. ⁵¹ Maar Jesus het gesê: “Hou op daarmee!” Hy het die oor aangeraak en die man genees. ⁵² Jesus het toe vir die leierpriesters en die bevelvoerders van die tempelwag en die familiehoofde wat teen Hom opgetrek het, gesê: “Het julle met swaarde en knuppels uitgetrek soos teen 'n rower? * ⁵³ Ek was daaglik saam met julle op die tempelterrein,^{u*} en tog het julle nie 'n hand op My gelê nie;* maar dit is julle uur — nou regeer die duisternis.”*

*22:46 *bid ... kom nie:* Luk 22:40

*22:49 *moet ... aanval:* Luk 22:36

*22:50 Joh 18:26

*22:52 *Het julle ... rower:* Luk 22:37

^u22:53 *tempelterrein:* Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

*22:53 *Ek ... tempelterrein:* Luk 19:47; 21:37

*22:53 *en tog ... gelê nie:* Joh 7:30; 8:20

*22:53 *regeer die duisternis:* Kol 1:13

Verloëning deur Petrus

(Matt 26:57-58,67-75; Mark 14:53-54,65-72; Joh 18:13-18,25-27)

⁵⁴ Nadat hulle Jesus gevange geneem het, het hulle Hom weggelei en die hoëpriester se ampswoning binnegelei. •Petrus het op 'n afstand gevolg.*
⁵⁵ Hulle het 'n vuur in die middel van die voorhof aangesteek en daar by mekaar gaan sit, met Petrus tussen hulle. ⁵⁶ Toe 'n sekere diensmeisie hom daar in die lig van die vuur sien sit, het sy na hom gekyk en gesê: “Hy was ook saam met Hom.” ⁵⁷ Maar hy het dit ontken: “Ek ken Hom nie, vrou!” ⁵⁸ 'n Rukkie later het iemand anders hom opgemerk en gesê: “Jy is ook een van hulle.” Maar Petrus sê: “Man, ek is nie!” ⁵⁹ Ná ongeveer 'n uur het iemand anders daarop aangedring en gesê: “Sowaar, ook hy was saam met Hom, want hy is ook 'n Galileër!” ⁶⁰ Maar Petrus sê: “Man, ek weet nie waarvan jy praat nie.” En dadelik, terwyl hy nog besig was om te praat, het 'n haan gekraai. ⁶¹ Die Here het omgedraai en stip na Petrus gekyk, en Petrus het die woorde van die Here onthou, dat Hy vir hom gesê het: “Voordat 'n haan vandag kraai, sal jy My drie maal verloën.”* ⁶² En hy het na buite gegaan en bitterlik begin huil.

⁶³ Die manne wat Hom gevange gehou het, was besig om die spot met Hom te dryf en Hom te slaan. ⁶⁴ Hulle het Hom geblinddoek en vir Hom gesê: “Toe, profeteer! Wie het u geslaan?” ⁶⁵ En hulle het aangehou om Hom nog baie ander beledigende dinge toe te voeg.

Jesus voor die Sanhedrin

(Matt 27:1; 26:63-65; Mark 15:1; 14:61-64; Joh 18:19-24)

⁶⁶ Teen dagbreek het die Raad van Familiehoofde byeengekom, die leierpriesters en skrifkenners, en hulle het Hom na hulle Sanhedrin^v

* **22:54** Petrus ... gevolg: Luk 22:33

* **22:61** Voordat ... verloën: Luk 22:34

^v**22:66** **Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

weggelei. ⁶⁷ Hulle het gesê: “As jy die Christus^w is, sê dit vir ons.”* Maar Hy sê vir hulle: “As Ek dit vir julle sê, sal julle My beslis nie glo nie.* ⁶⁸ En as Ek 'n vraag vra, sal julle beslis nie antwoord nie. ⁶⁹ Maar van nou af sal ‘die •Seun van die Mens sit aan die regterhand^x van God, die Magtige.’^y”⁷⁰ Toe vra hulle almal: “Is jy dus die •Seun van God?”* En Hy antwoord hulle: “Dit is julle wat sê dat Ek is.” ⁷¹ Daarop sê hulle: “Waarom het ons enige verdere getuienis nodig? Want ons het dit self uit sy mond gehoor!”

23

Jesus voor Pilatus

(*Matt 27:1-2,11-14; Mark 15:1-5; Joh 18:28,33-38*)

¹ Toe het die hele menigte opgestaan en Hom na •Pilatus gelei. ² Hulle het Hom begin aankla en gesê: “Ons het vasgestel dat hierdie man ons volk op 'n dwaalweg lei, en hulle daarvan weerhou om belasting aan die keiser* te betaal, terwyl hy van homself gesê het hy is die Gesalfde — 'n koning.”

³ *Pilatus vra toe vir Hom: “Is u die koning van die Jode?” En Hy antwoord: “U sê dit.” ⁴ Daarop sê Pilatus aan die leierpriesters en die

^w**22:67 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’, en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^{*}**22:67** As jy ... ons: Joh 10:24

^{*}**22:67** As Ek ... glo nie: Joh 3:12; 8:45

^x**22:69 regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

^y**22:69 die Seun ... Magtige:** Aanhaling deur Jesus uit Ps 110:1 as heenwysing na Homself; vgl Hand 7:56.

^{*}**22:70** Is ... God: Matt 4:3,6; Luk 4:3,9

^{*}**23:2** belasting ... keiser: Luk 20:25

^{*}**23:3** 1 Tim 6:13

skare: “Ek vind geen skuld in hierdie mens nie.”⁵ Maar hulle het aangedring: “Hy sweep die volk dwarsdeur die hele Judea op met sy lering, vandat hy in Galilea begin het tot hier.”

Jesus voor Herodes

⁶ Toe •Pilatus dit hoor, vra hy of die man 'n Galileër is, ⁷ en toe hy besef dat Hy afkomstig is uit die magsgebied van Herodes,^{z*} het hy Hom na Herodes gestuur, wat self juis in daardie tyd in Jerusalem was. ⁸ Toe Herodes Jesus sien, was hy baie bly, want hy wou Hom al 'n geruime tyd te siene kry, omdat hy van Hom gehoor het en gehoop het om een of ander teken te sien wat deur Hom gedoen word.^{*} ⁹ Hy het Hom uitvoerig ondervra, maar Jesus het hom glad nie geantwoord nie. ¹⁰ Die leierpriesters en die skrifkenners het daar gestaan en Hom hewig beskuldig. ¹¹ Herodes, en ook sy soldate, het Hom met minagting behandel en Hom bespot. Hulle het vir Hom 'n deftige kleed aangetrek en Hom na Pilatus teruggestuur. ¹² Juis op dié dag het Herodes en Pilatus, wat vroeër vyandiggesind teenoor mekaar was, vriende geword.

Jesus ter dood veroordeel

(Matt 27:15-23,26; Mark 15:6-15; Joh 18:39-40; 19:15-16)

¹³ •Pilatus het die leierpriesters, die volksleiers en die volk bymekaargeroep ¹⁴ en vir hulle gesê: “Julle het hierdie man voor my gebring as iemand wat die volk op 'n dwaalweg lei. En kyk, ek het hom in julle teenwoordigheid verhoor, en kon hierdie man nie skuldig bevind op enige van die aanklagte wat julle teen hom inbring nie. ¹⁵ En Herodes^a

^z23:7 **Herodes:** Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC tot 39 nC.

*23:7 uit ... **Herodes:** Luk 3:1

*23:8 want hy wou ... **gedoen word:** Luk 9:9

^a23:15 **Herodes:** Vgl die voetnoot in 23:7.

kon ook nie, want hy het hom na ons teruggestuur. Hy het inderdaad niks gedoen wat die dood verdien nie. ¹⁶ Ek gaan hom dus laat gesel en dan vrylaat.”^b ¹⁸ Maar hulle het almal saam geskreeu: “Weg met hom! Laat Barabbas vir ons vry!” ¹⁹ Hy was in die tronk gegooi as gevolg van 'n oproer in die stad, en vir moord. ²⁰ Pilatus het hulle weer aangespreek, omdat hy Jesus wou vrylaat. ²¹ Maar hulle het aanhou skreeu: “Kruisig, kruisig hom!” ²² Vir 'n derde maal het hy vir hulle gesê: “Watter kwaad het hy dan gedoen? Ek het niks gevind waarvoor hy die dood verdien nie. Ek gaan hom dus laat gesel en dan vrylaat.” ²³ Maar hulle het luidkeels aangehou om te eis dat Hy gekruisig word, en hulle geskreeu het die oorhand gekry. ²⁴ Pilatus het daarom besluit om aan hulle eis te voldoen. ²⁵ Hy het die man laat gaan wat vir oproer en moord in die tronk gegooi is, die een vir wie se vrylating hulle gevra het. Maar Jesus het hy aan hulle wil oorgelewer.

Kruisiging van Jesus

(*Matt 27:32-44; Mark 15:21-32; Joh 19:17-27*)

²⁶ Toe die soldate Jesus weglei, het hulle 'n sekere Simon van Sirene gegryp wat van die platteland af gekom het. Hulle het die kruis op sy rug gesit om dit agter Jesus aan te dra. ²⁷ 'n Groot menigte van die volk het Hom gevolg, en ook vroue wat aanhoudend op hulle bors slaan^c en oor Hom weeklaag. ²⁸ Jesus het na hulle gedraai en gesê: “Dogters van Jerusalem, moenie oor My huil nie. Huil liewer oor julleself en oor julle kinders, ²⁹ want kyk, daar kom dae wanneer mense sal sê, ‘Gelukkig is diegene wat onvrugbaar is, en die moederskoot wat nie 'n kind in die

^b**23:16 en dan vrylaat:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ¹⁷ “Die prokurator was verplig om by die fees vir hulle een gevangene los te laat”; vgl Matt 27:15; Mark 15:6. Dit ontbreek egter in die •bronteks.

^c**23:27 op ... slaan:** As teken van rou.

wêreld gebring het nie, en die borste wat nie kinders gevoed het nie.’*

³⁰ “Dan sal hulle aan die berge begin sê,
‘Val op ons!’
en aan die heuwels,
‘Bedek ons!’”*

³¹ “Want as hulle dit aan die groen hout doen, wat sal nie met die droë hout gebeur nie?”

³² Saam met Jesus is ook twee ander misdadigers weggelei om tereggestel te word. ³³ Toe hulle by die plek kom wat •Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar gekruisig — so ook die misdadigers, een aan sy regterhand en een aan sy linkerhand.^d ³⁴ Toe sê Jesus: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”^e Hulle het sy boklere verdeel deur daarvoor te loot.^f ³⁵ Die volk het gestaan en toekyk. Die volksleiers het aangehou om smalend te sê: “Ander het hy gered, laat hy homself red as hy die Christus^g van God, die Uitverkorene, is!” ³⁶ Ook die soldate het met Hom die spot gedryf^h, terwyl hulle naderstaan en vir

***23:29** *Gelukkig ... het nie:* Luk 21:33

***23:30** *sal hulle ... Bedek ons:* Hos 10:8; Op 6:16

^d**23:33** *het hulle ... linkerhand:* Verwys na Jes 53:12 as heenwysing na Jesus Christus.

^e**23:34** *Vader ... doen nie:* Verwys na Jes 53:12 as heenwysing na Jesus Christus. Baie mss laat hierdie woorde weg maar dit word behou in erkenning van die hoë ouderdom en die waarde daarvan vir die tekstradisie; vgl Matt 5:44; Hand 7:60.

^f**23:34** *Hulle het ... loot:* Verwys na Ps 22:19 as heenwysing na Jesus Christus.

^g**23:35** *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^h**23:35-36** *Die volk ... spot gedryf:* Verwys na Ps 22:8-9 as heenwysing na Jesus Christus.

Hom suur wyn aanbiedⁱ, ³⁷ met die woorde: “As jy die koning van die Jode is, red jouself!” ³⁸ Bokant Hom was daar ook 'n opskrif:

“Hy is die koning van die Jode.”

³⁹ Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom aanhoudend gelaster en gesê: “Jy is mos die Christus, of hoe? Red jouself, en ons!”

⁴⁰ Die ander een het hom egter bestraf en gesê: “Het jy nie ontsag vir God nie? Jy ondergaan per slot van sake dieselfde straf! ⁴¹ In ons geval is dit regverdig — ons word tereg gestraf vir wat ons gedoen het. Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie.” ⁴² Hy sê toe: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.”* ⁴³ Jesus het hom geantwoord: “•Amen, Ek sê vir jou, vandag^j sal jy saam met My in die paradys wees.”

Jesus sterf

(*Matt 27:45,50-51,54-55; Mark 15:33,37-40; Joh 19:25,28-30*)

⁴⁴ Dit was ongeveer die sesde uur, en duisternis het oor die hele aarde^k toegesak tot die negende uur.¹ ⁴⁵ Die son is verduister*, en die tempelgordyn in die heiligdom* is in twee geskeur. ⁴⁶ Met 'n harde stem het Jesus uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor!”^m Nadat Hy

ⁱ23:36 *vir ... aanbied*: Verwys na Ps 69:22 as heenwysing na Jesus Christus.

*23:42 *wanneer ... kom*: Matt 16:28

^j23:43 *Amen ... vandag*: Kan ook vertaal word “Amen, Ek sê vandag vir jou ... ”

^k23:44 *hele aarde*: Kan ook vertaal word “hele land”.

^l23:44 *sesde uur ... negende uur*: Volgens Westerse tydsbepaling vanaf 12:00 tot 15:00; •Tydsindeling.

*23:44-45 *ongeveer ... verduister*: Am 8:9

*23:45 *die tempelgordyn ... heiligdom*: Eks 26:31-33; 36:35

^m23:46 *in u ... oor*: Aanhaling deur Jesus uit Ps 31:6 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is; vgl Hand 7:59.

dit gesê het, het Hy sy asem uitgeblaas. ⁴⁷ Die *hekatontarg*ⁿ het gesien wat gebeur het, en God geloof en gesê: “Waarlik, hierdie man was onskuldig!” ⁴⁸ Die hele skare wat vir hierdie skouspel bymekaargekom en gesien het wat gebeur, het teruggegaan, terwyl hulle op hulle bors slaan.^o ⁴⁹ Al sy kennisse en ook die vroue wat Hom van Galilea af gevolg het,^{*} het op 'n afstand bly staan^p en hierdie dinge gesien.

Jesus in die graf

(*Matt 27:57-61; Mark 15:42-47; Joh 19:38-42*)

⁵⁰ En kyk, daar was ook 'n man met die naam Josef, 'n lid van die Raad,^q 'n goeie en •regverdige man. ⁵¹ Hy het nie met hulle besluit en optrede saamgestem het nie. Hy was afkomstig van die Joodse dorp^r Arimatea, en het uitgesien na die •koninkryk van God.^{*} ⁵² Hy het na •Pilatus gegaan en Jesus se liggaam gevra. ⁵³ Nadat hy die liggaam afgehaal het, het hy dit in linnedoeke toegedraai en Hom neergelê in 'n rotsgraf waarin daar nog nooit iemand neergelê is nie.^{*} ⁵⁴ Dit was die Voorbereidingsdag^s, en die Sabbat het al begin aanbreek. ⁵⁵ Die vroue wat saam met Hom uit Galilea gekom het,^{*} het hom gevolg en die graf gesien, en ook hoe sy liggaam neergelê is.

ⁿ**23:47 hekatontarg:** 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

^o**23:48 op ... slaan:** As teken van rou; vgl Luk 18:13.

^{*}**23:49 vroue ... gevolg het:** Luk 8:2; 23:55

^p**23:49 Al sy ... staan:** Verwys na Ps 38:12; 88:9 as heenwysings na Jesus Christus.

^q**23:50 Raad:** •Sanhedrin.

^r**23:51 dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^{*}**23:51 het uitgesien ... God:** Luk 2:25,38

^{*}**23:53 waarin ... is nie:** Luk 19:30

^s**23:54 Voorbereidingsdag:** 'n Dag van voorbereiding voor 'n feesdag (in hierdie geval die Sabbat). Hierdie •Voorbereidingsdag het dus op 'n Vrydag geval.

^{*}**23:55 Die vroue ... gekom het:** Luk 8:2; 23:49

⁵⁶ Daarna het hulle teruggekeer huis toe, en geurige speserye en salf gaan voorberei. Op die Sabbat het hulle gerus, soos die gebod voorskryf.*

24

Opwekking van Jesus

(Matt 28:1-10; Mark 16:1-8; Joh 20:1-10)

¹ Teen dagbreek, op die eerste dag van die week,^t het hulle na die graf gegaan met die geurige speserye wat hulle voorberei het. ² Hulle het ontdek dat die klip van die graf weggerol was; ³ en toe hulle ingaan, het hulle die Here Jesus se liggaam nie gekry nie. ⁴ Hulle was verward hieroor, maar skielik het daar twee mans met glansende klere by hulle gestaan.* ⁵ Hulle was verskrik* en het hulle gesigte na die grond toe gedraai, en die mans het vir hulle gesê: “Waarom soek julle die lewende by die dooies? ⁶ Hy is nie hier nie, maar is opgewek! Onthou wat Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galilea was, ⁷ * “Die •Seun van die Mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan.’ ” ⁸ * Hulle het toe sy woorde onthou ⁹ en van die graf af teruggedraai, en al hierdie dinge aan die elf en al die ander gaan vertel. ¹⁰ Dit was Maria Magdalena^u en Johanna en Maria, die ma van

*23:56 *Op die ... voorskryf:* Eks 12:16; 20:10; Deut 5:14

^t24:1 *eerste ... week:* Letterlik ‘op die eerste van die Sabbatte’, dws Sondag; •Tydsindeling; vgl Joh 20:19; Hand 20:7; 1 Kor 16:2.

*24:4 *maar skielik ... gestaan:* 2 Mak 3:26; Hand 1:10

*24:5 *Hulle was verskrik:* Luk 2:9

*24:7 Matt 16:21; 17:22-23; 20:18-19; Mark 8:31; 9:31; 10:33-34; Luk 9:22; 17:25; 18:32-33; Hand 17:3

*24:8 Joh 2:22

^u24:10 **Maria Magdalena:** Die •bronteks noem haar deurgaans “Maria, die Magdaleense vrou,” dws ‘Maria, die vrou afkomstig uit Magdala’. Magdala is 'n dorpie aan die wesewer van die •See van Galilea.

Jakobus, en 'n paar ander vroue saam met hulle.* Hulle het hierdie dinge aan die •apostels vertel,¹¹ maar vir die apostels het hierdie woorde na leë praatjies geklink, en hulle het die vroue nie geglo nie.¹² •Petrus egter het opgestaan en na die graf gehardloop. Toe hy vooroor buk, sien hy net die linnedoeke. En hy het teruggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.

Jesus se verskyning op pad na Emmaus

¹³ En kyk, juis op dié dag was twee van hulle op pad na 'n dorp met die naam Emmaus, sestig *stadion*^v van Jerusalem af.¹⁴ Hulle het met mekaar gepraat oor al hierdie dinge wat gebeur het.¹⁵ *Terwyl hulle so praat en bespiegel, kom Jesus self nader en loop saam met hulle,¹⁶ maar hulle oë is verhinder om Hom te herken.¹⁷ Hy sê toe vir hulle: “Waaroor loop julle so met mekaar en redeneer?” Hulle het gaan staan, hulle gesigte somber.¹⁸ Een van hulle, met die naam Kleopas, het Hom geantwoord: “Is u die enigste •vreemdeling in Jerusalem wat nie weet van die dinge wat in hierdie dae in die stad gebeur het nie?”¹⁹ Hy vra hulle: “Watter dinge?” En hulle antwoord Hom: “Dit wat gebeur het met Jesus van Nasaret, 'n profeet,* magtig in woord en daad in die oë van God en die hele volk,²⁰ en hoe die leierpriesters en ons volksleiers Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word, en Hom laat kruisig het.²¹ Ons het bly hoop dat dit Hy is wat Israel gaan verlos.* Maar intussen is dit nou al die derde dag vandat dit gebeur het.²² *Sommige vroue uit ons geledere het ons boonop ontstel. Hulle was vanoggend vroeg by die graf,²³ en toe

*24:10 *Maria Magdalena ... met hulle:* Luk 8:2-3

^v24:13 **60 stadion:** Ongeveer 11 km; •Lengtemate.

*24:15 Matt 18:20; Mark 16:12

*24:19 *Jesus ... profeet:* Matt 21:11

*24:21 *Hy ... verlos:* Luk 1:68; 2:38

*24:22-23 Matt 28:1-8; Mark 16:1-8; Luk 24:1-11

hulle sy liggaam nie vind nie, het hulle kom vertel dat hulle 'n visioen gesien het van engele wat sê dat Hy leef. ²⁴ *n Paar van ons het na die graf gegaan en dit net so aangetref soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie.” ²⁵ Toe sê Hy vir hulle: “O, julle wat so sonder begrip is, met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gesê het!” ²⁶ Moes die Christus^w nie hierdie dinge ly* en in sy heerlikheid ingaan nie?” ²⁷ xHierna het Hy begin om al die Skrifte oor Hom, vanaf Moses en die Profete,^y vir hulle uit te lê.

²⁸ Toe hulle nader kom aan die dorpie waarheen hulle op pad was, het Jesus voorgegee dat Hy verder wil reis. ²⁹ Maar hulle het sterk by Hom aangedring: “Bly by ons, want dit is amper aand, en die dag is reeds verby.” Hy het toe ingedraai om by hulle oor te bly. ³⁰ *Terwyl Hy saam met hulle aan tafel aangeleun het,^z het Hy brood geneem, die seëngebed uitgespreek, dit gebreek en vir hulle gegee. ³¹ Toe is hulle oë geopen, en hulle het Hom herken. Hy het egter uit hulle sig verdwyn. ³² En hulle het vir mekaar gesê: “Was ons harte nie brandend in ons^a toe Hy met ons

*24:24 Joh 20:3-8

*24:25 *alles ... gesê het*: Luk 24:44

^w24:26 *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

*24:26 *Moes ... ly*: Matt 16:21; Mark 8:31; Luk 9:22; 17:25; Hand 17:3

*24:26 *in sy ... ingaan nie*: Joh 7:39; 12:16,23; 13:31-32; 17:1,5; Hand 3:13

^x24:27 Verwys na Deut 18:15; Ps 22:2-19; Jes 53 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Luk 24:44.

^y24:27 *Moses ... Profete*: Dit verwys waarskynlik na die eerste twee hoofdele van die Ou Testament; vgl Luk 16:16.

*24:30 Luk 22:19

^z24:30 *aan ... het*: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

^a24:32 *in ons*: Volgens die manuskripgetuienis is dit nie heeltemal seker of hierdie woorde oorspronklik deel van die bronteks was nie.

langs die pad gepraat en die Skrifte vir ons uitgelê het nie?”

³³ Hulle het onmiddellik opgestaan en na Jerusalem teruggekeer, waar hulle die elf, en die ander saam met hulle, bymekaar gevind het. ³⁴ *En hulle het gesê: “Die Here is werklik uit die dood opgewek en het aan Simon verskyn!” ³⁵ Hulle verduidelik toe wat op die pad gebeur het, en hoe Hy met die breek van die brood aan hulle bekend geword het.

Jesus se verskyning aan die dissipels

(Mark 16:14-15,19; Joh 20:19-23)

³⁶ Terwyl hulle nog besig was om oor hierdie dinge te praat, staan Hy self tussen hulle* en sê vir hulle: “Vrede vir julle!” ³⁷ *Verskrik en beangs, het hulle gedink dat hulle 'n gees sien. ³⁸ Maar Hy sê vir hulle: “Waarom is julle ontsteld, en waarom kom daar twyfel in julle harte op? ³⁹ Kyk na my hande en my voete, dit is Ek self! Vat aan my, en kyk, 'n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.” ⁴⁰ Nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en voete. ⁴¹ Omdat hulle dit van vreugde steeds nie kon glo nie en verbaas was, sê Hy vir hulle: “Het julle iets te ete hier?”* ⁴² *En hulle het Hom 'n stuk geroosterde vis gegee. ⁴³ Hy het dit geneem en dit voor hulle geëet.

⁴⁴ Daarna het Hy vir hulle gesê: “Dit was my woorde wat Ek tot julle gerig het toe Ek nog saam met julle was, dat alles wat in die •Wet van Moses en die Profete en die Psalms^b oor My geskryf is, vervul moet

***24:34** 1 Kor 15:4-5

***24:36** *staan ... hulle:* 1 Kor 15:5

***24:37** Matt 14:26

***24:41** *Het ... hier:* Joh 21:5

***24:42** Joh 21:9-10

^b**24:44** *Wet ... Psalms:* Dit dien as aanduiding van die drie hoofdele van die geskifte van die Ou Testament wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

word.*”⁴⁵ Daarop het Hy hulle verstand daarvoor geopen om die Skrifte te verstaan,⁴⁶ en vir hulle gesê: “So staan geskryf dat die Christus^c moet ly^d en op die derde dag uit die dood opstaan^e,⁴⁷ en dat in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies verkondig moet word.* Julle moet by Jerusalem begin,⁴⁸* en getuies van hierdie dinge wees.⁴⁹* En kyk, Ek sal die belofte van my Vader na julle stuur. Maar bly julle in die stad totdat julle met krag uit die hoogte toegerus word.”

Jesus se hemelvaart

(Mark 16:15,19; Hand 1:4-11)

⁵⁰ Daarna het Jesus hulle uit die stad gelei, tot by Betanië. Hy het sy hande opgehef en hulle geseën.⁵¹* Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan, en is in die hemel opgeneem.^f⁵² Hulle het Hom aanbid, en met groot blydskap* na Jerusalem teruggekeer.*⁵³ En hulle het God voortdurend in die •tempel bly prys.

*24:44 *alles ... vervul word*: Luk 18:31; 24:27

^c24:46 *Christus*: Vgl die voetnoot in 24:26.

^d24:46 *So ... ly*: Verwys na Jes 53 as heenwysing na Homself.

^e24:46 *op die derde ... opstaan*: Verwys na Hos 6:2 as heenwysing na Homself.

*24:47 *dat ... word*: 1 Tim 3:16

*24:48 Joh 15:27; Hand 1:8

*24:49 Joh 14:16; 15:26; 16:7; Hand 1:4

*24:51 Hand 1:9

^f24:51 *en is ... opgeneem*: Hierdie woorde kom nie voor in sekere ou mss nie maar verskyn wel in die meeste mss.

*24:52 *met ... blydskap*: Joh 14:28; 16:22

*24:52 *na ... teruggekeer*: Hand 1:12